## HOOFSTUK 8.

# Die ONDERWYSVRAAGSTUK

# in die Stryd

In sy smeekredes in *De Kerkbode* om tog 'n predikant te stuur om hulle in hulle nood te kom help, voer oud-ouderling Tjaart van der Walt onder andere aan dat dit met die onderwys van die kinders aller treurigs gesteld was en dat hulle in die saak geen hulp of aanmoediging van die predikant en kerkraad kry nie (Van der Walt, 24 Des. 1924).

Inderdaad was die onderwys aan die opgroeiende jeug van die Afrikaners 'n saak wat die leiers in Chubut baie hoofbrekens besorg het. Almal was bekommerd en besorg, maar uit die aard van hulle omstandighede, die wyd verspreidheid van die bevolking oor die provinsie, die feit dat daar nie werksvolk was wat die werk op die plase kon verrig nie en die kinders gevolglik van kleinsaf moes inspring en hulle plek in die boerdery volstaan, hul ekonomiese posisie, die feit dat hulle geen subsidie van die Argentynse owerheid sou ontvang vir onderwys in Christelik Nasionale sin nie, losiesprobleme, koue winters en ook die „ingeskape" verdeeldheid onder die Afrikaners, het hulle hande lamgelê.

Ds. Sonneveldt het in 1916 met 'n pragtige poging na vore gekom,* maar weens genoemde faktore het ook hierdie poging misluk (Van Norden, Junie 1929).

Dat die nood op die gebied groot was, spreek ook uit die feit dat ds. Sonneveldt vermeld, dat hy in die periode 1913–1932 ongeveer 400 kinders gedoop het (Sonneveldt, 24 Jan. 1933).

Hy vermeld dan verder dat elkeen sal verstaan „*dat de groote behoefte aan scholen zoo ongeveer in het jaar 1925 en volgende jaren het sterkst moest zijn*" (Ibid.). Nieteenstaande die mislukking van sy eerste poging het hy opnuut met 'n omvattende skema gekom waarvan die planne ook reeds

---

* Kyk Hoofstuk 2, p. 26.

gereed was om in die onderskeie wyke skole te stig. Hierdie skame sou by sy terugkeer uit Holland in werking gestel word (Ibid,).

Voor dit egter gerealiseer kon word, is die samewerking tussen die twee kerke verbreek tot groot droefheid van ds. Sonneveldt, veral met die oog op die onderwys in die kolonie. Ds. Sonneveldt skryf: *„Ieder kan nu verstaan, dat de toekomst van ons volk en met name het heil van de kinderen, afhing van de eenheid en de saamwerking der geheele Kolonie ...“* (Ibid.).

Dit was vir hom 'n vraag of die nodige samewerking op dié gebied verkry sou word.

## 1. DIE ONDERWYSSITUASIE IN 1926.

Aan die einde van 1924 skryf Tjaart van der Walt dat daar „vyf private dagskole" in die „Kolonie" is (Van der Walt, 24 Des. 1924).

In 1925 bevind ds. Luckhoff dat die enkele huisgesinne wat in Comodoro Rivadavia woon, van die „Goewermentskool" aldaar gebruik maak (alles Spaans en geen godsdiens nie) asook van 'n private Engelse skooltjie van 'n bekwame dame, mej. Cave. Die paar huisgesinne, wat in die olie-area woon, het hulle ook van die regeringskole bedien (Luckhoff, 1926, p. 49).

In sy rapport aan die Algemene Armsorgkommissie vermeld hy verder dat enkele kinders van Afrikaanse ouers reeds die Roomse skool bywoon en dat enkele welgestelde ouers hulle kinders na 'n Engelse skool in Buenos Aires gestuur het. Wat die „Kolonie" aanbetref, het hy in die omgewing van Sierra Victoria 'n sekere mnr. C. Verwey aangetref, 'n gekwalifiseerde onderwyser, wat vir baie jare 'n private skool gehad het en goeie werk gedoen het. Die skool was toe reeds gesluit (Ibid., p. 50).

Hy maak ook melding van 'n skool wat op die plaas van C.J.N. Visser begin is, maar wat later 'n regeringskool geword het. Met die vertrek van die gesin na Buenos Aires, is die skool ook gesluit.

Op die plaas van mnre. A. Kruger en G. Pelser het hy „private meesters" aangetref, maar die werk, skryf hy, was ook maar van tydelike aard (Ibid., p. 50).

Hy maak egter spesiale melding van die skooltjie op Sierra Victoria onder leiding van die jonge heer Tjaart van der Walt: *„Alles was daar maar baie*

*eenvoudig,"* skryf hy, *„maar tog is ek oortuig dat (daar) deeglik werk gedoen word"* (Ibid., p. 50). Aan die skooltjie is die kinders ook in Spaans onderrig (Ibid.).

Hy meld dat die skooltjie 11 leerlinge het en dat Van der Walt 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk in Chubut was (Ibid.).

*„Vir die res,"* so het hy verder geskryf, *„groei die grote meerderheid van die kinders op sonder skool en is hulle afhanklik vir hulle onderwys van die moeders"* (Ibid., p. 50).

Die onderwysvraagstuk was vir hom van soveel erns, dat, as dit nie opgelos kon word nie, hy van mening was *„hoe eerder uitverkoop en inpak, huistoe, Afrika toe, hoe beter! Ja, en liewer vandag as môre!"* (Ibid., p. 51).

Hy het die Afrikaners in Chubut verwyt dat hulle nie baie meer vir die onderwys gedoen het nie. *„Hoe moeilik ook,"* het hy geskryf, *„geloof ek vas dat hierdie probleem wel opgelos kan word. Dis 'n saak eenvoudig van moet!"* (Ibid., p. 51).

## 2. DS. LUCKHOFF SIT DIE WIEL AAN DIE ROL.

*„Daar is maar één oplossing, van die onderwys probleem in Chubut,"* skryf hy. *„Weens die moeilikhede is dit onmoontlik, behalwe in enkele gevalle, om die skool naar die kind te bring, en derhalwe moet 'n ander weg ingeslaan word, die kind moet naar die skool gebring word! Dit beteken, presies soos hier in dele van Suid-Afrika, die oprig, op geskikte sentrums, van koshuise, met skole daaraan verbind"* (Ibid., p. 52).

Hoe het hy gemeen dat dit gerealiseer moet word?

Tydens sy reis deur die „Kolonie" het hy die verantwoordelikheid van die ouers in dié opsig baie sterk beklemtoon (Ibid., p. 51).

Verder moes daar by die landsregering vir subsidie aansoek gedoen word.

Derdens het hy in die realisering hiervan *„'n skone kans vir samewerking tussen die twee Kerke"* gesien (Ibid., p. 52).

Maar sou die samewerking verkry word?

So pas is die samewerking verbreek. Boonop was hy van mening dat *„die hostels behoort kerklike inrigtinge te wees..."* (Ibid., p. 52).

Op sy terugreis het hy op 17 November 1925 'n ontmoeting met die Britse Minister, sir Malcolm Robertson, in Buenos Aires gehad oor die onderwys-aangeleentheid in Chubut (Luckhoff, 4 Jan. 1926).

Hy het sir Malcolm Robertson beloof om so spoedig moontlik 'n memorandum oor die aangeleentheid aan hom te stuur.

Die minister moes dien as 'n skakel tussen hulle en die Argentynse owerheid. Breedvoerig het hy sy voorstelle in verband met die „hostel-gedagte" aan die minister uiteengesit, *„and now the question is whether the Argentine Government will be sympathetic as regards such a scheme and whether it will be prepared to give monetary assistance in the form of grants"* (Ibid.). Sy gedagte was verder *„that the children of such Hostels will receive their education in a public school to be established in connection with such Hostels, where the medium of instruction will be spanish, in accordance with the requirements of the Argentine Education Department. If the Government could not allow Afrikaans to be taught in such schools, the D.R. Church which propose starting such Hostels, will naturally make provision for instruction in that language outside schoolhours"* (Ibid.).

Die uiteindelike versoek aan die Minister was om die aangeleentheid aan die „Minister of Public Instruction" van die Argentynse Owerheid voor te lê (Ibid.).

Dit blyk egter baie duidelik uit die memorandum dat dit 'n aksie van die „Ned. Geref. Kerk" is. Hy verwys ook spesifiek in die memorandum na ds. Sonneveldt wat vroeër die Afrikaners in Chubut bearbei het, maar tans *„predikant van 'n gemeente in Buenos Aires is," „but not associated with the D.R. Church of South Africa"* (Ibid.).

Terug in Suid-Afrika het ds. Luckhoff in die eerste plek aanbeveel dat die Kommissie vir die Algemene Armsorg *„'n ondersteuning gee van £24 vir die skool op Sierra Victoria, waar die jongeheer T.J. v.d. Walt ... onderwys gee en goeie werk doen..."* en *„dat die Kommissie sy sedelike steun voorlopig gee aan die voorneming om 'n koshuis in Chubut tot stand te bring waarvoor navraag tot ondersteuning deur representasies van die Britse Minister in Buenos Aires, by die regering gedoen word. Dat indien die res van die salaris plaaslik kan gevind word, die Kommissie 'n onderwyser vanjaar naar*

*Chubut sal stuur. Dat £50 vir die doel beskikbaar gestel sal word, en dat die Geref. Kerk alhier gevra word om ook £50 by te dra"* (Luckhoff, 1926, p. 57).

Wanneer ons die getal kinders wat onderwys moes ontvang in berekening bring en daarby dink dat daar geen fasiliteite bestaan het nie, dan kom die vraag onwillekeurig na vore: Wat kan met £50 verrig word? Wat sou een onderwyser aan die heersende toestand kon verander?

Dit blyk dat die Nederduits Gereformeerde kerk sy hoop dus grotendeels geplaas het op die Argentynse owerheid in die verwagting dat hulle die deur hulle voorgelegde voorstelle sou opvolg en sodoende in die behoefte op dié gebied voorsien.

Die aanbevelings van ds. Luclhoff is op 25 Februarie 1926 deur die Algemene Armsorgkommissie net so aanvaar (Ibid.).

Op die volgende vergadering van die Algemene Armsorgkommissie is daar melding gemaak dat die kerkraad van Pearston ingewillig het om hulle predikant, ds. Wasserfall, vir ses maande na Chubut te stuur. Direk hierna lees ons in die verslag van die vergadering: *„dis baie noodsaaklik dat ook 'n onderwyser gestuur word"* (*De Kerkbode,* 25 Aug. 1926, p. 248).

Wanneer die kommissie later op die aangeleentheid terugkom, verneem ons dat hulle die stuur van 'n onderwyser in die hande van die uitvoerende kommissie gelaat het, met opdrag *„om te wag op 'n skrywe of kabel van Ds. Wasserfall nadat hy geleentheid gehad het om sake te ondersoek en met die Waaksaamheidskomitee te onderhandel"* (Ibid.).

## 3. DS. WASSERFALL NEEM OOR.

Ds. Wasserfall het op 13 September 1926 na Chubut vertrek en daar gearbei tot 15 Januarie 1927 (Wasserfall, 1 Des. 1926).

In sy verslag aan die Nederduits Gereformeerde Kerkraad Chubut, rapporteer hy dat *„almal gaan akkoord met die plan om dadelik 'n onderwyser uit Suid-Afrika te laat kom"* (Wasserfall, 15 Jan 1927). Hy berig verder dat daar ook die som van minstens $1587 per jaar (d.i. ± £139 sterling) vir die salaris van sodanige onderwyse beloof is volgens lyste waarop hy laat teken het (Ibid.).

Hy het verder die entoesiasme van die kerkraad versterk deur daaraan toe

te voeg dat saam met die beloofde $1150 (d.i. £100) per jaar uit Suid-Afrika die bedrag dan op $2737 (£239) per jaar te staan sal kom vir die doel. Of die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika wel £50 sou bydra was op die stadium nog nie besluit nie.

Dat die kerkraad na aanleiding van hierdie gunstige stand van sake betreffende die finansiële aspek positief sou reageer, was 'n uitgemaakte saak, want die salaris van 'n onderwyser was in dié tyd ± £150 per jaar. Die vraag vir ds. Wasserfall was egter *„hoe om die beste gebruik van so 'n onderwyser uit Suid-Afrika te maak vir die hele Boere-Kolonie"* (Ibid.). Vir hom was daar twee moontlikhede:

a) Een groot, sentrale kosskool wat êrens in die „Kolonie" opgerig moet word. Hy het voorkeur gegee aan 'n plek naby die brug oor die Rio Chico of in Sarmiento, 'n dorpie ± 190 Km. wes van Comodoro Rivadavia. Hy merk egter op dat die meeste ouers baie *„teen Comodoro Rivadavia is as gevolg van die hoë lewenskoste daar en die ,slegte invloede' "* (Ibid.).

   Die gedagte aan 'n kosskool op 'n sentrale plek was vir hom, in hulle omstandighede en behoeftes, die ideale plan. Maar ten opsigte van die gedagte was ds. Wasserfall 'n realis. Hy skryf: *„Maar as ons dink aan wat dit sal kos om sê vir slegs een derde of 'n kwart van die kinders van skoolgaande ouderdom so 'n voorsiening te maak, dan blyk dit dat so 'n plan vir die teenwoordige altans en in die ongeorganiseerde toestand waarin ons nou nog hier verkeer, heeltemal onuitvoerbaar is. En al sou ons nog die groot som, wat nodig is vir sulke geboue met ameublement teen die billikste rentekoers ergens te leen kry, dan is dit nog 'n vraag, waar ons benewens die salarisse van die huismoeders en die paar Afrikaners onderwysers, wat daar nodig sal wees, en die losiesgelde vir die kinders nog ook die rente op die geleente kapitaal elke jaar gaan vind, terwyl die Landa Regering, tot nog toe geen steun vir so 'n onderneming wou beloof nie."*

b) Die tweede, en vir hom die uitvoerbaarste, plan en daarmee het ook die meeste mense volgens hom in die kolonie ingestem, was: *„Laat die onderwyser uit Suid-Afrika 'n goed gesertifiseerde man wees. Laat hom met 'n aanvullende skooltjie op voetspoor van die van Mej. Cave begin, hetsy in Comodoro Rivadavia of in Sarmiento, waar die Kinders alreeds ook Spaansonderwys ontvang. Laat hom dan benewens die paar noodsaaklikste onderwysvakke, soos Afrikaans, Afr. Geskiedenis en Godsdiensonderrig, terselfdertyd ook die mees gevorderde kinders, met toestem-*

*ming van hulle ouers, so gou moontlik oplei, om as onderwysers(esse) te dien vir klein plaas groepskooltjies in die Kolonie. Hierdie is 'n stadiger maar sekerder plan"* (Ibid.).

Agterna gesien, wil ons beweer dat hierdie laaste gedagte van ds. Wasserfall in hulle omstandighede seer seker die beste weg sou wees.

Ds. Wasserfall het dan ook vir die realisering en beheer van die stelsel 'n skoolkommissie of Raad voorsien *„waarop ook die Gereformeerde Kerk ooreenkomstig die maat van hulle ondersteuning verteenwoordig sal wees..."* (Ibid.).

'n Mens sou graag die vraag wou vra: Maar waarom moet die kerke nou juis verteenwoordiging op so 'n Raad hê? Dis tog jammer dat die reglemente vir die „Vereeniging vir Christelike Onderwys" wat deur ds. Sonneveldt opgestel is, nie in dié verband geraadpleeg is nie. Dis tog immers nie die kerk se werk om skole te stig en te beheer nie. Die erkende standpunt vanuit Calvinistiese oogpunt, is tog dat die onderwys die verantwoordelikheid van die ouers is (Coetzee, 1948, p. 33; 1946, p. 34; 1943, p. 139). Ds. Sonneveldt het in dié tyd ook geskryf en gewaarsku dat die ouers hierdie *„aller gewichtigste zaak niet uit hunne handen zullen geven..."* (Sonneveldt, April 1928). Dit was net hier waar hierdie poging weer sou misluk, omdat so 'n „Raad" nie buite die Algemene Armsorgkommissie sou kon funksioneer nie, maar daaronder ingeskakel sou moes word. Sou die Gereformeerdes hiertoe bereid wees, gesien die onmiddellike verlede?

In Buenos Aires het ds. Wasserfall op 7 Oktober ook 'n onderhoud gehad met die Britse minister, sir Malcolm Robertson. In die onderhoud het hy weer eens die onderwysbehoeftes van die Afrikaners in Chubut met hom bespreek en in 'n daaropvolgende skrywe beklemtoon dat sy kerk *„will feel itself deeply indebted to you, and especially also the Argentine Government for any financial support that may be granted by the Government to the Afrikaner Colonists in the Territory of Chubut, for such steps in education matters, as the Church may deem it necessary to take in the near future"* (Wasserfall, 7 Okt. 1926).

Ons bemerk dus dat ds. Wasserfall 'n ander oplossing vir die onderwysprobleem voorgestaan het as sy voorganger ds. Luckhoff. Wat ons verder opval, is dat die landsregering tot en met die koms van ds. Wasserfall nog geen steun vir so 'n onderneming wou beloof nie (Wasserfall, 15 Jan. 1927).

Vir die oplossing van die probleem sou die finansies dus uit eie midde en in Suid-Afrika gevind moes word.

Wat die verlangde onderwyser betref, het die Algemene Armsorgkommissie op hul vergadering van 17 en 18 Augustus 1927 besluit om dit vir die soveelste maal te laat oorstaan, totdat ds. Hurter – hy was die volgende besoekende predikant wat in September 1927 na Chubut sou vertrek – met die kerkraad oorleg gepleeg het (*De Kerkbode*, 7 Sept. 1927, p. 327).

Intussen het die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Gemeente Chubut op sy vergadering van 17 September 1927 besluit om 'n brief aan die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Chubut te rig waarin hulle versoek is om eersgenoemde kerkraad *„te ontmoed met 'n kommissie ten einde skoolsake te bespreek"* sodra ds. Hurter uit Suid-Afrika gearriveer het (N.G. Kerkraad, 28 Nov. 1927).

In dieselfde periode het ook die Christelike Vrouevereniging (C.V.V.), toe nog bestaande uit lidmate van beide kerke, in verband met die onderwysprobleem van hulle laat hoor. *„Het bevorderen van onderwys en opvoeding in Christelijk-nationalen geest"* was o.a. een van hulle doelstellings. In verband hiermee, so het ons verneem, *„arbeidt de C.V.V. voor den bouw van ... Christelijk nationale scholen..."* (C.V.V., Reglement, art. 3).

Die 7de Julie 1927 was vir hulle 'n blye dag toe hulle kon besluit om *„in Calle Rivadavia aan de Plaza 'n stuk grond groot 10 x 24½ M bebouwd met een galpon en een huis van 4 kamertjies, tegen den prijs van $11000,00 te koop"* (Notule van C.V.V., 7 Julie 1927).

By die lees van die notule voel 'n mens die opgewondenheid van die vergadering oor die koop van die grond en wat dit alles ingehou het, aan. Terwyl die oordragkoste nog onder bespreking was, word daar reeds 'n besluit geneem om *„zoo gouw mogelijk met school te beginnen"* (Ibid.).

En so rig die C.V.V. op 28 September 1927, ook nog voor die koms van ds. Hurter, 'n brief aan beide die Nederduits Gereformeerde kerkraad en die Gereformeerde kerkraad, waarin hulle aan die onderskeie kerkrade bekend maak dat hulle nou grond op hulle naam het. Hulle vermeld ook dat daar twee geboue op die grond is waarvan een ingerig kon word as 'n skoollokaal en die ander een as 'n onderwyserswoning. Aan die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde gemeente het hulle voorgestel dat *„de N.G. gemeente helpt de C.V.V. met een onderwyzer en de helfte van diens salaris, waar-*

*tegen de C.V.V. haar grond en gebouwen, ... ten dienste van beide Kerken stelt en verder neemt zij op zich om verdere onkosten als tekort aan salaris, onderhoud van woning en school lokaal, enzovoort, te dekken. Alle inkomsten als schoolgeld, huur komen ten goede van de C.V.V. – Een schoolcommissie zal aangesteld worden bestaande uit een gelyk aantal leden van de N.G. gemeente en van de Geref. gemeente ens"* (C.V.V., 28 Sept. 1927).

Die Gereformeerde kerk is versoek om 'n spesiale kollekte te hou om die koste aan die verandering en restourasie van die gebou te dek. Hulle sluit hul brief af *„in die hoop en vertroue dat zij in den goede wil der Kerkraden niet teleurgesteld word"* (Ibid.).

Dit was die situasie toe ds. Hurter in Oktober 1927 in Comodoro Rivadavia aangekom het. Hoe sou hy die onderwyssake hanteer?

## 4. DS. HURTER EN SY C.N.O.-AKSIEPLAN.

Tydens die saamkoms van die gemeente en belangstellendes met die oog op die „inwyding" van die kerksaal van die Nederduits Gereformeerde gemeente op 16 Desember 1927, het ds. Hurter die geleentheid benut en die vergaderdes ook toegespreek oor die onderwysvraagstuk en sy voorstelle oor 'n moontlike oplossing daarvan aan hulle bekend gemaak (Hurter, 5 Jan. 1928).

Ds. Hurter het gevoel dat die onderwysprobleem nie maar in die hande van die twee kerkrade, die C.V.V. en die bestuur van die Nederduits Gereformeerde Vrouebond gelaat kan word nie. Die rede, het hy gesê, waarom daar nog nooit 'n kragtige begin gemaak kon word om die onderwysprobleem op te los nie, was omdat *„die nodige samewerking tussen die verskillende bestaande liggame ontbreek"* (Hurter, 5 Jan. 1928, Bylaag A).

As die onderwysprobleem suksesvol opgelos moet word, *„dan kan die bestuur van die onderwys nie opgedra word aan een van die bestaande liggame nie"* (Ibid.).

Die samewerking van al hierdie liggame het hy egter nodig geag om 'n sukses van die poging tot oplossing van die onderwysvraagstuk te maak (Ibid.).

Nêrens kon egter enige aanduiding opgediep word of byvoorbeeld die Gereformeerde kerkraad en die bestuur van die C.V.V. na die betrokke vergadering uitgenooi was nie. In sy verslag vermeld hy slegs: *„Ek is bly om te sê dat sonder uitsondering die mense daarmee* (d.i. met sy voorstelle) *ingestem het.*

*Vooraanstaande lede van die Gereformeerde kerk, die kerkraad van onse kerk, die Presidente van die C.V.V. ... het ondersteuning beloof"* (Ibid., p. 10). Hierdeur het hy gemeen dat hy die nodige samewerking reeds verkry het.

Tog blyk dit dat die Gereformeerde kerkraad en die C.V.V. nie amptelik op die vergadering teenwoordig was nie, want die Reëlingskommissie wat die dag saamgestel is, kry opdrag om aan al vier die bestaande liggame te skryf *„en hulle om hulle kontribusies en medewerking te vra"* (Ibid., Bylaag A., p. 2).

In elk geval, ds. Hurter het op die vergadering voorgestel:

*„1. Die onderwys van die kinders word gestel onder beskerming van die A.A. Kommissie van die Kaapse kerk, want sonder hulle hulp kan daar tog niks gedoen word nie.*

*„2. Die plaatselike bestuur van sake sal wees in die hande van 'n Raad van sewe lede wat genoem sal word die C.N.O. Raad.*

*„3. Een van die lede van die Raad sal benoem word deur die A.A. Kommissie en die lid wat hulle benoem sal ex-officio voorsitter wees. Hy sal benoem word vir solank als die A.A. Kommissie dit goed vind. Die ander 6 lede sal gekies word, vir die eerste jaar deur kontributante, en vir die 2de jare deur kontributante en ouers wat skoolgeld betaal het in die afgelope jaar.*

*„4. Die 6 lede tree elke jaar op 30 Junie af, maar sal herkiesbaar wees"* (Ibid., Bylaag A. Voorstelle, p. 1, 2).

Ons kry hier by ds. Hurter ook 'n baie interessante interpretasie van C.N.O.

Hy motiveer sy aanbeveling van waarom dit C.N.O. moet wees, soos volg:

*„1. Die kinders in hierdie land loop groot gevaar om die sedes en gewoontes van vrome voorgeslagte prys te gee.*
*2. Om die kinders te help om vas te hou aan die Godsdiens, die sedes en die gewoontes van die voorgeslagte is dit nodig om hulle so lank moontlik Afrikaners te hou.*
*3. Als die kinders nog 'n tyd Afrikaners gehou moet word dan is dit nodig dat daar sonder verder versuim aan hulle Christelik Nasionaal onderwys*

*verskaf sal word"* (Ibid., Bylaag A, p. 1).

Die gedagte is dat hulle godsdiens, sedes en gewoontes in Chubut van hulle Afrikanerskap afhanklik is, is egter deur en deur 'n humanistiese gedagte.

Die verkiesing van die C.N.O.-Raad sal vooraf gegaan word deur 'n Reëlingskommissie wat reeds deur hom benoem was, te wete mnr. D. Venter (Voorsitter), mnr. F.D. Conradie (Sekretaris en Kassier), mnr. M. Venter (Lang Marthinus) en mnr. J. Stegmann. Die twee broers Venter was egter beide lidmate van die Gereformeerde Kerk Chubut.

Die kommissie is benoem om „kondribusie in te vorder" wat moes geskied voor 31 Maart 1928. Na 31 Maart moes die reëlingskommissie dan dadelik 'n kabel stuur aan die sekretaris van die Algemene Armsorgkommissie om te laat weet hoeveel ingesamel is, sodat die Algemene Armsorgkommissie die nodige aanstelling of aanstellings kan maak namate die fondse dit toelaat.

Na 31 Maart moes die reëlingskommissie ook dadelik 'n lys van stemgeregtigdes vir die C.N.O.-Raad opmaak.

Interessant is, dat elke kontributant wat dan vyftig pesos of meer inbetaal het, 'n stemgeregtigde sal wees en wel so dat vir elke vyftig pesos wat van 'n persoon of liggaam ontvang is, die persoon of liggaam een stem sal kry.

Vanaf 1929 sal ouers wat in die afgelope jaar skoolgeld betaal het, ook stemgeregtig wees, en wel so dat vir elke vyf-en-twintig pesos wat 'n man aan skoolgeld betaal het, hy een stem sal kry.

Die reëlingskommissie sal, sodra die stemlys in orde is, 'n tyd bepaal wanneer die nominasies vir lede van die Raad by die Sekretaris in moet wees. Nominasies moet onderteken wees deur ten minste twee stemgeregtigdes. Indien die reëlingskommissie sou vind dat daar meer as die benodigde getal nominasies is, moet hulle dadelik 'n stemdag bepaal (Ibid., Bylaag). Die wyse van stemming was ook deur ds. Hurter noukeurig gereël.

Onkoste in verband met die stemmery sal uit die ingesamelde fondse gedek word.

Sodra die Raad gekonstitueer was, sal die kommissie al die fondse, ensovoorts aan daardie liggaam oordra, en sou die reëlingskommissie ophou om as kommissie te bestaan.

Aanvanklik, skryf hy, het dit gelyk asof die samewerking tussen die vier liggame, te wete die twee kerkrade, die C.V.V. en die N.G. Vrouebond, nie verkry sou word nie. *„Die een was skynbaar bang dat die ander moontlik te veel seggenskap in die saak sal kry"* (Ibid., p. 9).

Die feit dat die twee Gereformeerde broeders ingewillig het om op die kommissie te dien, het hom egter die gerusstelling gegee dat hy nou die samewerking van alle groepe in die saak het. Min het hy geweet dat die kiem van mislukking reeds deur sy optrede gesaai was.

Die rede waarom die ses lede van die C.N.O.-Raad elke jaar moes aftree, motiveer hy soos volg: *„Dis om seker te maak dat die kontribusies elke jaar gereeld sal inkom. Word dit nie so gedoen nie, dan kan 'n liggaam nou miskien 'n groot som stort net om baie stemme te kry en ander jaar doen hulle miskien weer niks nie. Almal wat iets in die saak te sê wil hê, sal moet aanhou om te gee, anders is daar geen kans om medeseggenskap te behou nie"* (Ibid., p. 10).

Hy het verder in teenstelling met die bevinding van ds. Wasserfall 'n skool „broodnodig" gevind in die dorp Comodoro Rivadavia waar daar in en om die dorp 29 kinders van skoolgaande ouderdom was. Hy het ook voorsien dat daar nog 'n aantal van die „buite kinders" sal wees vir wie die ouers losies sal kan betaal en wat die skool derhalwe sal kan bywoon.

Die meerderheid van die ouers sal dit, volgens sy mening, nie kan bekostig om hulle kinders na die dorp te stuur nie, en gevolglik sal daar vir hulle ander voorsiening gemaak moes word.

Die vraag is egter: Hoe?

Aan wykskole, sê hy, kan nie gedink word nie. Daarvoor woon die mense te ver uitmekaar, en die kinders sal daarvan ook nie gebruik kan maak nie, tensy die ouers vir hulle losies reël en betaal en dit is vir die meeste ouers 'n onmoontlikheid.

Hy moes egter 'n uitweg vind.

Hy stel daarom voor *„dat daar uitvoering gegee sal word aan die idee wat ds. Wasserfall destijds had, nl. dat in verband met die skool op die dorp daar ook 'n Normaal klas sal begin word waarin die verste gevorderde kinders kan opgelei word om na omtrent 2 jaar als privaat onderwijzers(esse)*

*te kan uitgaan. Hulle salarisse sal dan maar gering wees en twee of drie bure sal miskien so een kan kry om hulle kinders te leer. Die mense stuur dan maar elke oggend hulle kinders te perd skool toe"* (Ibid., p. 11).

Dit sou egter beteken dat die kinders van die behoeftige ouers, en hulle was die meerderheid, dan nog twee jaar moet wag voordat hulle enige onderwys kan ontvang.

Dit het ds. Hurter sterk aangevoel en daarom sê hy: *„Die beste sou natuurlik wees om die kinders in 'n sentrale skool bijmekaar te bring, maar onder omstandighede is dit onmoontlik. Toelae vir losies kan van die Regering nie gekrij word nie. Die tweede beste sou dan wees om wijkskole te begin, maar ons het reeds gesien dat omstandighede dit ook nie toelaat nie. En tog! iets moet daar gedoen word"* (Ibid., p. 11).

Hy stel daarom ten eerste voor dat daar 'n onderwyser vir die dorp aangestel moet word en tweedens dat daar bo en behalwe die een vir die dorp, twee onderwysers vir die buitewyke aangestel word.

Elk van die twee „buite"-onderwysers kry dan *„4 middel punte waar hy moet werk. Mnr. A. bv. werk een week op een plek, en die kinders van die omliggende plase kom daar bymekaar. (Vir een week kan die Moeders tog vir die kinders kos saam gee). Gedurende daardie week help die Meester die kinders aan soveel hy moontlik kan, en gee werk uit wat hulle gedurende die volgende drie weke tuis moet voorberei en klaar maak terwijl hy dieselfde doen in die 2de en 4de wijke. Na die 4de week is hy weer in die eerste wijk terug, gaat die werk daar met hulle oor wat hulle tuis voorberei het, help hulle weer aan soveel hij kan en gee weer werk uit vir drie weke. Die ander meester gaat op dieselfde wijse met sy werk aan. Die mense in die verskillende wijke sal beurte neem om die skool by hulle te ontvang, sodat daar in hierdie opsig geen onkoste behoef te wees nie. Die onderwijser op die Dorp sal meteens ook hoof wees oor die twee wat in die buite wijke werk, en sij vakansie tije sal so ingerig word dat hij minstens een of twee maal in die jaar kan gaan inspeksie hou"* (Ibid., p. 12).

Dat die projek finansieel ruim uit Suid-Afrika ondersteun sou moes word, het ds. Hurter terdeë besef, daarom pleit hy ook by die Algemene Armsorgkommissie om tog die helpende hand vir die saak nie toe te hou nie. Hy beveel ook by die Algemene Armsorgkommissie aan „om 'n beroep op die volk te doen". So swaar weeg die saak by hom *„dat ek mij voor geneem het om onse Kerkraad op George om 'n kollekte te gaan vra..."* (Ibid., p. 13).

So het ds. Hurter probeer om die onderwysvraagstuk in Chubut suksesvol op te los.

Dit is ten volle aangewys op die samewerking tussen die verskillende groepe in Chubut; op sterk finansiële steun uit Suid-Afrika, en op die deursettingsvermoë van onderwysers met leeuemoed, as dié gekry kan word.

## 5. REAKSIE VAN DIE GEREFORMEERDES HIEROP.

Ons bemerk dat daar van die twee kommissies van die onderskeie kerkrade wat saam met ds. Hurter „Skoolsake" moes bespreek, nou niks tereg gekom het nie.

In 'n brief gedateer die 26ste Februarie 1928 moes die kerkraad van die Gereformeerde kerk verneem *„dat aangesien die antwoord re kommissie omtrent skoolsake ons eers bereik het na die rondgang van Ds. Hurter, het die Eerw. Kerkraad besluit om te berus in die skema van Christelike Nasionale Onderwys deur Ds. Hurter voorgedra"* (N.G. Kerkraad, 26 Februarie 1928).

Ten opsigte van 'n ander moontlike oplossing van die onderwysvraagstuk in Chubut is daar vir die Gereformeerdes dus geen keuse gestel nie.

Die C.V.V. het egter geen antwoord van die Nederduits Gereformeerde kerkraad op hulle voorstel in verband met die moontlike oplossing van die onderwysvraagstuk ontvang nie. Hierdie verbygaan van die Gereformeerdes in die poging om die onderwysvraagstuk in Chubut suksesvol op te los, het niks goeds voorspel nie. Was dit dan nie uiters noodsaaklik, met die oog op die dringendheid van die oplossing van die vraagstuk, om die samewerking en mening van alle groepe onder die Afrikaners in Chubut amptelik in te win nie?

Die gesindheid van ds. Hurter teenoor die Gereformeerdes het seer sekerlik hierin 'n rol gespeel. Sy gesindheid teenoor die Gereformeerdes blyk in sy optrede teenoor 'n paar Gereformeerde broeders wat, op die betrokke dag waarop ds. Hurter sy voorstelle in verband met die oplossing van die onderwysvraagstuk aan die mense voorgelê het, gemeen het om *„iets in het midden te brengen, waardoor beter de goede beginselen tot hun recht zouden komen"* (Sonneveldt, Sept. 1930). Volgens ds. Sonneveldt het ds. Hurter hierop net gesê: *„Zooals ik het voorstel, moet het gebeuren, anders komt er geen hulp uit Afrika"* (Ibid.). Ds. Sonneveldt het ook beweer dat sy medewerking in

geen enkele opsig met betrekking tot die oplossing van die onderwysvraagstuk „gewenscht of gevraagd" is nie (Sonneveldt, 1937).

Intussen het die Reëlingskommissie wat deur ds. Hurter benoem is, met sy werksaamhede begin.

Op sy eerste vergadering het die „Reëlingskommissie in sake die Christelik Nasionale onderwys" besluit, dat 'n kopie van die voorstelle van ds. Hurter in sake die onderwysplan gestuur sal word *„aan elk van die volgende liggame nl. Geref. Kerkraad, Christelike Vroue Vereniging, Ned. Geref. kerkraad en die Ned. Geref. Vroue Bond"* (Notule, 9 Jan. 1928, art. 2), om hulle kontribusies en medewerking te vra (Hurter, 5 Jan. 1928).

Verder is besluit om 12 kollektelyste uit te skrywe, ses sou aan die diakens van die Gereformeerde kerk uitgedeel word en ses sou na die Nederduits Gereformeerde kerkraad gaan (Conradie, 28 Mei 1928).

So is die Gereformeerde kerkraad dan voor 'n voldonge feit geplaas om standpunt in te neem ten opsigte van die voorgestelde onderwysaksie deur ds. Hurter. Die Gereformeerde kerkraad wat hom op hierdie stadium nog geensins gekompromiteer het ot uitvoering van die voorstelle van ds. Hurter nie, het sy standpunt ten opsigte van die onderwys herbevestig, naamlik dat onderwys nie die verantwoordelikheid van die „Kerk" is nie, maar van die ouers. In die *Kerkblad voor Zuid-Amerika* skryf ds. Sonneveldt dan ook teen die beginsel om die opvoeding uit die hande van die ouers te laat gaan en sê hy: *„We vertrouwen dan ook dat in die gemeenten waar men ernstig over het oprichten van scholen denkt, de ouders deze aller gewichtigste zaak niet uit hunne handen zullen geven"* (Sonneveldt, April 1928).

Deur die voorstelle van ds. Hurter te aanvaar, sou hulle dit nie alleen uit hulle hande laat gaan nie, maar dit hoofsaaklik ook in die hande van die „N.G. Kerk" oorgee, wat op hulle beurt samewerking met die Gereformeerdes op kerklike gebied as onmoontlik ag.

Bo en behalwe die feit dat samewerking op onderwysgebied 'n inkonsekwensie was in verband met hulle siening van samewerking op kerklike gebied, was daar dus ook diepgaande beginselverskille tussen die Nederduits Gereformeerde kerk en die Gereformeerde kerkraad oor onderwysaangeleenthede.

Op die stadium het ds. Sonneveldt ook reeds met 'n eie aksie begin om die onderwysvraagstuk in Chubut op te los.

Gerugte het reeds in die „Kolonie" die rondte gedoen dat ds. Sonneveldt besig was om met prof. J.A. du Plessis van Potchefstroon te onderhandel van wie hy £80, volgens bewering, sou ontvang vir onderwysaangeleenthede in Chubut. Die gerug het verder die rondte gedoen dat vier onderwysers hulle beskikbaar gestel het om na Chubut te gaan en dat een reeds op pad is (Conradie, 28 Mei 1928). Die werklike feite was dat ds. Sonneveldt reeds die kolonie deurreis het met die oog daarop om in elke wyk 'n wykskool op te rig (Notule, C.V.V., 24 April 1928).

Die stelsel waarop ds. Sonneveldt dit wou doen, sou seer sekerlik geskoei wees op die voorbeeld van die „Vereniging tot steun aan Christelijk Nationale Scholen in Chubut" wat hy in die periode van samewerking in die lewe geroep het (Kyk Hoofstuk 2, p. 24 e.v.).

Ten opsigte van hierdie aksie van ds. Sonneveldt uit die tyd weet ons nie baie nie, behalwe dit wat in die notule van die C.V.V. van 24 April 1928 staan. Daarin verneem ons: *„Ds. Sonneveldt heeft met alle wijken gesproken en tot resultaat, dat deze wijken elkeen afzonderlijk een onderwijzer zal onderhouden en hiervoor steun vraagt van de C.V.V. Het bestuur besluit alle wijken die een gecertif. onderwijzer uit Afrika beroepen te steunen met een jaarlijksche toelage van minstens 250 pesos in diens salaris"* (Notule, C.V.V., 24 April 1928).

In die lig van die planne van ds. Sonneveldt moet ons ook die reaksie van die C.V.V. op die voorstelle van ds. Hurter wat deur die reëlingskommissie aan die C.V.V. gestuur is, verstaan. Op 31 Januarie 1928 skryf die C.V.V. aan die reëlingskommissie: *„door byzondere omstandighede is de C.V.V. genoodzaak dit punt en verdere besluiten aangaande schoolkwestie te laten rusten tot op hare Algemene Vergadering, welke gehouden zal worden in het begin van Maart, zoodat beantwoording nog in tyd zal zijn, d.w.s. vóór de datum 31 Maart"** (Conradie, 28 Mei 1928).

Dat ds. Sonneveldt die C.V.V. geadviseer het om nie nou 'n besluit oor die voorstelle van ds. Hurter te neem nie, maar daarmee te wag totdat hy vir sy besoek aan die begin van Maart 1928 in Chubut sal wees, kon maar net vermoed word.

---

* Die 31ste Maart 1928 was die datum wat deur ds. Hurter gestel was waarop al die kollektelyste ingehandig moes wees waarna die reëlingskommissie dan 'n datum vir die verkiesing van die Skoolraad moes bepaal.

Dit was egter ook beleid van die C.V.V. *„om geen steun te geven aan een school van één kant"* (Van Norden, 12 Sept. 1928).

Op 22 Maart 1928 skryf die C.V.V. volgens belofte aan die reëlingskommissie dat hulle op 16 Maart 1928 die volgende besluit geneem het in sake steun aan die C.N.O. skool:

*„De C.V.V. stelt haar gebouwen en grond voor den tyd van 10 jaar, welk termyn stilswygend verlengd kan worden, ten dienste van de Schoolcomisie om hiervan gebruik te maken tot verkrijgen van den C.N. School ... de C.V.V. laat het geheel aan die Schoolcomisie over om haar voor dit aanbod eventueel stemrecht te geven in de te kiezen schoolraad.*

*„Alle verbeteringen die de schoolraad in overleg met die C.V.V. op de grond der vereeniging maak, zal later door de vereeniging verrekend worden.*

*„Daar de C.V.V. op heden niet by machte is financieel te steunen, neemt zij zich echter in de toekomst voor het algemeen schoolbelang geldelijk te steunen, vooral zal zij speciaal interesseeren voor buitenscholen"* (C.V.V., 22 Maart 1928).

Die C.V.V. het op 'n spoedige antwoord van die reëlingskommissie aangedring (Ibid.).

Wat het agter die besluit verskuil gelê? In die eerste plek wil ons die opmerking maak dat ds. Sonneveldt op die vergadering waarop die besluit van 16 Maart 1928 geneem is, teenwoordig was. Sy invloed in die besluit kan nie weggeredeneer word nie. Dit is verder duidelik dat die C.V.V. met die aanbod en die aandrang op 'n spoedige antwoord van die reëlingskommissie, die reëlingskommissie tot 'n beslissing buite die Algemene Armsorgkommissie om wou dwing. Sodoende kon daar 'n nuwe aksie vir die oplossing van die onderwysvraagstuk ontstaan buite die Nederduits Gereformeerde kerk van die Kaapkolonie om. Die aandrang om 'n spoedige antwoord was, soos later geblyk het, omdat die C.V.V. op hulle beurt weer 'n spoedige antwoord moes gee aan 'n persoon, wat die gebou, in hul korrespondensie genoem, van hulle huur (Notule, Reëlingskommissie, 14 Aug. 1928). Tog voel 'n mens dat hulle dit ook as 'n hefboom wou gebruik om die reëlingskommissie in 'n nuwe aksie te betrek.

Daarom rig die bestuur van die C.V.V. op 17 April 1928 weer eens 'n skrywe aan die Reëlingskommissie vir C.N.O. waarin hulle so spoedig moontlik 'n

antwoord op hulle aanbod verlang (C.V.V., 17 April 1928), want die sukses van ds. Sonneveldt se poging het natuurlik ook afgehang van die samewerking van al die Afrikaners in die Kolonie.

Die sekretaris van die reëlingskommissie was egter baie nugter, en op 18 April 1928 antwoord hy die C.V.V. dat die reëlingskommissie *„nie die mag of outorisasie het om te besluit nie oor die inhoud van hulle brief nie"* (Conradie, 18 April 1928). Hy belowe die C.V.V. egter dat hy al die korrespondensie oor die aangeleentheid aan die Skoolraad sal oorhandig. Sodra die skoolraad gekies is, sal die skoolraad dan oor die voorstelle van die C.V.V. 'n besluit neem (Ibid.). Hy skryf verder aan die C.V.V. dat die datum waarop die lyste moet in wees, deur die reëlingskommissie verskuiwe is na die 15de Mei 1928 (Ibid.).

Die C.V.V. het die saak egter nie gewonne gegee nie. 'n Derde keer is 'n poging aangewend om te kyk of hulle nie 'n verandering in die voorstelle van ds. Hurter teweeg kan bring nie. Die volgende besluit na aanleiding van die antwoord van die sekretaris van die reëlingskommissie, is toe geneem en weer eens aan die reëlingskommissie deurgestuur:

*„Dringende omstandigheden maken het noodzakelijk, dat zij zoo spoedig mogelijk in bezit is van den definitief antwoord. Daar de datum de 31 Maart volgens Uw schryven geprorogeerd is tot 15 Mei e.k., houdt zij haar aanbod als omschreven in brief 22 Maart tot dien laaste datum van kracht, doch geen afdoend antwoord ontvangen hebbende vóór dien tyd, verzoekt zij u beleefd genoemd aanbod als geanuleerd te beschouwen"* (C.V.V., 20 April 1928).

Dit blyk dat die C.V.V. weer eens, deur die dringendheid van die saak te onderstreep en op 'n spoedige antwoord aan te dring, die reëlingskommissie onder druk wou plaas om tog maar 'n besluit te neem om sodoende onder die Algemene Armsorgkommissie uit te kom.

Die sekretaris van die reëlingskommissie het die kommissie egter nie vir beraad byeen geroep nie, maar telkens op eie stoom die C.V.V. geantwoord. In sy antwoord op die brief van 20 April 1928 beklemtoon die sekretaris van die reëlingskommissie dit weer eens dat die kommissie nie die bevoegde liggaam vir die saak is nie, maar wel die „te-worde-gekose-Skoolraad". Hy vermeld verder dat „naar de aard van omstandighede" die Raad nie gekies sal kan word voor die 15de Mei 1928 nie. As dit moontlik is, sal die kommissie 'n sitting hou vóór die 15de Mei en sal hy die korrespondensie onder die

kommissie se aandag bring om die bestuur van die C.V.V. te bevredig. Hy versoek die C.V.V. om die tydsbepaling te herroep of te verleng tot nie later as 30 Junie nie (Conradie, 21 April 1928). Die sekretaris het dus nie toegegee aan die druk op hom uitgeoefen nie, maar volhard dat dit slegs die *„toekomstige Skoolraad is, en niemand anders nie, wat die bevoegdheid sal hê om op te tree i.v.m. sulke onderwerpe as vermeld in die voorstelle deur U Bestuur"* (Ibid.).

Nie lank hierna nie, het ds. Sonneveldt 'n vergadering gehou op die plaas van wyle Tobie Venter, en is besluit om daar 'n skoolgebou op te rig, waarvoor mev. Tobie Venter die bakstene gegee het (Conradie, 28 Mei 1928).

In hulle optrede en in die realisering van die skool, skryf Van Norden aan ds. Sonneveldt, moet hulle toon *„dat we by ons stuk staan en dat school niets met Kerk te maken heeft en een school aan die betreffende ouders behoort"* (Van Norden, 12 Sept. 1928). So sou daar dus voortaan binne die geledere van die klein groepie Afrikaners in Chubut twee onafhanklike onderwysaksies bestaan. Dit laat die skriba van die Reëlingskommissie uitroep: *„Nee, Dominee, dis nou, en van nou voortaan ‚Iedereen vir homself en God vir ons alger', dis wat betref plaaslike Doppers en Filistyne ... die mense is te onderduims en vals!"* (Conradie, 28 Mei 1928).

Die samewerking waarop ds. Hurter gereken het, was dus niks meer as 'n illusie nie. Die Reëlingskommissie het in die tussentyd ook geen vordering gemaak met die implimentering van die voorstelle van ds. Hurter nie. Op die 15de Mei 1928 kon hulle nog niks definitiefs reël nie, omdat daar nog maar net drie kollektelyste ingekom het (Notule, 15 Mei 1928): *„Twee van N.G. diakens en 1 privaat lys van die heer H.W. Watson"* (Ibid.). In totaal het die lyste ook maar slegs $477,25 opgelewer (Ibid.). So is deur die reëlingskommissie *„die behandeling van die saak in sy geheel uitgestel onvoorwaardelik tot die koms van ds. Wasserfall"* (Ibid.).

## 6. DIE EERSTE PERIODE – MEI 1928 tot MEI 1929.

Onder hierdie omstandighede het ds. Wasserfall op 2 Julie 1928 in Comodoro Rivadavia aangekom as die eerste vaste predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut. Die volgende vergadering van die Reëlingskommissie het hy dan ook reeds bygewoon, maar nog as 'n gas (Notule, 14 Aug. 1928). Op hierdie vergadering van 14 Augustus 1928 het die kommissie besluit om onder die *„buitengewone omstandighede ... voorlopige reëlings te tref vir die uitvoering van die onderwys Plan volgens die aangenome konsti-*

*tusie hangende die verkiesing en in werking treding van die C.N.O. Skoolraad"* (Ibid.).

Ds. Wasserfall was hieroor grootliks verheug (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

**6.1. Die Reëlingskommissie berei die weg voor.**

Die Reëlingskommissie het verder op die vergadering besluit dat die kollektelyste so spoedig moontlik, maar nie later nie as 1 November 1928 by die sekretaris ingehandig moet word, en dat die uitstaande bedrae nie later nie as 28 Februarie 1929 inbetaal moet wees. (Notule, 14 Aug. 1928). *„Dit beteken,"* skryf ds. Wasserfall, *„dat die stemlys vir die Skoolraad eers* na *28 Feb. 1929 sal kan opgemaak word"* (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

In verband met alle bedrae *„onder $50 deur enige persoon op meergemelde C.N.O. lyste beloof of inbetaal"* het die kommissie besluit dat dit *„sal gaan naar die Kerkraad van die Kerk waaraan die persoon behoort, met die uitdruklike verstandhouding dat die respektiewe kerkrade dan sodanige somme met stemme moet verteenwoordig in die verkiesing van die C.N.O. Raad ooreenkomstig die aangenome Onderwys Skema en dat sodanige somme self dadelik in die C.N.O. Fonds gestort word"* (Ibid.).

Die konsekwensie hiervan was dat, indien individuele Gereformeerde lidmate tesame die bedrag van 200 pesos op die lyste sou bydra, maar nie een daarvan was hoër as 50 pesos nie, die bedrag dan na die Gereformeerde kerkraad sal gaan, waarvoor die Gereformeerde kerkraad dan vier stemme kry by die verkiesing van die C.N.O. Raad. Hierna moet die bedrag dan in die C.N.O.-Raadkas inbetaal word.

Al het die Gereformeerde kerkraad besluit om nie met die C.N.O.-aksie van ds. Hurter saam te werk nie, kon hy nou wel langs dié weg medeseggenskap kry by die verkiesing van die C.N.O. Raad! Die Gereformeerdes sou egter nie hiervan gebruik maak nie.

Een van die belangrikste besluite wat die dag deur die vergadering geneem was, was om 'n skool in Comodoro Rivadavia te open (Notule, 14 Aug. 1928).

Die salaris van die „Dorpsonderwyser" is vasgestel op 1200 pesos* per jaar

* 1200 pesos is ongeveer R210; 11,4 pesos was ongeveer R2.

wat maandeliks aan die betrokke persoon betaal sal word (Ibid.).

Ds. Wasserfall was van mening dat die salaris *„belaglik klein"* was *„om mee te begin maar dis* nooddwang, *en die fondse is maar skraal"* (Wasserfall, 21 Aug. 1928). Aanvanklik het hy gemeen dat 'n geskikte salaris vir 'n onderwyser, afgesien van reiskoste daarheen, tussen 3000 pesos en 3600 pesos per jaar moet wees (dit was ongeveer £260 tot £315 sterling) (Wasserfall, 6 Nov. 1926).

Mev. Wasserfall is deur die kommissie *„benoem en aangestel as onderwyseres vir die dorpskool teen die vasgestelde salarisskaal, hangende die goedkeuring van die C.N.O. Raad"* (Notule, 14 Aug. 1928).

Onmiddellik is hiervan in die kolonie kennis gegee en die opening van die skool is beplan vir die 8ste September 1928 (Wasserfall, 21 Aug. 1928). Die nodige stappe om in oorleg met die onderwyseres die skool op Comodoro Rivadavia te open, die leervakke vas te stel en die skoolbenodighede aan te skaf, is opgedra aan 'n subkommissie, bestaande uit ds. Wasserfall en die heer M.D.J. Venter (Notule, 14 Aug. 1928).

Dieselfde subkommissie het ook as opdrag ontvang om die volgende Reëlingskommissievergadering van informasie en advies te bedien *„omtrent (a) geskikte middelpunte van Onderwys in die Boere Kolonie; (b) Leervakke en Skoolure vir die Distrik Skole; (c) losies van die distrikt onderwysers en hul vervoer van skool tot skool"* (Ibid.).

Terwyl die kwessie van buiteskole nog ondersoek moes word, het die vergadering reeds besluit om aan die sekretaris op te dra *„om onverwyld aan die Algemene Armsorgkommissie in Suid-Afrika te kabel vragende twee onderwysers hierheen te stuur vir die Buiteskole en ook die nodige skoolboeke mee te stuur"* (Ibid.). Die kabel is die volgende dag reeds deur ds. Wasserfall gestuur (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

Die kommissie het ook die skoolgeld vasgestel. Vir die dorpskool was dit soos volg: 10 pesos vir ouers met een kind in die skool; 7,50 pesos elk vir twee of drie kinders en vir meer as drie kinders sal dit wees vier pesos per maand vir elke kind. Skoolgeld sal maandeliks vooruit betaalbaar wees net vir die maande wat daar skool gehou word (Notule, 14 Aug. 1928).

**6.2. Die Dorpskool word geopen.**

Sedert die koms van ds. Wasserfall het daar dus geweldige momentum in die onderwysaksie, soos deur ds. Hurter voorgetstel, gekom.

Saterdag, 8 September 1928, die dag waarop die skool geopen sou word, was 'n dag waarna ds. Wasserfall en die Reëlingskommissie met verlange uitgesien het. Ter wille van genoegsame akkomodasie sou die verrigtinge plaasvind in die Nederduits Gereformeerde kerkgebou (Wasserfall, 13 Maart 1929).

*„Die plegtigheid,"* so is kennis gegee, *„sou geskied in die Naam van die Allerhoogste, en sal dit deels 'n Godsdienstige verrigting wees ... aangesien hierdie gewigtige stap vir ons, as 'n Volksplanting veel meer beteken, as 'n blote voorsiening in die behoefte aan Onderwys, en dit vir ons eintlik 'n geloofsdaad is daarom..."* sal dit plaasvind soos afgekondig (Wasserfall, 6 Sept. 1928).

Op die bepaalde dag was dit die ene bedrywigheid daar rondom die kerk-geboutjie en vieruur die middag het die amptelike opening met die nodige wyding toe plaasgevind (Wasserfall, 13 Maart 1929).

Die dorpskool sou *„'n aanvullende skool ... wees, naas die Nasionale Skool ..."* (Wasserfall, 6 Nov. 1926). Daarom sou die leervakke in die dorpskool vireers *„Bybelonderrig, Afrikaans, lees, resiteer, opstel grammatika, ens., Aardrykskunde en Geskiedenis van Suid-Afrika, ook Sanglesse en as die Ouers dit begeer, ook af en toe 'n bietjie onderrig in Engels wees"* (Wasser-fall, 21 Aug. 1928). Die rooster vir die skooljaar is soos volg saamgestel: *„Die skool jaar vir Dorps- en Distriksskole sal bestaan uit 39 skoolweke, maar so verdeel dat die Dorps Skooljaar sal bestaan uit 4 kwartale, terwyl die Distrik Skooljaar verdeel is in 3 termyne en die vakansietye dus nie gelyktydig sal wees nie"* (Notule, 24 Sept. 1928).

Met hoeveel kinders die dorpskool geopen het, is nie bekend nie. Die eerste statistiek verneem ons op 8 Januarie 1929. Daar verneem ons dat *„die skool op die dorp tans weer heropen is na 'n kort vakansie met 17 leerlinge"* (Was-serfall, 13 Maart 1929, p. 414).

Presies drie weke na die opening van die skool op Comodoro Rivadavia het daar 'n ontsettende gasontploffing plaasgevind in die pastorie van ds. en mev. Wasserfall, waarin hulle baie ernstig beseer was (Visser, 4 Okt. 1928).

Dit het natuurlik beteken dat die skool op die dorp tot stilstand gekom het.

Na 'n week kon die skool egter weer met sy werksaamhede voortgaan, aangesien die Reëlingskommissie mev. Phillip Vorster, 'n vrou van een van die diakens, wat in Suid-Afrika reeds 'n bietjie onderwys gegee het, gekry het om in die plek van mev. Wasserfall met die klasgee voort te gaan (Notule, 14 Jan. 1929).

Weens die indeling van die klasse aan die Spaanse skool, moes mev. Wasserfall haar leerlinge ook verdeel in twee groepies, waarvan die een groep in die oggend twee uur lank onderwys ontvang het, en die ander groep twee uur lank in die middag. Die vakke waarin sy aan die begin onderrig gegee het, was Godsdiensonderrig, moedertaal (Afrikaans) en volksgeskiedenis. Vir die res moes die Spaanse skool sorg (Wasserfall, 13 Maart 1929, p. 414).

Ds. Wasserfall se verwagtinge in verband met die onderwysaksie was groot. Hy het aan ds. Luckhoff geskryf dat hy ten minste 60 handboeke met die twee onderwysers moet saamstuur. *„Dis maar 'n skatting, seker nog ver onderkant die merk, wat ons gereken het dat u en Ds. Hurter ook met u kennis van die toestande hier sou kan gis"* (Wasserfall, 21 Aug. 1928). Hoe sou hy in sy verwagtinge nie spoedig teleurgestel word nie!

Op die eerste vergadering van die Reëlingskommissie na die opening van die skool moes die sekretaris reeds kla dat *„vier van die Ouers van skoolgaande kinders nog nie vir die lopende maand betaal het nie"* (Notule, 24 Sept. 1928). Die Reëlingskommitee het dadelik opdrag gegee *„dat aan sodanige ouers rekeninge moet gestuur word ... en dat op die rekeninge gemeld moet word dat die skoolfooie vooruitbetaalbaar is"* (Ibid.).

Dit was die eerste teken van 'n dreigende mislukking van die onderwysskema. Die finansiële toestand van die meeste mense was glad nie rooskleurig nie. Die hoë grondbelastings wat hulle in Maart 1928 moes betaal, het meegebring *„dat baie van hulle nou finansiëel gekrenk is"* (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

Nieteenstaande die ekonomiese toestand het die Reëlingskommissie die skoolgeld in die geval van 4 kinders verhoog vanaf 15 pesos per maand na 22,50 pesos per maand en dié van 5 kinders van 20,00 pesos per maand na 25,00 pesos per maand (Notule, 24 Sept. 1928). As ouers reeds probleme het om die vorige skoolgeld te betaal, sou dit ten opsigte van die nuwe reëlings nog moeiliker gaan.

**6.3. Reëlings in verband met die buiteskole.**

Wat die skoolgeld vir die „Distrikskole" betref, is dit vasgestel op 25,00 pesos per jaar vir een kind, vir twee kinders 40 pesos, vir drie kinders 52,50 pesos, en vir vier kinders 60,00 pesos per jaar, en vir vyf kinders 65,00 pesos per jaar. Wat opval, is dat die skoolgeld aansienlik laer was as die som wat vir die dorpskool vasgestel was. Dit weerspieël egter vir ons die finansiële toestand van die plaasmense (Ibid.). Pas nadat die Algemene Armsorgkommissie die kabel van ds. Wasserfall ontvang het, het hulle dadelik aan die werk gespring en met mnr. W. Joubert van die opleidingskollege van die Paarl in verbinding getree om vir hulle twee geskikte onderwysers te vind (A.A.K., 31 Okt. 1928). Met betrekking tot die twee onderwysers wat uit Suid-Afrika sou kom, was ds. Wasserfall van plan om die beleid, soos deur ds. Hurter neergelê, in die praktyk te bring (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

Hy skryf aan ds. Luckhoff dat hy van plan is om die een onderwyser duskant die Rio Chico te plaas vir drie of vier skole, en die ander een oorkant die Chico, ook vir drie of vier skole (Ibid.). Hy het dit egter as 'n proefneming gesien, want, skryf hy, *„na verloop van die* eerste jaar *sal ons dan self sien hoe ons daardie twee onderwysers bes kon gebruik..."* (Ibid.).

Mens kan begryp waarom ds. Wasserfall die versugting geslaak het: *„Mog hulle goeie dubbelbestaande rybroeke meebring!"* (Ibid.).

Ondertussen het die Algemene Armsorgkommissie twee jong onderwysers gekry wat bereid was om na Argentinië te gaan, te wete T.C. de Villiers en N.E. Loubser (A.A.K., 20 Des. 1928).

Die Algemene Armsorgkommissie het gevoel dat die salaris van £120 wat deur die Reëlingskommissie vir die twee onderwysers aanbeveel was, te min was. Daarom het hulle besluit om dit met £30 aan te vul. Genoemde here sou ook vry losies en vry vervoer daarheen ontvang (A.A.K., 31 Okt. 1928).

Dit was met 'n swaar gemoed dat die Algemene Armsorgkommissie hulle op 23 Desember 1928 afgesien het. Mnr. Joubert van die Opleidingskollege, Paarl, het beide geprys as knap studente. Volgens mnr. De Villiers, assistent redakteur van *De Kerkbode,* kom mnr. T. de Villiers uit 'n eersteklas familie.

*„Hy was ouer en meer ervare as Loubser,"* skryf ds. Luckhoff, en het hy gemeen dat hy voorkeur moet kry by 'n aanstelling (Luckhoff, 20 Des. 1928).

In Buenos Aires sou hulle by hulle aankoms deur deputate uit Chubut ontmoet word. Ds. Luckhoff het ds. Wasserfall geadviseer dat hulle in Buenos Aires ook met die Britse Minister in verbinding tree (Ibid.). Hy het gemeen dat dit belangrik was dat die minister van hulle bestaan en opdrag moes kennis dra, met die oog op moontlike toekomsplanne in verband met die onderwys in Chubut (Ibid.).

Indien die twee onderwysers drie jaar daar sou bly, is aan hulle gesê *„dat daar vir hulle reiskoste terug 'n plan sal gemaak word"* (Ibid.).

Dit was 'n groot vreugde toe die twee onderwysers op 23 Januarie 1929 in Comodoro Rivadavia aanland (*De Kerkbode,* 16 Okt. 1929, p. 662). Tydelik sou een by M.D.J. Venter tuisgaan en een by ds. Wasserfall (Notule, 12 Jan. 1929).

Nadat ds. Wasserfall in Oktober 1928 die kolonie deurreis het, het hy gevind dat die sentraalste plakke waar kinders in die kolonie saamgetrek kan word, die plaas van H. Kruger (Sierra Victoria) was. Daar kon 13 kinders saamgetrek word. Dan was daar die plaas van Jan Blackie (Sierra Chaira) waar ± 8 kinders was. Op die plaas van W. Blackie (Sierra Quadrada) was daar 6 kinders en op die plaas van Koos Botha (Goedgedacht) 13 kinders (Notule, 12 Jan. 1928, punt 3).

Indien die kinders van oorkant die Rio Chico ook na Koos Botha se plaas kan kom, dan sal daar ongeveer 20 kinders saamgetrek kan word (Ibid., punt 3). Die Reëlingskommissie het hierop besluit om die ouers van Sierra Quadrada te vra of hulle vir die jaar, dit is 1929, nie hul kinders na die Sierra Chaira middelpunte kan stuur nie (Ibid., punt 3). Deur die Reëlingskommissie is daar toe op vier skole besluit:

Een te Sierra Victoria by H. Kruger en een op Sierra Chaira by Jan Blackie. Die twee skole sou die verantwoordelikheid van mnr. T. de Villiers wees (Ibid., punt 4).

Die ander twee skole sou by Koos Botha op Goedgedacht en op Sleutelspoort geopen word. Mnr. Loubser sal na bogenoemde twee skole gestuur word (Ibid., punt 4; Notule, 28 Jan. 1929). In die notule van 28 Januarie 1929 lees ons egter dat *„Mnr. Loubser vireers sal gaan om op Sleutelspoort 'n skool te probeer organiseer en later ook die van Brakpan sal neem, sodra die skoolkamer daar klaar is."* Brakpan en Goedgedacht is egter dieselfde plek. Ons bemerk verder hoe ongeorganiseerd sake nog was. Loubser sal

'n skool probeer organiseer.

Ten opsigte van die buiteskole het die Reëlingskommissie besluit dat *„elke wykskool sal 'n Skoolkommissie hê bestaan uit drie lede gekose deur die ouers of persone die skoolfooie betaal vir kinders in die Wykskool"* (Notule, 14 Jan. 1929, punt 8). Die verkiesing van die skoolkommissie sal plaasvind by die opening van die skool onder voorsitterskap van die onderwyser of een van die Reëlingskommissie-lede (Ibid.). Daar is verder besluit dat elke skoolkommissie hulle eie voorsitter en sekretaris moes kies. Die onderwyser kan desnoods as sekretaris dien, maar sonder 'n keurstem (Notule, 28 Jan. 1929).

Die Skoolkommissies se pligte sou verder wees om:
(i) te help met invordering van skoolgelde;
(ii) onderwysersbelange beskerm;
(iii) plaaslike klagtes sover moontlik besleg;
(iv) sorg vir skoolmeubels en daaroor, asook oor enige ander skoolbelange, aanbevelings by die C.N.O. Reëlingskommissie of Raad maak (Ibid.).

Omdat die distrikskole nie naby 'n bestaande nasionale skool geleë sou wees nie, sou daar vakke soos *„Rekenkunde, Aardrykskunde van Suid-Amerika en sodra moontlik ook Argentynse Geskiedenis"* moet bykom (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

'n Verdere plig van die onderwysers sou wees om die rekeninge en ook die voorlopige kwitansies vir skoolgelde uit te reik vir die skole onder hulle verantwoordelikheid (Notule, 28 Jan. 1929).

Ondertussen het die Reëlingskommissie weer eens die skoolfooie hersien en diè van die Buiteskole in ooreenstemming gebring met diè van die Dorpskool. Die skoolgeld sal vooruit betaalbaar wees vir die periode 1 September tot 31 Mei, dus vir 9 maande (Notule, 14 Jan. 1929).

Die Reëlingskommissie het verder as beleid vasgelê, dat geen *„boeke verkoop of gegee sal word aan persone wat nie hul kinders in die C.N.O.-skool geplaas het nie, of wat nie onder die C.N.O. Reëlingskommissie of Raad onderwys gee nie; verder dat die onderwysers en onderwyseresse nie toegelaat word om enige iemand wat nie in die C.N.O. skool is nie, of die vasgestelde skoolfooie betaal, lesse in die onderwysvak (Metodiek) te gee nie"* (Notule, 28 Jan. 1929).

Met die magdom verantwoordelikhede, is die twee jong onderwysers die kolonie in om hulle taak aan te pak.

Die twee onderwysers het die harte van hul leerlinge en die agting en vertroue van baie in die „Kolonie" gewen (Wasserfall, 16 Okt. 1929, p. 662). Hulle het goeie werk gedoen, en veral mnr. De Villiers het uitgestyg *„vanweë sy meer innemende geaardheid sy meer opgeruime gees en sy besondere praktiese aanleg ..."* Tog skryf ds. Wasserfall: *„hou die mense ook van Loubser"* (Wasserfall, 12 Mei 1929).

Beide die onderwysers het ook dadelik begin om die Spaanse taal onder die knie te kry en die verwagting was dat hulle reeds van 1 September 1929 af die kinders daarin sal kan „aanhelp" (Ibid., Wasserfall, 16 Okt. 1929).

Bo en behalwe die verpligtinge wat daar reeds op mev. Wasserfall gerus het, sou sy „met 'n soort van Normaalklas" begin om dan die mees senior leerlinge as onderwyser/esse te bekwaam vir die kolonie (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

Hierdie plaaslik-opgeleide onderwysers sou dan die twee onderwysers wat uit Suid-Afrika aangevra is, bystaan en sou hulle *„minder van bakboord na stuurboord hoef te ry"* (Ibid.).

**6.4. Donker wolke pak saam.**

Vir die eerste keer sedert die aankoms van die Afrikaners in Chubut was daar nou drie onderwysers onder toesig van 'n koördinerende liggaam besig om onderwys te gee. Maar sake wou van die staanspoor af maar nie vlot nie.

Nie lank na die aanvaarding van hulle taak nie, moes ds. Wasserfall kla: *„die twee onderwysers sukkel aan met 'n handjie vol leerlinge elk. Daar was die beste voorsorg gemaak onder omstandighede vir 'n goeie begin met die Buiteskole; maar ag! 'n mens kan maar nie op die woord van die meeste van ons mense hier staatmaak nie. Daar is 'n gedurige wisseling van planne – geen vaste koers nie"* (Wasserfall, 26 Feb. 1929).

Op Sierra Chaira, waarheen mnr. De Villiers gestuur was, het hy slegs vier kinders in die skool gehad. Op 13 April 1929 moes die Reëlingskommissie boonop ook verneem dat die skoolgebou op Sierra Chaira, by Jan Blackie, nie binne afsienbare tyd gereed sal wees nie (Notule, 13 April 1929, art. 1). Die Reëlingskommissie moes dus onmiddellik aan dié vraag aandag gee of mnr.

De Villiers nog langer vir die vier kinders op Sierra Chaira moet skoolhou en of dit nie beter sal wees as hy na die skool op Brakpan by mnr. Koos Botha verplaas word nie (Ibid.). Die Reëlingskommissie was eenparig in hulle oordeel dat mnr. De Villiers na Brakpan verplaas moet word. Die „skoolkamer en die onderwyserskamer" was gelukkig reeds klaar en mnr. De Villiers kon dus op die 1ste Mei 1929 daar begin (Ibid.). Daar was slegs nog een probleem. Daar was nie meubels nie *„nog vir skool, nog vir onderwyser..."* (Ibid., art. 3). Die Reëlingskommissie het geen ander keuse gehad nie, oë toegeknyp en besluit om die nodige meubels aan te koop (Ibid.). By Sleutelspoort (die skool sou bekend staan as „El Progresso"), waarheen mnr. Loubser gestuur was, het dit ook nie beter gegaan nie. Van die skool kon ds. Wasserfall rapporteer dat daar van die 1ste April af darem vyf kinders was. Dit was egter bemoedigend dat die ouers *„daar 10 kinders wil waarborg, as die onderwyser... daar permanent kan dosseer"* (Ibid., art. 2).

Die kommissie het dan ook besluit dat mnr. Loubser op „El Progresso" moet aanbly, *„mits die ouers sorg dat daar voor die einde van April nie minder dan tien kinders in die skool is nie, en die getal van 10 kinders nie sal daal nie"* (Ibid., art. 36).

Hierdie herreëlings het nuwe verwagtinge meegebring. Op 23 April 1929 kon ds. Wasserfall reeds rapporteer dat mnr. Loubser op Sleutelspoort (El Progresso) nou 11 leerlinge het; dat mnr. De Villiers hoop om op 1 Mei met 11 leerlinge op Brakpan te begin, en dat sy eggenote ook 11 kinders in die Dorpskool het (Wasserfall, 23 April 1929).

In die dorpskool, skryf ds. Wasserfall, kon dit soveel beter gaan. Hy maak melding van verskeie ander Afrikaanse kinders op die dorp, wat tot nog toe net Spaans leer, of net Engels, *„Daar is nog baie van die Ouers wat eenvoudig nie die noodsaaklikheid van* Afrikaans *onderwys wil insien nie, en wat* Engels *verkies!!"* (Ibid.).

Met groot vreugde het hy egter bekendgemaak dat die dogter van Thiens Visser wat deur mev. Wasserfall opgelei is om onderwys te gee, op 1 September 1929 gereed sal wees om ook haar kragte in die onderwysaksie in te werp (Ibid.).

Die een teëspoed op die ander het die onderwysaksie egter in die wiele gery. Skaars is met die onderwys begin, of die skole moes *„noodgedwonge voor die end van Mei sluit vir die wintervakansie, weens 'n swaar kapokval"* (Wasserfall, 16 Okt. 1929, p. 662).

Dit het beteken dat meer as drie maande sou verloop, voordat die skole weer open. Op die stadium was daar darem 17 leerlinge in die Dorpskool, en in die twee Buiteskole onderskeidelik 13 en 10 leerlinge (Wasserfall, 30 Junie 1929).

Hoe het sake in die tussentyd op die tafel van die Reëlingskommissie daar uitgesien? Kon die Reëlingskommissie finansieel al sy verpligtinge nakom? Die prentjie het van die begin af ook hier nie so mooi daar uitgesien nie. Die Reëlingskommissie het reeds gesit met agterstallige skoolgeld wat hulle nie ingevorder kon kry nie (Notule, 24 Sept. 1928). Daar was ook reeds 'n hele aantal agterstallige rekenings wat hulle nie kon betaal nie (Notule, 14 Jan. 1929). Die kassier moes die nodige boeke aankoop vir die boekhouding, banke, tafels en swartborde, asook nog ander noodsaaklike ameublement vir die skole (Ibid.). Verder moes hy nominasie- en stembriewe laat druk vir die Skoolraadsverkiesing (Ibid.).

Ook moes die Reëlingskommissie 'n bedrag van £32/9/2 aan die Algemene Armsorgkommissie betaal vir die skoolboeke wat die onderwysers op aanvraag van ds. Wasserfall saamgebring het (Notule, 28 Jan. 1929).

Die twee onderwysers het na hul aankoms 'n rekening aan die kommissie voorgelê vir uitgawes wat hulle gehad het tydens hulle reis na Chubut (Ibid.). Die kommissie het ook verskeie aansoeke vir lenings (Ibid.) deur jongedogters ontvang wat hulle as onderwyseresse wou bekwaam.

Slegs ten opsigte van salarisse van onderwysers moes die Reëlingskommissie meer as £400 per jaar uitbetaal.

Die meeste van die kollektelyste wat uigegee is, het nie teruggekom nie (Notule, 15 Junie 1929). Dié wat wel teruggekom het, het geen noemenswaardige bedrag opgelewer nie (Notule, 15 Mei 1928). Vanuit Suid-Afrika is die Reëlingskommissie deur die Algemene Armsorgkommissie slegs met £100 per jaar gesustenteer (A.A.K., 30 Maart. 1929).

Van die £100 wat hulle vir 1929 moes ontvang, was daar byvoorbeeld alreeds 'n voorskot van £25 deur die Algemene Armsorgkommissie in Kaapstad aan die twee onderwysers gegee. Dit beteken dat die Algemene Armsorgkommissie se bydrae vir 1929 vir onderwysaangeleenthede in Chubut slegs op £75 te staan gekom het (Luckhoff, 30 Maart 1929).

Met al die verpligtinge op hulle tafel wat hulle moes nakom en met die beperkte fondse tot hulle beskikking, was die toekoms op finansiële gebied

maar taamlik duister. „*Met veel moeite,*" skryf ds. Wasserfall, „*had ons aan die end van die afgelope Kerkjaar* drie C.N.O. *skole ... met* altesame *dus 40 leerlinge*" (Wasserfall, 30 Junie 1929).

Hulle grootste struikelblok op die weg om die onderwysvraagstuk suksesvol op te los, was egter die tekort aan fondse.

Al was die geboue en die meubels en die onderwysers daar, het ds. Wasserfall geskryf, dan het die fondse ontbreek. Die salarisse van die onderwysers was so laag as moontlik vasgestel en tog het die skoolgeld nie eens die helfte van die gesamentlike salarisse opgelewer nie. Die skoolgeld is so laag as moontlik gehou, „*omdat die meeste ouers heeltemal te swak is op finansieël gebied om meer te betaal*" (Ibid.). Daarby is skoolgeld net vir 9 maande gehef, terwyl die salarisse van die onderwysers vir 12 maande betaal is. Sommige ouers kon nie eers die volle skoolgeld betaal nie en moes deur die N.G. Vrouebond gehelp word. Van Regeringskant is daar geen hulp verleen nie, behalwe as hulle net „*pure spaanse skole wil hê, wat vir ons doel en toestande totaal onprakties was,*" het ds. Wasserfall gesê (Ibid.).

Om alles te kroon, het die nuwe sekretaris/kassier van die C.N.O.-Raad, te wete F.D. Conradie, aangedring op 'n salaris, „*want,*" het hy gesê, „*die Kassierswerk is professioneel, en die werksaamhede van die beide Kassier en Sekretaris verplig hom om altyd in die dorp te wees en dit kan nie billikerwyse verwag word dat hy alles moet gratis doen nie*" (Notule, 31 Mei 1928, art. 6).

Geen gemaklike taak het daar op die C.N.O.-Raad wat nog gekies moes word, se skouers gerus nie. „*Veel makliker,*" skryf ds. Wasserfall, „*sou dit egter gewees het, as daar meer samewerking in die Kolonie was om die Raad te rugsteun.*" Die geleentheid het die Nederduits Gereformeerde kerk egter self deur hulle vingers laat glip. Die Gereformeerdes wou saamwerk, maar „*volgens gezonde beginselen*" (Sonneveldt, Okt. 1930). Maar hiertoe is hulle verhinder.

So het die C.N.O.-aksie net een rigting gehad waarheen hulle kon kyk, en dit was na Suid-Afrika.

„*Ons vertrou darem, dat ons vriende in Suid-Afrika ons sal help naar die beste van hulle vermoë; want as die jong Afrikaners hier nie nou die soort en die mate van onderwys ontvang nie, wat ons met die C.N.O. be-oog, dan sien ons hulle toekoms met groot besorgdheid, ja byna wanhopig tegemoed*"

(Wasserfall, 16 Okt. 1929, p. 662).

Sy oë was veral gerig op praktiese steun van die kerk en van sulke sterk liggame, soos die A.C.V.V. en die Helpmekaar (Wasserfall, 30 Junie 1929; 12 Mei 1929; 23 April 1929). Of hy die steun sou ontvang, was egter 'n ander vraag.

**6.5. Die laaste skakel van samewerking verbreek.**

Op 15 April 1929 het die Reëlingskommissie toe uiteindelik besluit om die verkiesing van die C.N.O.-Raad te laat plaasvind op 31 Mei 1929. Nominasielyste moes nie later as die 6de Mei ingehandig word nie (Notule, 15 April 1929, art. 2).

Met die sluiting van die nominasies het dit geblyk dat 'n verkiesing nie nodig sou wees nie, *„want reeds die nominasies het die volgende 6 lede met oorweldigende meerderheid aangewys t.w. J.A. Stegman, Andries Treurnicht, Japie Venter (Geref.), M.G.G. Visser, David Venter (Geref.), en F.D. Conradie"* (Wasserfall, 12 Mei 1929). Ds. Wasserfall is deur die Algemene Armsorgkommissie op 31 Oktober 1928 reeds *„officieel as verteenwoordiger op die Raad aangewys waarop hy as Voorsitter sou dien"* (A.A.K., 31 Okt. 1928; Notule, 31 Mei 1929).

Geen Gereformeerde het aan die verkiesing deelgeneem nie (Ibid.). Tog is daar twee Gereformeerdes op die Raad aangewys. Dit is opmerklik dat Lang Marthinus Venter wat op die Reëlingskommissie gedien het, nie nou op die Raad verkies is nie. In sy plek is die heer Japie Venter aangewys.

Intussen het die Algemene Armsorgkommissie nog voor die verkiesing van die C.N.O.-Raad laat weet dat wat die C.N.O.-Raad betref, hulle *„liefs buite wil staan, m.a.w. die A.A. wil nie aanspraak maak om verder lede op die Skoolraad te benoem nie. Die ondersteuning wat die A.A. gee vir Onderwys in Chubut so is verder geskryf moet in die toekoms beskou word as bydrae van die N.G. Kerk, Chubut en die voordeel wat dit meebring wat kiesing van Skoolraad betref, moet bly by die N.G. Kerk Chubut"* (Luckhoff, 30 Maar 1929).

Na aanleiding van die brief en in die lig van die brief wat ds. Wasserfall reeds in November 1928 ontvang het, waarin hy as hulle verteenwoordiger op die Raad aangewys is, skryf hy aan ds. Luckhoff: *„Vir hierdie keer is ek dan die offisieël aangestelde van die A.A. op die Skoolraad ... in die toekoms sal ek*

*nie meer as verteenwoordiger van die A.A. benoem word nie, maar eweas al die Kandidate sal ek moet* gekies *word as hul my op die skoolraad wil hê"* (Wasserfall, 12 Mei 1929).

Op die eerste Raadsvergadering verneem ons dat die twee Gereformeerdes, te wete M.D.J. Venter en J.L. Venter, geweier het om die benoeming op die Raad aan te neem (Notule, 31 Mei 1929).

Daar is op die vergadering twee briewe van die here voorgelees waarin hulle formeel kennis gee dat hulle nie hulle weg oopsien om op die Skoolraad te dien nie (Ibid.).

Geen rede word egter aangegee nie, en geen bespreking is op die Raad hieroor gevoer nie. Ons lees slegs later in die notule: *„In verband met die twee bedankings word besluit ... dat in hierdie spesiale geval die C.N.O.-Raad die vakatures aanvul op sy eerste vergadering"* (Ibid.). Dit was die einde van 'n „drama" wat lankal reeds in sig was.

Pas na sy aankoms in Chubut skryf ds. Wasserfall aan ds. Luckhoff *„dat was 'n groot aanmoediging vir ons om te merk hoe die twee Geref. Lede (David Venter en lang Marthinus Venter) instem met ons onderwysplanne"* (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

Dit was egter tot groot verontwaardiging van sommige Gereformeerdes dat die genoemde twee broeders bly dien het in die Reëlingskommissie. *„Dit is my een raadsel,"* skryf Jan van Norden, *„hoe Geref. Kerkraadsleden, nog wel scriba en Kassier een ambt kunnen bekleeden in een Raad die rechtstreeks onder N.G. toezicht staat..."* (Van Norden, 13 Mei 1929). Inderdaad, dit was 'n raaisel, as dit bekyk word in die lig van die heersende spanninge wat daar tussen die twee kerke bestaan het.

Wat die twee Gereformeerdes uiteindelik beweeg het om nie die benoeming op die C.N.O.-Raad te aanvaar nie, is nie bekend nie. Dat daar geweldige druk deur ds. Sonneveldt en die ander Gereformeerdes op hulle uitgeoefen is, kan slegs vermoed word. Dat hulle ongemaklik begin voel het, is nie uitgesluit nie, want juis in dié tyd het daar ook 'n onderwyser uit Suid-Afrika aangekom wat in die skool wat deur ds. Sonneveldt gestig is, sou skoolhou (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

Ds. Wasserfall het egter gemeen dat hulle niks hoef te vrees *„dat daar iets tereg sal kom van 'n paar Dopper Groepies se separatistiese planne hier in*

*die Boerekolonie — dis meer blaf as byt. Hul kan op die meeste net ons planne 'n bietjie* dwarsboom, *soos die ook vir my lyk dat hul nou wil doen; maar om op hierdie stadium iets* positiefs op te *bou as 'n opposisie vir ons skole, daartoe is hul nie instaat nie. Mog die Heer u help om gou die* regte twee *manne te vind"* (Ibid.).

Hy het ook gemeen dat waar hy *„nou weer die hulp en vertroue van sommige van die mees invloedryke Gereformeerdes hier te kry, sal help om die Geref. Kerk in S.A. te beweeg om ook geldelike steun te verleen"* (Ibid.).

Die „hulp en vertroue van die sommige van die mees invloedryke Gereformeerdes" het gesien op die verteenwoordiging van die twee Gereformeerdes in die C.N.O.-Reëlingskommissie.

Nie lank voor die verkiesing van die C.N.O.-Raad nie, het ds. Wasserfall egter aan ds. Luckhoff geskryf dat hy hoop *„ons N.G. kant gaat die meerderheid in die skoolraad kry, nie net omdat ons nooit te gerus moet wees vir die ander kant nie, maar ook omdat dit ons 'n kans sal gee om metterdaad aan die Geref. kant bewys te lewer, dat ons die onderwysbelange van* hulle *kinders net soseer op die hart dra, as van die N.G. kinders"* (Ibid.).

As ds. Wasserfall 'n paar maande later skryf: *„Ons ... beskou en behandel die onderwys belange as bokant die Kerklike of Genootskaplike verdeeldheid verhewe"* (Wasserfall, 30 Junie 1929), dan voel 'n mens dat dit nie die toets van egtheid kan deurstaan nie.

In elk geval, in die feit dat die twee Gereformeerdes die C.N.O.-Raad kennis gegee het, dat hulle nie hulle weg oopsien om op die Raad te dien nie, is die laaste skakel van die samewerking tussen die twee kerke op onderwysgebied verbreek. Ds. Wasserfall kon nie daarin slaag om samewerking van die Gereformeerdes op onderwysgebied te verkry nie. Hy het hom ook nie juis baie daarvoor beywer nie. Die gevolg was dat *„die Ned. Geref. groep byna die gehele gelag moes betaal"* (Wasserfall, 30 Junie 1929).

Die rede wat ds. Wasserfall aangevoer het waarom die samewerking van die Gereformeerdes op onderwysgebied nie verkry kon word nie, was *„omdat die Armsorg 'n verteenwoordiger op die raad benoem het"* (Ibid.). As gevolg van die verteenwoordiging van die Algemene Armsorgkommissie op die Raad het van die Gereformeerdes inderdaad gevoel dat hulle deur samewerking onder die gesag van die Nederduits Gereformeerde kerk van die Kaapkolonie kom. Die Gereformeerdes was nie teen samewerking op die onderwysgebied

nie. Inteendeel, dit is vurig begeer en hulle was selfs bereid om hulle aksie onder die C.N.O.-Raad in te skakel *„maar nie onder die Algemene Armsorg ... nie!"* (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

Die verdeeldheid sou 'n belangrike faktor word om elke poging om die onderwysvraagstuk suksesvol op te los, te laat misluk.

## 7. DIE TWEEDE PERIODE.

Gedurende die wintervakansie van 1929 kon die C.N.O.-Raad sy laaste vere regskud en kon hy volstoom op 1 September 1929 sy hand aan die ploeg slaan. Hoe het die C.N.O.-Raad sy roeping vervul, en was daar nou bestendiging van onderwyssake? Kon die C.N.O.-Raad die onderwysaksie finansieel suksesvol deurvoer?

### 7.1. Verskeie huishoudelike reëlings.

Op die vasgestelde skoolgeld per kind het ons reeds gewys. 'n Behoeftige ouer of voog wat nie die skoolgeld ten volle kon betaal nie, moes, voor hy sy kind in 'n skool kon plaas, eers by die skoolkomitee of direk by die C.N.O.-Raad aansoek doen om afslag, met opgaaf van besonderhede van sy geldelike posisie en inkomste (Reglement van C.N.O.-Skole, 1929).

Indien ouers egter in gebreke bly om agterstallige skoolgeld te betaal, sal hulle kinders die skool dadelik moet verlaat (Notule, 30 Aug. 1930., art. 3). Kinders in ander skole, sou ook nie geregtig wees op hulp uit die Hulpbehoewende Ouerfonds (H.B.O.F.) nie (Ibid., art. 7).

Wanneer 'n ouer van voorneme was om sy kind uit die skool te haal, moes hy minstens een maand voor die tyd en wel aan die begin van die maand, skriftelik aan die plaaslike Skoolkommissie of aan die sekretaris van die C.N.O.-Raad kennis gee. Indien iemand ten opsigte van dié reël in gebreke sou bly, sou die skoolgeld vir nog een maand betaal moes word (Reglement van C.N.O.-Skole, 1929). Skoolboeke en ander benodigdhede moes kontant aan die onderwyser/es betaal word (Ibid.).

Vakansietye sou ongeveer drie maande per jaar wees, verdeel in korter en langer tydperke, namate die skoolbestuur dit goedvind (Ibid.).

Indien 'n leerling afwesig was, moes hy of sy 'n brief van die ouer of voog na die onderwyser neem waarin verklaar moes word waarom die kind afwe-

sig was (Ibid.).

Die onderwysers op die Buiteskole sou verantwoording verskuldig wees vir alle boeke, meubels, skoolraadeiendom, ensovoorts, aan die plaaslike Skoolkommissie, wat op hulle beurt weer aan die Skoolraad verantwoording sou moes doen (Notule, 15 Junie 1929, art. 5).

Kort na die aanvang van die tweede skooljaar moes die skool op Sleutelspoort (El Progresso) sluit as gevolg van die feit dat daar nie genoeg kinders was nie en baie van die ouers weggetrek het. In dieselfde periode was daar weer by Sierra Victoria 'n groot aantal kinders wat op onderwys gewag het. Ook het die Sierra Skoolkommissie in dié tyd besluit om onder die C.N.O.-Raad in te skakel. Mnr. Loubser is toe daarheen verplaas en het daar skoolgehou totdat hy terug is na Suid-Afrika in 1931 (Wasserfall, 10 Nov. 1929).

Met die skool op Brakpan, waar mnr. De Villiers was, het dit blykbaar goed gegaan, soseer so dat die geboutjie baie gou te klein geword het (Ibid.).

Mnr. De Villiers wat aanvanklik baie tevrede in Chubut was, was van plan om self sy skoolkamer op Brakpan te vergroot deur die muur tussen sy slaapkamer en die skoolkamer uit te breek. Dit sou meebring dat hy dan by 'n sekere mnr. Stegman sou moes gaan inwoon en elke dag ongeveer 12 myl heen en weer na die skool moes aflê (De Villiers, 5 Jan. 1930).

Hy het dan ook inderdaad die daad by die woord gevoeg en sy plan suksesvol uitgevoer (De Villiers, 22 Junie 1930). Deur sy ywer het hy ook op Brakpan 'n geslaagde skoolkonsert op die planke gebring. Dit was iets wat nog nooit vantevore in Chubut onderneem is nie. Hy het self 'n skoollied vir die Brakpanskool gedig en die sing daarvan het baie byval gevind (Ibid.).

Intussen het mev. Wasserfall 'n sekere jonge dogter, Johanna Visser, opgelei om die laerklasse te kan behartig. Op die Raadsvergadering van 21 September 1929 het die Skoolraad verneem dat sy nou gereed is om onderwys te kan gee (Notule, 21 Sept. 1929).

As gevolg van die feit dat mev. Wasserfall baie las van haar senuwees gehad het, en sy hulp by die Skoolraad aangevra het om haar verantwoordelikhede te verlig, het die Skoolraad besluit om mej. Visser as assistente op die dorpskool aan te stel, *„delende werk en salaris met die onderwyseres, Mev. Wasserfall -- soos aan die hand gegee deur die voorsitter, totdat sy ... later kan uitgeplaas word"* (Notule, 21 Sept. 1929; Wasserfall, 11 en 25 Sept. 1929).

Met dié hulp het mev. Wasserfall, wat reeds gedreig het om as onderwyseres te bedank, nou haar weg oopgesien om met die werk nog voort te gaan (Wasserfall, 10 Nov. 1929).

Die Raad het verder besluit dat rapporte voortaan halfjaarliks in verband met die vordering van kinders uitgestuur moet word (Notule, 14 Des. 1929, art. 4). As gevolg van die groot afstande en swak kommunikasiemiddele is die werksaamhede van die Raad dikwels in die wiele gery.

Tussen die kassier en die plaaslike kommissies was daar ook dikwels struwelinge oor administratiewe aangeleenthede (Notule, 14 Des. 1929; 17 Feb. 1930). In Mei 1930 moes die skole weer eens voor die einde van die maand sluit as gevolg van die koue. Sierra Victoria moes reeds die 15de Mei sluit (Wasserfall, 28 Mei 1930).

„*Dit help nie,*" skryf ds. Wasserfall, „*om hier 'n sluitingsdatum vir die skole vir die wintervakansie vas te stel nie; die winter self kom die skole sluit*" (Ibid.).

## 7.2. Die toestand aan die einde van die tweede skooljaar.

Hoe het die sake nou aan die einde van die tweede skooljaar gestaan? Daar was nog maar steeds net die drie skole, naamlik Comodoro Rivadavia, Sierra Victoria en Brakpan, met 'n gesamentlike kindertal van ongeveer 40. Die twee onderwysers, skryf ds. Wasserfall, „*het nog al die tyd eersteklas gewerk, en waarlik veel tot stand gebring*" (Wasserfall, 16 Julie 1930).

Mev. Wasserfall het egter aan die einde van die tweede skooljaar as hoofonderwyseres vir die Dorpskool bedank (Notule, 17 Mei 1930, art. 7; Wasserfall, 16 Mei 1930). Met „leedwese" is die bedanking aanvaar en 'n brief van dank en waardering is deur die Raad aan haar gerig (C.N.O.-Raad, 23 Junie 1930).

Dit was 'n groot slag vir die Raad. „*Ek reken,*" so het ds. Wasserfall geskryf, „*nou maar meeste op die twee Buite skole, waar die twee Onderwysers nog steeds baie goeie werk doen... Natuurlik sal die C.N.O.-Skool op die Dorp na die vakansie voortgaan, al het my eggenote reeds haar bedanking ingestuur, wat dan ook onder omstandighede aangeneem is deur die C.N.O.-Raad; want mej. Johanna Visser sal nog aanhou met onderwys gee, maar nou sal die Dorpskool eintlik net vir Junior kinders wees, omdat van Mej. Visser nog nie kan verwag word om kinders wat bokant std. 3 gevorder is met goeie resultate verder op te lei nie*" (Wasserfall, 28 Mei 1930).

Die grootste moeilikheid vir die Raad *„bly egter nog altyd* die losies. *Nergens is daar genoeg losiesruimte vir meer kinders nie; en daar is seer weinig ouers, wat dit kan bybring om losies te betaal, behalwe nog ook die skoolfooie"* (Ibid.).

Telkens het ouers dan ook hulle kinders uit die skole geneem *„eenvoudig omdat die ouers nie meer kon betaal nie, en omdat ons Hulpfonds vir die fooie van behoeftige leerlinge uitgeput is"* (Ibid.).

*„Op finansiële gebied,"* het ds. Wasserfall verder geskryf, *„gaat dit vanjaar só, dat ons glad nie eens kan dink aan uitbreiding nie. Inteëndeel, ons moet net doen al wat ons tot ons vermoë kan om te waak teen inkrimping. Dit is nou byna 6 maande gelede dat ons direk aan die A.C.V.V. en die Helpmekaar geskryf het om geldelike steun; maar tot nog toe het ons nog net van die Helpmekaar 'n erkenning van die ontvangs van ons brief gekry, en 'n belofte om dit voor hulle kongres te lê"* (Ibid.).

Vir die aanstuur van die £100-toelaag van die Algemene Armsorgkommissie moes die C.N.O.-Raad letterlik bedel. In Februarie 1930 skryf ds. Wasserfall aan ds. Luckhoff: *„Die Armsorg sal seker binnekort sy £100 vir hierdie jaar stuur"* (Wasserfall, 22 Feb. 1930).

Aan die einde van Mei moes hy sy smeekrede vir die toelaag herhaal: *„Ons sal seker een van die dae die £100-stg. ontvang, wat die Armsorg so goedgunstiglik weer hierdie jaar gestem het vir die onderwys"* (Wasserfall, 28 Mei 1930), en dit terwyl hy in Februarie reeds geskryf het, dat die agterstallige skoolgeld (die skoolgeld het nie eers die helfte van die salarisse gedek nie) sowat 800 pesos bedra. Boonop het hulle geen lyste vir vrywillige bydraes uitgestuur nie, *„want daar is geen geld om te gee nie"* (Wasserfall, 22 Feb. 1930).

Seer sekerlik het hierdie omstandighede bygedra tot die volgende mosie op die Raadsvergadering van 17 Mei 1930: *„Is dit wenslik of nie om die C.N.O.-Skole te sluit en die onderwysers(esse) af te dank?"* (Notule, 17 Mei 1930). Maar daar het nog meer hieragter gesit.

Die heer Conradie wat die mosie ingedien het, het in die motivering van sy mosie melding gemaak dat daar geen samewerking in die kolonie was ten opsigte van die oplossing van die onderwysvraagstuk nie. Hy maak verder melding van 'n nuwe skool wat daar nou in Comodoro Rivadavia geopen is buite die C.N.O.-Raad. In sy betoog het hy verder gesê: *„Die ouers maak alle soorte*

*en enige ekskuus vir hulle gedrag dan is dit, daar word nie genoeg tyd aan die Engelsetaal gegee nie, dan weer die skoolfooie van die C.N.O.-Skool is te hoog ensovoorts ... Egter word die mag van finansiële beheer deur die Skoolraad gestrem, verbrokkel en opgebreek deur gebrek aan fondse en teenstand deur die ouers in besonder"* (Notule, 17 Mei 1930, art. 4).

Maar wat was die pas gestigte skool in Comodoro Rivadavia waarvan hy melding gemaak het? Dit was 'n skool wat deur niemand anders as deur Raadslid A. Treurnicht geopen is nie. So 'n daad is werklik baie moeilik om te begryp.

Vroeër het ds. Wasserfall ten opsigte van sy ideale geskryf: *„Dis die ontroues en teewerkers* **in** eie **kring** *(die Judasse binne die Dissipelkring) wat die remketting aan 'n mens se been is!"* (Wasserfall, 12 Mei 1929). Hier het ons nou so iemand wat nie anders as 'n „Judas binne die Dissipelkring" genoem kan word nie, wat, sonder om sy mede-Raadslede vooraf te ken, sy eie skool met mej. Tienie Biggs aan die hoof in Comodoro Rivadavia geopen het *„terwyl die C.N.O.-Skool nog aan die gang is en nogal vir Afrikaanse kinders"* (Notule, 17 Mei 1930, art. 4). *„Sulke handelswyse het broeder Conradie betoog, maak die C.N.O. opvoeding nagenoeg onmoontlik"* (Ibid.).

Die res van die Raad, en veral ds. Wasserfall, was seker met lamheid geslaan. Die skool is dan ook inderdaad deur die C.N.O.-Raad as 'n opposisieskool beskou.

Raadslid Treurnicht het verduidelik dat die skool voorlopig *„net as 'n aanvullende skool vir die wintervakansietyd is, en ook net om die kinders Spaans te leer en dus nie as opposisie skool behoort beskou te word nie"* (Ibid.).

Die heer Treurnicht was egter nie bereid om te sê wat na die wintervakansie met die skool sal gebeur nie. Hy het die feit dat hy en ander ouers die C.N.O.-geld te hoog vind, erken en dat dit wel te doene gehad het met die stigting van die privaat skool (Ibid.).

Die voorsitter, ds. Wasserfall, se reaksie hierop was: *„dat ons vandag met die onderwysvraagstuk afgedaal het tot presies waar ons was met die aanvang van die C.N.O.-skema, d.w.s. ooral private skole, opgerig deur ouers, ongeorganiseerd en op losse voet maar tot nadeel van die C.N.O. en hy wys met klem daarop dat hoe meer kinders die C.N.O. skole bywoon, hoe eerder die Raad die skoolfooie sal kan verminder"* (Ibid.).

Hierdie uitspraak van ds. Wasserfall was niks anders nie as 'n erkenning dat

die Nederduits Gereformeerde kerk misluk het om die onderwysvraagstuk in Chubut suksesvol op te los.

7.3. Die wa op die afdraende pad.

Die wa was nou vinnig op die afdraende pad.

In Augustus 1930 word op die C.N.O.-Raadsvergadering gerapporteer dat die Helpmekaar geweier het *„om enige ondersteuning aan die C.N.O. hier te verleen".* Die A.C.V.V. het egter £20 gestuur waarvoor die Raad sy dank betuig het (Notule, 30 Aug. 1930, art. 4).

Die kassier het voorts gerapporteer dat daar reeds agterstallige salarisse aan die twee onderwysers verskuldig is ten bedra van 662,60 pesos. Indien die agterstallige skoolgeld ingesamel kan word, sal die onderwysers wel betaal kan word (Ibid.).

Op die Desembervergadering rapporteer die kassier dat die agterstallige salarisse van die onderwysers en nou ook dié van die onderwyseres nie uitgewis kon word nie en dat die gesamentlike bedrag verskuldig nog 622,60 pesos is (Notule, 6 Des. 1930, art. 4), en dat die uitstaande skoolgeld sedert 1 September 1930 vergroot het. Die kas is verder leeggetap weens die feit dat die kassier/sekretaris geweier het om sy werk gratis te doen. Gevolglik het die Raad besluit om aan hom elke drie maande 'n honorarium *„toe te ken naardat die sterkte van die kas toelaat"* (Notule, 21 Sept. 1929, punt 6). Die honorarium was nooit minder as 75 pesos nie.

In die periode waarin die salarisse van die onderwysers nie betaal kon word nie, verneem ons nog: *„Kassiers Honorarium vir die drie maande Okt., Nov. 1930 word weer op $90,00 vasgestel en met dank ontvang"* (Notule, 6 Des. 1930, art. 6).

Op hierdie vergadering van 6 Desember 1930 het die Skoolraad in beginsel besluit om die skool op Sierra Victoria te sluit.

Aanstonds kom ons op die hele Sierra Victoria-skoolaangeleentheid terug.

In elk geval, so het mnr. T.C. de Villiers gereken, as die Skoolraad nie my salaris kan betaal nie, dan hou ek maar die skoolgeld in die plek daarvan (Ibid., art. 8).

'n Heel interessante drama het hom die dag van 6 Desember 1930 aan huis van die kassier afgespeel: *„Die Kassier rapporteer dat die onderwyser van Brakpan vandag by hom was met skoolfooie van 'n paar leerlinge, maar die onderwyser weer die skoolfooie in sy sak gesteek't toe hy verneem dat daar nie genoeg geld in die kas is om al die onderwysers tot op datum ten volle uit te betaal nie. Die kassier het die onderwyser toe verduidelik dat daar geen voorkeur aan één onderwyser bó 'n ander kan gegee word nie, en dat hulle almal onder die omstandighede voorlopig moes tevrede wees met 'n gedeelte van die salaris vir die maand November en dat die onderwyser 'n bietjie geduld moet gebruik.*

*„Maar die onderwyser het haastig gegroet en geloop"* (Ibid.)!

Die Raad was beslis in sy optrede: *„Sulke gelde is Raadseiendom en mag deur niemand in beslag geneem of onnodig lank teruggehou word nie. Die fooie van Brakpan, tans in hande van die onderwyser moet derhalwe onverwyld inbetaal word, soos steeds in die verlede gedoen was"* (Ibid.).

Die C.N.O.-Raad het hierop die volgende besluit geneem: *„Gesien die besonder moeilike finansiële omstandighede waarmee die C.N.O. hier moet sukkel, en waarvan die onderwysers ook weet, so neem die Raad met waardering kennis van die reëlings in die verledene, wat heden deur die boeke van die Kassier geopenbaar word, dat nl. wanneer daar nie 'n voldoende som in die Kas was om alle salarisse ten volle uit te betaal nie, die onderwysers weens 'n eg kristelike konsiderasie vir mekaar, sowel as vir die Raad, herhaaldelik toegestem't om voorlopig dan 'n pro rata deel van hul salarisse te ontvang totdat die res later kon uitbetaal word. Die Raad is van gevoele dat hierdie selfde reëling nog steeds gevolg sal word en vertrou daartoe op die diskressie en die mees simpatieke konsiderasie beide van die onderwysers en van die kassier. Meen enige gesalarieerde persoon dat daar wettige rede bestaan vir klagte oor uitbetaling van salaris, dan is die weg steeds ope om sodanige klagte skriftelik of persoonlik by die Raad in te dien"* (Ibid.).

Aan mnr. De Villiers is 'n afskrif van die besluite gestuur. Die onderwysers sou baie sterk moes wees om geduldig onder die omstandighede te bly. Mnr. T.C. de Villiers was egter nie hiertoe instaat nie en op die Raadsvergadering van die 4de April 1931 lees die sekretaris 'n brief van mnr. De Villiers voor *„waarin laasgenoemde die Sekretaris kennis gee dat die onderwyser sy salaris in die toekoms elke maand ten volle ontvang, of gestuur word aan Mnr. M.G.G. Visser, sonder dat daarvoor gevra word"* (Notule, 4 April 1931, art. 7).

Wat kon die Raad anders doen as om daarvan kennis te neem en die onderwyser na sy vorige besluit in sake uitbetaling van salarisse te verwys? Die onderwysers het hulle werklik in 'n onbenydenswaardige situasie bevind. Hulle het inderdaad die dupe geword van die kerklike imperialistiese strewe van sekere predikante van die Kaapse „N.G. Kerk".

### 7.4. Die Sierra Victoria-skoolkwessie.

Ons wil nou eers stilstaan by die meermale genoemde Sierra Victoria-skooltjie en die storms wat onder die kombers rondom die skooltjie gewoed het.

In sy verslag aan die Algemene Armsorgkommissie in 1926 het ds. Luckhoff vermeld van die Sierra Victoria skooltjie onder die hoofskap van 'n sekere mnr. T. van der Walt jnr., 'n lid van die Gereformeerde Kerk Chubut, waar daar *„deeglike werk gedoen word"* (Luckhoff, 1926, p. 50).

Daar was op dié stadium 11 kinders in die skool. Selfs die Spaanse taal is ook daar geleer (Ibid.).

Op aanbeveling van ds. Luckhoff het die A.A.K. £24 vir 1926 ter ondersteuning aan die skooltjie toegestaan (Ibid., p. 57).

Dieselfde bedrag is weer in 1927 deur die Algemene Armsorgkommissie aan die skooltjie toegesê (Luckhoff, 1 Junie 1927). Hy skryf verder aan Visser: *„Wat die £24 toelaag vir skool op Sierra Victoria betref, moet u asseblief solank die bedrag uitbetaal. Ons sal dit stuur met die deputaat"* (Ibid.). Die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Kerk Chubut besluit dan ook op 17 September 1927 *„om die Sierra Victoria skool kennis te gee dat die bylaag van £24 van Suid-Afrika vir hierdie jaar tot hulle beskikking is en kan enige tyd verkry word op aanvraag aan die Kassier"* (Visser, 25 Sept. 1927).

Deur middel van 'n brief in *De Kerkbode* het die Sierra Victoria-skoolkommissie die Algemene Armsorgkommissie bedank vir die ondersteuning wat aan hulle skooltjie verleen is (Skoolkommissie, 7 Maart 1928, p. 326).

Hierdie skooltjie het sy eie skoolkommissie gehad wat blykbaar sake aan die skooltjie goed beheer en vlot laat verloop het.

Die £24 wat die Algemene Armsorgkommissie vir 1927 gestem het, is aan ds. Hurter gegee om tydens sy besoek aan Chubut aan die skoolkommissie

af te dra (Hurter, 5 Jan. 1928).

Soos sy voorganger, ds. Wasserfall, wat Chubut in 1926 besoek het, het ook hy die bedrag van £24 in die kas van die Nederduits Gereformeerde kerkraad inbetaal (Ibid.). Hy het die Nederduits Gereformeerde kerkraad ook opdrag gegee om dit nie uit of oor te betaal nie, alvorens hulle van die Algemene Armsorgkommissie instruksies ontvang. Hy sou dan die hele aangeleentheid van hulpverlening aan die Sierra Victoria-skool eers met die A.A.K. bespreek. Hy het gevoel dat die skoolkommissie die geld eintlik nie nodig het nie. Hulle het volgens hom nie eers sekerheid gehad wat hulle met die geld wou maak nie. Alles was rondom Sierra Victoria vir hom gehul in 'n waas van onsekerheid.

*„Als dit vir behoeftige kinders gebruik moet word,"* skryf hy, *„dan is mÿns insiens die C.N.O.-Raad wat daar nou in die lewe geroep word die regte ligaam om die geld te bestee. Hierdie liggaam sal tog nou sorg dra vir die onderwys van al die kinders in die Boerekolonie"* (Ibid.).

Hy beveel dus aan: *„om onse kerkraad in Chubut die reg te gee om nou ten minste die £24 wat ek mee geneem het in die kas van die Reëlingskommissie in te betaal. Die eerste £24 spreek ek geen opinie oor uit nie"* (Ibid., p. 14).

Nog voordat die Algemene Armsorgkommissie van die aanbeveling van ds. Hurter geweet het, het hulle reeds besluit om vir 1928 'n verdere bedrag van £24 vir die Sierra Victoria-skooltjie te stem (Notule, A.A.K., 15, 16 Feb. 1928).

Blykbaar het die Algemene Armsorgkommissie na die aanbeveling besluit om die £24 vir 1928 nie aan te stuur nie, want op 3 November 1928 skryf ds. Wasserfall: *„Daar is nou £48 wat aan genoemde skool moet betaal word, maar die Skoolkommissie het nog net £24 gevra. Nou skyn dit my dat die laaste £24 liewer vir die onderwys in die algemeen hier moet gebruik word as 'n bydrae van die N.G. kant, wat dan ook soveel meer stemme vir ons sal beteken by die verkiesing van die C.N.O.-Raad"* (Wasserfall, 3 Nov. 1928). Die stemme van 'n liggaam was gegrond op die bydrae wat daardie bepaalde liggaam in die C.N.O.-kas sou stort. En vir ds. Wasserfall was dit baie noodsaaklik dat die „N.G. kant" die meerderheid moet kry, omdat 'n mens onder andere nooit te gerus vir die ander kant moet wees nie (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

Hy motiveer sy versoek deur te sê dat die onderwyser hom verseker het *„dat*

*hy sy salaris tot nog toe ten volle ontvang het ... daarbenewens is dit opmerklik dat daar net pure Gereformeerde kinders in daardie skool is gedurende die laaste jaar..."* (Wasserfall, 3 Nov. 1928).

Hierdie manipuleerdery het die Nederduits Gereformeerde kerkraad egter in die moeilikheid laat beland, met die gevolg dat ds. Wasserfall by die Algemene Armsorgkommissie moes aanklop om uitsluitsel in die saak te gee. Die saak het so gestaan:

Ds. Hurter het in 1927 bevind, so skryf ds. Wasserfall, dat die Sierra Victoria-skool *„net 'n pure Gereformeerde skool was, met geen enkele Ned. Geref. kind nie, terwyl die onderwyser ook nog destyds Geref. was. Dit wis u en die A.A. Kommissie nog nie. Wel, in Ds. Hurter se rapport aan die kerkraad hier sê hy uitdruklik dat daardie som nie vir die Sierra Victoria skool kan gaan nie onder omstandighede, maar wel vir die* **Algemene C.N.O. Fondse;** *en so die kwitansie ook wat hy vir daardie geld hier gelaat het. Nou eis die Sierra Victoria Skoolkommissie daardie geld, en ons weier op grond van Ds. Hurter se verklaring om dit af te gee.*

*„Die fout het so gekom. U het vóór ds. Hurter se koms hierheen aan Br. Thiens Visser geskryf dat die Algemene Armsorgkommissie met Ds. Hurter weer £24 sal stuur vir genoemde skool; en Thiens skryf dit sommer dadelik aan die Skoolkommissie dáár voordat Ds. Hurter aanland. Had u en die Algemene Armsorgkommissie geweet wat Ds. Hurter later ontdek het, dan het u bepaald nie die geld vir daardie partikuliere skool gestuur nie, maar wel vir die Algemene C.N.O. Kas"* (Wasserfall, 23 April 1929).

Met hierdie aanbeveling het ds. Hurter se gesindheid teenoor die Gereformeerdes in Chubut ook glashelder geword. Die rede waarom die £24 nie aan die Sierra Victoria-skool gegee moes word nie, was, omdat die skool „net 'n pure Gereformeerde skool was". Dit blyk nie of onderwysbelange bokant die „kerklike of Genootskaplike verdeeldheid verhewe" behandel is nie, maar dat kerkisme tog swaar geweeg het. Dit bevestig wat ds. Sonneveldt van ds. Hurter se optrede geskryf het op die vergadering van 16 Desember 1927.

Nou verstaan ons ook waarom mnr. T.G. de Villiers heel eerste na Sierra Victoria gestuur is om daar 'n skool te begin. Dit moes as 'n opposisieskool dien vir die privaat Sierra Victoria-skooltjie wat nie onder die C.N.O.-Raad gestaan het nie. Die C.N.O.-Raad het egter bedroë daarvan afgekom, want mnr. De Villiers kon slegs 4 kinders uit die Sierra Victoria-gebied kry en moes daarom toe na Brakpan verplaas word.

Met betrekking tot die versoek oor die £24-toelaag vir die Sierra Victoria-skool, het die Algemene Armsorgkommissie niks finaal besluit nie, maar was dit sy wens *„dat die C.N.O.-Raad wat nou die verantwoordelike liggaam is ré Onderwyssake, na sy eie diskresie moet handel"* (Luckhoff, 28 Okt. 1929).

Die Algemene Armsorgkommissie het dus die saak in die hande van die C.N.O.-Raad gelaat wat dan self daaroor moet besluit.

Intussen is onderhandel met die skoolkommissie van Sierra Victoria oor die moontlikheid om onder die C.N.O.-Raad ingeskakel te word. Die skoolkomitee sou die C.N.O.-skoolraad voor die einde van Mei 1929 van hulle besluit laat weet. Mnr. T.J. van der Walt het ook besluit om die tuig teen die einde van Mei neer te lê. Dit sou beteken dat die bestaande Sierra Victoria-skooltjie dan ook moes sluit (Notule, 13 April 1929).

In Aug. 1929 het die C.N.O.-Skoolraad 'n onderhoud gehad met drie verteenwoordigers van die Sierra Victoria-skoolkommissie oor inskakeling onder die C.N.O.-Raad (Notule, 31 Aug. 1929).

Die mense van Sierra Victoria wou toe sommer reeds twee skole hê (Wasserfaal, 15 Aug. 1929).

Die C.N.O.-Raad het hulle meegedeel dat hulle dit sal oorweeg om aan hulle één onderwyser te gee, mits hulle sal probeer om meer as 800 pesos per jaar in te bring (Ibid.).

Sierra Victoria was vir die C.N.O.-Raad egter 'n baie gunstige punt vir 'n skool, omdat daar op dié stadium ongeveer 25 moontlike leerlinge was (Wasserfall, 15 Aug. 1929).

In September 1929 het die Skoolraad verneem dat daar 17 leerlinge sal wees om mee te begin, *„maar NB. 4 N.G. en 13 Geref. kinders!!"* skryf ds. Wasserfall (Wasserfall, 25 Sept. 1929).

Op die vergadering van 21 September 1929 is die skool te Sierra Victoria toe formeel ingeskakel onder die C.N.O.-Raad en het die Raad alle verpligtinge wat daar voortaan op die Sierra Victoria-skoolkommissie sou rus, skriftelik aan hulle deurgestuur. Die inskakeling sou voorlopig net vir een jaar wees (Wasserfall, 25 Sept. 1929).

Daar is toe verder besluit om mnr. Loubser vanaf „El Progresso" na Sierra Victoria te verplaas (Notule, 21 Sept. 1929, art. 4, 6, 8).

Afgesien van die feit dat daar op „El Progresso" net 9 kinders was en op Sierra Victoria 17, het die Raad as verdere beweegrede waarom hulle Loubser na Sierra Victoria verplaas, aangevoer dat die gevaar wesentlik bestaan het dat *„daar heel moontlik 'n Goewerment Skool sou geplaas geword het, wat 'n noodlottige stap vir ons hele Kolonie sou gewees het"* (Wasserfall, 10 Nov. 1929).

Met hierdie verwikkeling was die kwessie van die £24-toelaag aan die Sierra Victoria skool dan ook meteens opgelos. Sierra Victoria-skool was nou onder die C.N.O.-Raad ingeskakel! Alles sal egter nou in die werk gestel moes word om die Nederduits Gereformeerde ouers te beweeg om hulle kinders ook na die skool te stuur.

'n Tweede skandaal sou hom egter binne afsienbare tyd rondom die skool afspeel.

Op 1 November het mnr. Loubser sy nuwe betrekking as hoof van die Sierra Victoria-skool aanvaar. Die skooltjie het in 1916/17 onder die „Vereeniging vir Christelike Onderwys" wat deur ds. Sonneveldt in die lewe geroep is, ontstaan (Skoolkommissie, 9 Mei 1926). Die skoolgeboutjie was maar klein en ondoeltreffend. *„Ruimte is skaars,"* skryf mnr. Loubser, *„en daar is 'n tekort aan lig. Ongelykheid bo, onder voor agter en langs, is die kenmerk van die gebou. Die banke is nog in goeie orde. Kaarte en onderwysers benodigdhede ontbreek nie, swartborde genoeg"* (Loubser, 28 Nov. 1929). Bo en behalwe die wanskapigheid van die gebou, was dit inderdaad 'n prestasie vir die klompie ouers van Sierra Victoria wat deur al die jare die skooltjie aan die gang gehou het. Die prestasie word nog groter as ons verneem dat die onderwyser altyd sy salaris ten volle ontvang het (Wasserfall, 3 Nov. 1928).

Met die nuwe bedeling het die ouers van die wyk die ondoeltreffendheid van die ou skoolgeboutjie besef, en daarom dadelik daarvan werk gemaak. By 'n „publieke vergadering" wat opgeroep was, is daar besluit om 'n nuwe skool te bou op die plaas van 'n sekere mnr. Carel de Bruyn, dus op die plaas waar die ou skooltjie gestaan het (Wasserfall, 10 Nov. 1929).

Dit was egter hier waar die moeilikheid weer begin het. 'n Dwarstrekkery het sy kop uitgesteek — *„en hierdie keer kom die moeilikheid van ons eie Ned. Geref. mense!"* skryf ds. Wasserfall (Ibid.).

*„Nou nadat 'n Publieke vergadering op Sierra Victoria besluit het om die nuwe skool by Carrel de Bruyn te bou en nadat Hendrik Kruger (oud-ouderling van ons Kerk) ook skriftelik gewaarborg het om sommige van sy kinders daarheen te stuur, nou spring hy skielik om, noem hy dit net 'n Dopper skool, en is hy besig om 'n opposisie skool by sy eie woning op te rig ... en waar hy nou 'n onderwyser vandaan wil kry weet ek nie"* (Ibid.).

In elk geval, mnr. Loubser het sy werksaamhede in die ou skooltjie voortgesit. Finansieel het dit met die boere in 1930 egter sleg gegaan, sodanig dat die C.N.O.-Raad nie eers daaraan gedink het om *„lyste vir vrywillige bydraes"* uit te stuur nie, *„want daar is geen geld om te gee nie"* (Wasserfall, 22 Feb. 1930).

Die nuwe skoolgebou was vireers van die baan (Ibid.). In sy rapport aan die raadsvergadering van 6 Desember 1930 oor die finansiële stand van sake in die drie skole, berig die kassier ten opsigte van:

„1. *Comodoro Rivadavia: In die 1929–30 jaar was daar 'n tekort van $355,75 vir die 19 N.G. kinders wat die skool bygewoon het; dus $18 ± per kind vir die jaar, maar $2,00 per maand per kind, vir die 9 maande. Vir 1930–31 oordelende naar teenwoordige bywoning sal dit uitwerk op $2,80 ± per kind per maand.*

„2. *Brakpan Centrum: Vir die jaar 1929–30 was by hierdie skool 'n tekort (vir 19 N.G. kinders) van $632,80, dus $33,30 ± per kind per jaar en $3,70 per kind per maand vir 9 maande. Vir die 1930–31 met teenwoordige data, sal dit uitwerk op $682,8 vir 15 N.G. kinders per jaar of $5,00 ± per kind per maand vir die 9 maande. In hierdie twee centra, berig die kassier voorts, het die C.N.O. met uitsluitlik Ned. Geref. fondse Neder. Ger. kinders onderwys en opleiding verskaf. Vergeet aub. nie, ons handel met* **tekorte** *wat uit die kas moet gestort word. Laat ons nou sien hoe die sake staan met ...*

„3. *Centrum Sierra Victoria: Gedurende die 1929–30 jaar was daar 12 Gereformeerde en 6 Ned. Gereformeerde kinders in die skool..*
*Daar was 'n tekort vir die 7 maande van $631,50, m.a.w. die 6 N.G. kinders kos die C.N.O. kas $105,25 vir die jaar of $15,00 per kind, per maand vir die 7 maande. Vir 1930–31 jaar is daar 2 N.G. en 11 Geref. kinders, teenwoordige syfers, toon daar sal 'n tekort wees van $885,30 wat die C.N.O. kas sal moet aanvul vir 2 N.G. kinders, d.w.s. $49,00 ± per kind, per maand vir 9 maande.*

*Kommentaar is hier tog onnodig"*(Conradie, 13 Okt. 1930).

Maar het die C.N.O.-Raad nie pas 'n jaar gelede al sy mening uitgespreek dat *„ons beskou ... en behandel die onderwys belange as bokant die kerklike of Genootskaplike verdeeldheid verhewe"* nie? (Wasserfall, 3 Junie 1929). Het ds. Wasserfall nie aan ds. Luckhoff geskryf nie: *„Ek hoop ons N.G. kant gaat die meerderheid in die Skoolraad kry ... omdat dit ons 'n kans sal gee om mettertyd aan die Geref. kant te bewys dat ons onderwysbelange van hulle kinders netsoseer op die hart dra, as van die N.G. kinders"* (Wasserfall, 21 Aug. 1928).

En nou? *„Egter vra ek (F.D. Conradie) sonder skroom, is die C.N.O. daar om Geref. kinders onderwys te verskaf op onkoste van Ned. Geref. lidmate? Noem my enige hulp, ondersteuning of toegeneëntheid wat ons geniet het van die Gereformeerde Kerk, hetsy finansieël, moreel of andersins, om ons skooldeure ope te hou en ons onderwysers te betaal? ... Ons het nog in geen geval meer dan $5,00 per maand, per kind ondersteuning toegeken nie – ek bedoel ons eie Gemeente kinders, maar ons het $15,00 per kind reeds betaal en gaan nou ons koppe in die strop steek om $49,00 per kind per maand te betaal! Met welke doeleindes? Om die Sierra Victoria skool se deure ope te hou vir die Gereformeerde Gemeente en hul kinders"* (Conradie, 13 Okt. 1930).

Daar bly volgens Conradie dus net een moontlikheid oor, en dit is om die skool te sluit en mnr. Loubser na Comodoro Rivadavia te verplaas. *„En al moet ons ook net soveel betaal,"* skryf hy verder, *„dan arbeid ons aan ons eie kinders en bestee ons fondse waarvoor hulle bedoeld was"* (Ibid.).

Maar wat het dan van die Nederduits Gereformeerde kinders in die gebied geword? Ds. Wasserfall het in 1928 bevind dat daar 15 Nederduits Gereformeerde kinders van skoolgaande ouderdom in die Sierra Victoria-gebied was, *„sonder om te raak aan een enkele leerling (N.G. of Geref.) wat toe nog in die ou skool (van Tjaart van der Walt) was".* Dit was die rede waarom hulle mnr. De Villiers in 1928 daarheen gestuur het. *„Vir drie maande,"* skryf ds. Wasserfall, *„het ons Mnr. de Villiers daar gehou ... daar het egter net 4 kinders opgedaag"* (Wasserfall, 26 Nov. 1930).

In November 1929 het die C.N.O.-Raad mnr. Loubser daarheen verplaas nadat die Sierra-skooltjie op aandrang van die C.N.O.-Raad onder hulle ingelyf is. *„Hy het begin met 17 kinders, waarvan 7 Ned. Geref. Vandag is daar nog maar 2 van daardie N.G. kinders ... teenoor 11 Geref. kinders. Ek weet*

*ons C.N.O. skole is bedoel vir* alle Afrikaner kinders *vóór die voet, maar die dislojaliteit van my eie N.G. mense maak my baie baie seer en wys my dat daar nie op hierdie stelsel veel te wagte is vir die toekoms nie. Beloftes gee hul volop, maar uitvoer daarvan ontbreek, en agterna moet 'n mens soms hoor, dat die C.N.O. net die Doppers tot voordeel is! Verskoon, Broer, dat ek so skrywe; maar dit word tyd dat u en ander belangstellende Broeders die ware toedrag van sake weet, al sou ons hierdie dinge nooit op die dakke uit verkondig nie"* (Ibid.).

Dit was die ware toedrag van sake, maar nou moet die Gereformeerdes dit ontgeld as gevolg van die „dislojaliteit" en ontrou van die Nederduits Gereformeerde lidmate.

Boonop word die „Gereformeerde Kerk" nou verwyt dat hulle niks bydra vir die onderwys nie. Maar wie het hulle uitgeskakel? In elk geval, die saak is nou ter tafel. Die stelling is aan die orde: Die C.N.O. is net die Doppers tot voordeel!

Wat sal ds. Wasserfall se standpunt nou wees? Hoe gaan die C.N.O.-Raad die saak hanteer? Ds. Wasserfall se advies hierop was: Dat 'n kort en saaklike brief aan die Algemene Armsorgkommissie gerig word, waarin die teenswoordige posisie van die Sierra Victoria-skool uiteengesit word en hulle advies daaromtrent gevra word (Notule, 6 Des. 1930).

Hy het dit baie duidelik aan die Raad gestel, dat die Raad nie noodwendig op 'n antwoord hoef te wag *„voor hulle handelend optree nie ingeval die omstandighede dit vereis"* (Ibid.).

Die Raad het verder 'n kommissie, bestaande uit ds. Wasserfall en F.D. Conradie benoem *„om 'n konfidensiële onderhoud te hê met Ned. Geref. ouers en voogde in en om Sierra Victoria die nog nie hul kinders in daardie skool geplaas't nie om hulle daarop te wys dat dit nou hul laaste kans is om die skool te behou en te gebruik"* (Ibid.).

Die oordeel het dus reeds vasgestaan. Die skool gaan gesluit word, weens bogenoemde bevinding. Dis net 'n kwessie van tyd. Hierdie skrywe van Conradie het verder daartoe gelei dat *„die wenslikheid om ons C.N.O. grondplan (van ds. Hurter) so te wysig dat ons voortaan alleen N.G. kinders leer (of altans aan hulle voorkeur gee)"* 'n mosie vir die volgende vergadering geword het (Ibid.).

Ons moet die hele bespreking ook sien teen die agtergrond van 'n besluit van die C.N.O.-Raad: *„Dat kinders van wie agterstallige skoolfooie afgeskrywe is in één C.N.O.-skool, nie toegelaat sal word nie in enige C.N.O.-skool solank die fooie onbetaal bly ... dat in geval kinders van sodanige ingebreke blywende ouers, hulle aanmeld by die skool vir onderwys, gemelde kinders of hul ouers moet verwys word na die C.N.O.-Skoolraad"* (Notule, Aug. 1929, art. 3A).

Uitvoering is inderdaad ook aan die besluit gegee (Notule, 30 Aug. 1930, art. 3).

Ons neem dus aan dat die Gereformeerde kinders in die Sierra Victoria-skool dus almal kinders was van wie deur die ouers skoolgeld betaal is. Gaan ons die notule na sedert die Sierra Victoria-skool onder die C.N.O.-Raad ingeskakel het, dan bemerk ons dat die C.N.O.-Raad ook nooit 'n toekenning uit die H.B.O.F. (Hulpbehoewende Ouer Fonds) aan ouers in die Sierra Victoria-wyk gemaak het nie.

Aan losiesgeld vir die onderwyser het hulle ook geen onkoste gehad nie. Die ouers het self vir sy losies ingestaan (C.N.O.-Raad, 18 Des. 1930).

Gaan ons die verslae oor uitstaande agterstallige skoolgeld in die notule na, wat deur die kassier self gehou is, dan rym die sake ook nie altyd nie. Op 17 Mei 1930 rapporteer die kassier dat die agterstallige skoolgeld vir Sierra Victoria die bedrag van $82,50 bedra. Op 30 Augustus is die bedrag nog dieselfde. Vanaf 30 Augustus tot 13 Oktober, die datum van sy brief aan die C.N.O.-Raad het dit van $82,50 na $492,50 toegeneem.

Nou skryf die kassier aan die Algemene Armsorgkommissie dat die huidige posisie op 13 Oktober soos volg is: *„Dat sints Mei 1930 daar reeds $492,50 (sowat £35) aan skoolfooie verskuldig is deur die Sierra Victoria ouers; dit sluit ook in die sommetjie van $82,50, of omtrent £6 agterstallige fooie vir die maand Mei; dit beteken dat geen fooie hoegenaamd nog by die Raads Kassier vanaf Mei inbetaal was deur die ouers van die 11 Geref. en 3 Ned. Geref. leerlinge aldaar"* (C.N.O.-Raad, 18 Des. 1930). Die Algemene Armsorgkommissie is egter deur dié syfers mislei. Die skole sluit die einde Mei en open weer 1 September. En die C.N.O.-Raad het besluit dat geen skoolgeld gedurende die vakansiemaande betaal hoef te word nie (Notule, 14 Jan. 1929, art. 4(a)).

Die brief waarin om die advies van die Algemene Armsorgkommissie oor

die situasie op Sierra Victoria gevra sou word, is toe opgestel en versend. Daarin het die klem geval op die feit dat Sierra Victoria 'n groot uitgawe vir die C.N.O.-Raad is en dit, om vir 11 Gereformeerde kinders en maar net drie Nederduits Gereformeerde kinders onderwys te verskaf. Daar word dan aan die Algemene Armsorgkommissie meegedeel dat die Dorpskool heelwaarskynlik in Januarie gaan sluit, omdat die onderwyseres van plan is om te trou. Dit sal dan meebring dat daar in Comodoro Rivadavia 10 Nederduits Gereformeerde leerlinge op straat sal rondloop sonder skool.

Sou hulle die Sierra Victoria-skool sluit en mnr. Loubser na Comodoro Rivadavia verplaas, dan is die skoolgeld minder en losies kom by, en dus het die Raad verder aan die Algemene Armsorgkommissie geskryf: „*Dan moet ons kas bokant die skoolfooie, heelwaarskynlik nog plus minus £100 of £110 byvoeg, net vir die een skool, welke som ook maar weer van Suid-Afrika alleen kan kom. Buitendien voel die vergadering, dat ons tot nogtoe op Ds. Hurter se grondplan vir die C.N.O. gewerk het, wat van geen Ned. Geref. of Geref., maar alleen van* **Afrikaner** *kinders spreek, en dat ons nou feitlik daarvan sal moet afstap, as ons die skool op Sierra Victoria onder die huidige omstandighede gaan sluit. Egter, Ds. Hurter se grondplan, deur ons tot nogtoe aanvaar, was gebasseer op die verwagting, dat die twee kerke alhier sou saamwerk vir die onderwys; en, hoewel enkele afsonderlike Gereformeerde persone die C.N.O. organisasie blykbaar goedkeur, deur hulle kinders in ons skole te plaas,* **die Geref. Kerk as sodanig** *het tot hede absoluut opsy gestaan en ons N.G. kant alleen die spit laat afbyt"* (C.N.O.-Raad, 18 Des. 1930). Graag sou hulle die „*gevoele van die Algemene Armsorgkommissie hieromtrent wil verneem"* (Ibid.).

In 'n spesiale byvoegsel tot die brief sê die kassier en sekretaris, mnr. F.D. Conradie, egter: „*My persoonlike sienswyse is as volg: deur Mnr. Loubser te verplaas na Comodoro Rivadavia, en sodoende die Sierra Victoria Skool te sluit,* **verbied of verhinder ons geen Afrikaner kind** *hoegenaamd om ons C.N.O. Skole by te woon nie, hoewel dit dan met reg kan gesê word, dat ons* **eerste** *aan N.G. kinders dink, en* **daarna** *aan andere, wat ek persoonlik onomwonde erken eenvoudig omdat daardie* **andere**, *t.w. die Gereformeerdes, sints ons begin in 1928* **uitsluitlik** *aan hulleself dink en* **nooit te eniger tyd** *aan die Ned. Gereformeerdes nie, sekerlik nie in terme van* **kontant** *en* **vertroue** *(bedoelende samewerking) nie! Persoonlik wil ek geen medepligtige wees aan so 'n onvoordelige en mislukkende kontrak van samewerking, wat in werklikheid die onbeskaamde berowing van die één venoot deur die ander duidelik openbaar"* (Ibid.).

Laasgenoemde beskuldiging van die heer Conradie was egter ongegrond. Die C.N.O.-Raad het wel aan die Nederduits Gereformeerde Vrouebond versoeke gerig om finansiële hulp vir die onderwysaksie in Chubut, aan die A.C.V.V. en Helpmekaar in Suid-Afrika (Notule, 30 Aug. 1930), maar nooit aan die C.V.V. in Chubut of aan die Gereformeerde kerkraad nie.

Dit nadat die C.V.V. aan die C.N.O.-Reëlingskommissie berig het, dat hulle nie finansiële steun aan die Comodoro Rivadavia-sentrum sal gee nie (hiervoor het hulle grond en geboue aangebied), maar wel aan die buiteskole (C.V.V., 22 Maart 1928). Die grootste behoefte aan onderwys vir die kinders was ook immers in die buitewyke geleë. Alle buiteskole wat dan ook om finansiële hulp by die C.V.V. aansoek gedoen het, is gehelp (Notule C.V.V., 17 Maart 1929).

Kon hulle ook enige spontane hulp van die Gereformeerde kant verwag, na die behandeling wat die Gereformeerdes van ds. Hurter in die onderwysaksie ontvang het?

Dat die Gereformeerde kant maar te gewillig was om te gee, blyk inderdaad baie duidelik uit die notules van die C.V.V. Op 'n versoek aan die skoolkommissie van Sierra Victoria om die agterstallige skoolgeld van ouers te betaal, het die C.V.V. besluit *„dat die C.V.V. geen agterstallige schoolgelden van particuliere kan voldoen, doch mocht de Wykscomisie gelden, noodig hebben om kinderen van behoeftige families te helpen of voor andere doeleinden, dit aan die C.V.V. bekend te maken, die dit verzoek als dan zal behandelen"* (Notule C.V.V., 15 Aug. 1929).

Die besluit het natuurlik tot gevolg gehad dat die Sierra Victoria-skoolkommissie dadelik twee skrywes aan die C.V.V. gerig het. In die een skrywe het hulle steun gevra vir die bou van 'n nuwe skoollokaal en in die ander skrywe het hulle steun gevra *„in't te geven onderwys"* (Notule C.V.V., 17 Nov. 1929).

Hierop het die C.V.V. besluit: *„De financiën lieten niet toe beide zaken te steunen, zoodat besloten werd de wyk te steunen met 250 pesos ten behoewe van hulpbehoewende families"* (Ibid.). 'n Jaar later het die C.V.V. 'n verdere bedrag van 250 pesos op versoek van die skoolkommissie aan die Sierra Victoria-skool toegestaan (Notule, 2 Nov. 1930). Intussen is die skoolgebou op Sierra Victoria ook doeltreffend vergroot deur die plaaslike skoolkommissie, sonder dat dit die C.N.O.-Raad 'n sent gekos het (Luckhoff, 19 Des. 1930).

Die C.N.O.-Raad het egter nie gewag vir die verlangde advies van die Algemene Armsorgkommissie nie, maar na 'n emosiebelaaide toespraak, vol misleidende statistiese gegewens deur die heer F.D. Conradie (Conradie, 26 Jan. 1931), eenvoudig op 26 Januarie 1931 besluit: *„dat die Sierra Victoria skool, onder die buitengewone finansiële omstandighede en gebrek aan ondersteuning, gesluit word, met-redelike kennisgewing aan die plaaslike skoolkommissie en dat die Onderwyser terug gestuur word naar Suid-Afrika. Volledige en finale afhandeling hiervan word geplaas in die hande van die C.N.O.-Raad dorpslede"* (Notule, 26 Jan. 1931, art. 4).

Die besluit is onder andere geneem na aanleiding van bevindinge van die heer F.D. Conradie, naamlik dat:

*„1. Die skool is op 'n Gereformeerde man se plaas.*
*2. Die fondse is uitsluitlik onder Gereformeerde beheer.*
*3. Die Gereformeerdes vertrou die Skoolraad nie eers sover as om fondse vir ondersteuning in die C.N.O. kas te laat kom nie.*
*4. Die hele kontrole van daardie skool is eg Gereformeerd.*
*5. Die Skoolkommissie is ontrou, omdat hulle nie onpartydig is nie en hou fondse, soos die ‚Sports' opbrengste geheim, – alles is onder 'n dekmantel van Gereformeerde wantrou teenoor die vennoot wat die finansiële kastaiings uit die vuur moet haal en ten laaste;*
*6. Die Sierra Victoria Skoolkommissie is suiwer van Gereformeerde syde en geneig en gekant teen 'n regmatige en billike Christelike samewerking met die hatelike doel om aan die ‚ander kant' reg te laat geskied; dis natuurlik, want die lede A. Kruger en Hammond is Gereformeerd – van die ergste tipe – en van die Voorsitter* (Hy was Nederduits Gereformeerd – F. de B.) *kan ek slegs dit sê: ‚Jafeth woon in Sem se tente'. Hiermee is vir my die hele saak van samewerking weg gelê met die opskrif ‚Ikabod' "* (Conradie, 26 Jan. 1931).

So het die Sierra-skooltjie egter onder beheer van die C.N.O.-Raad tot sy einde gekom. Die dorpslede van die C.N.O.-Raad het opdrag gekry *„om namens die C.N.O.-Skoolraad aan die betrokke onderwyser (mnr. N.E. Loubser) 'n eervolle verslag te oorhandig voor sy vertrek met waardeering van sy dienste"* (Notule, 26 Jan. 1931).

Verder het hulle die A.A.K. kennis gegee van die besluit *„met die oog op die reiskoste van die Onderwyser van hier naar Suid-Afrika"* (Ibid.).

In sy afskeidswoord aan mnr. Loubser het ds. Wasserfall dit betreur *„dat*

*weens gebrek aan samewerking en finansiële ondersteuning Mnr. Loubser nou moet teruggaan naar huis...''* (Notule, 4 April 1931, art. 2).

Die Gereformeerdes se rug was breed!

7.5. **Die konflik oor salarisse.**

Rondom die salaris van die onderwysers het daar van die begin af 'n hewige stryd gewoed. Die C.N.O.-Raad het in die lig van hul finansiële posisie besluit om twee onderwysers vanaf Suid-Afrika te laat kom teen 'n salaris van £120 per jaar (Wasserfall, 21 Aug. 1928; Notule, 24 Sept. 1928).

Die reaksie van die Algemene Armsorgkommissie op die voorgestelde salaris was: *„Ons meen dit is te klein en ons bied dus £150 p.a. aan met vry losies en vry vervoer daarheen. Ons sal die tekort moet aanvul uit ander bronne, wat ons hier hoop te kry''* (A.A.K., 31 Okt. 1928).

Dit is dus baie duidelik: Die verantwoordelikheid van die C.N.O.-Raad ten opsigte van die salaris van die onderwysers sal £120 wees en dié van die Algemene Armsorgkommissie £60 wat hulle uit ander bronne sal aanvul „wat ons hier hoop te kry''. Die ander bronne was die „sinodale Opvoedings Kommissie'', die A.C.V.V. en „Helpmekaar'' en persoonlike pogings van ds. Hurter om vir dié doel te kollekteer (Luckhoff, 31 Okt. 1928 en 20 Des. 1928).

In 'n latere brief word ds. Wasserfall egter geadviseer om vroegtydig onder andere aan hierdie „ander bronne te skryf''.

Toe ds. Wasserfall die aanbod van die Algemene Armsorgkommissie aan die onderwysers, aan die C.N.O.-Reëlingskommissie voorlê, het die sekretaris, mnr. Conradie, dadelik opgemerk, dat die C.N.O.-Raad besluit het om slegs £120 per jaar per persoon salaris te betaal (Notule, 14 Jan. 1929, art. 6).

Met die oog op meerdere inligting oor die saak, besluit die vergadering om die punt vir bespreking uit te stel, totdat die twee onderwysers gekom het. Op die eerste vergadering waarop die twee onderwysers teenwoordig was, is die vraag aan hulle gestel of *„hulle bewus is dat die C.N.O.-Reëlingskommissie net £120 sterling p.j. as salaris aangebied het maar dat die Algemene Armsorgkommissie van die Kaap provinsie onderneem om die nodige aanvulling te doen om die salaris tot op £150 stg. per jaar te bring''* (Notule, 28 Jan. 1929).

Hierop het hulle bevestigend geantwoord (Notule, 28 Jan. 1929). Dit was reeds 'n uitgemaakte saak. Die kassier sou slegs aan hulle £10 of $114 per maand betaal soos wat die aanbieding van die kant van die C.N.O.-Reëlingskommissie was. Die res sou òf deur die Algemene Armsorgkommissie aangestuur moes word, òf in trust in Suid Afrika agtergehou word en dan by hul terugkoms in Suid-Afrika as 'n grootsom aan hulle uitbetaal word.

Weens een of ander onverklaarbare reëling het ds. Wasserfall die uitbetaling van die salaris van mnr. T.C. de Villiers op Sierra Victoria gedoen en het hy ook om een of ander rede 'n maandelikse bedrag van $150 per maand in plaas van $114 per maand aan hom betaal. Was dit miskien omdat hy as 'n potensiële beter kandidaat as mnr. N.E. Loubser gereken is? 'n Mens weet nie. In elk geval, aan die ander onderwyser het die kassier toe ook $150 per maand uitbetaal (Conradie, 9 Des. 1931; Notule, 15 Junie 1929, art. 4).

In die kassier se oë was dit 'n groot fout! (Ibid.).

Dit het beteken dat die C.N.O.-Reëlingskommissie hulle 7,50 pesos per maand meer betaal het as wat die Algemene Armsorgkommissie gewaarborg het en $36 per maand meer as wat die aanbod van die C.N.O.-Reëlingskommissie was. Die gevolg was dat die Skoolraad besluit het *„dat die twee onderwysers ... gesalarieer word teen £120 stg. p.j. elk d.w.s. £10 stg. teen die heersende of lopende wisselkoers, vanaf die aanvang van hul werksaamhede hier nl. Februarie 1929. Die Skoolraad moet intussen onderhandel met die Algemene Armsorgkommissie in Suid-Afrika, ten einde tot 'n helder verstandhouding te kom omtrent die verskil van £30 stg. per jaar vir elke onderwyser —m.a.w. of die Algemene Armsorgkommissie die bedrag daar sal betaal of aanstuur aan die onderwysers hier"* (Notule, 15 Junie 1929, art. 4).

Die Algemene Armsorgkommissie is dadelik van die besluit verwittig. Dit was in die eerste plek nie 'n besluit, omdat die C.N.O.-Raad nie wou betaal nie, maar omdat hulle nie *kon* betaal nie (C.N.O.-Raad, 15 Julie 1929).

Dit is egter van belang om op te merk dat in 'n brief aan ds. Wasserfall, ds. Luckhoff die opmerking namens die Algemene Armsorgkommissie maak *„dat die voorskot van £25 wat aan die twee onderwysers by hulle vertrek in Kaapstad gegee is, van hulle salaris afgetrek moet word ... saam met die £75 bo vermeld (vir die onderwys in Chubut) beteken dit dat die Algemene Armsorgkommissie 'n onderwys toelaag van £100 vir die jaar 1929 beskikbaar gestel het"* (A.A.K., 30 Maart 1929). Dat hier groot misverstand geheers het, was onweerlegbaar, of was dit miskien „kerkpolitiek" om 'n uitdrukking

van oud-ouderling Tjaart van der Walt te gebruik? Het die Algemene Armsorgkommissie doelbewus van 'n leemte in die administrasie gebruik gemaak om hulle te bevoordeel?

Wat wel vasstaan, is dat die Algemene Armsorgkommissie beloof het om die tekort van £60 op die salarisse aan te vul, wat die Algemene Armsorgkommissie meer aangebied het aan die onderwysers as die C.N.O.-Reëlingskommissie (A.A.K., 31 Okt. 1928).

Dit beteken, na aanleiding van die brief van 30 Maart 1929, dat indien die Algemene Armsorgkommissie net £100 per jaar vir die onderwys in Chubut beskikbaar stel en die £60 vir die salarisverhoging moet daarvan afgaan, dat die Algemene Armsorgkommissie in werklikheid die C.N.O.-Raad net met £40 gehelp het, terwyl die C.N.O.-Raad nog altyd van die veronderstelling uitgegaan het, dat die Algemene Armsorgkommissie wel £100 vir algemene gebruik in die onderwysaksie beskikbaar gestel het.

Daar kon in die argiewe geen besluit opgediep word waarin die Algemene Armsorgkommissie wel £100 vir algemene gebruik vir die onderwys beskikbaar gestel het nie (Conradie, 9 Des. 1931). Wel het die Algemene Armsorgkommissie op 25 Februarie 1926 besluit: *„Dat indien die res van die salaris plaaslik gevind word, die Kommissie 'n onderwyser vanjaar naar Chubut sal stuur, dat £50 vir die doel beskikbaar sal gestel word en dat die Geref. Kerk alhier gevra word om ook £50 by te dra".*

Blykbaar het die £100 ondersteuning van die kant van die Algemene Armsorgkommissie waarop nog steeds gewerk is, hiervandaan gekom. Vol entoesiasme en ywer vermeld ds. Wasserfall dan in sy verslag van werksaamhede aan die kerkraad van Chubut tydens sy eerste besoek van 2 November 1926 tot 15 Januarie 1927, dat almal akkoord gaan met die plan om dadelik 'n onderwyser uit Suid-Afrika te laat kom. *„Daar is,"* so het hy gerapporteer, *„die som van minstens $1578 p.j. vir die salaris van sodanige onderwyser beloof volgens die lys aan u voorgelê. Saam met die beloofde $1150 (£100) p.j. uit Suid-Afrika maak dit dus die som van $2737 p.j. vir hierdie doel"* (Wasserfall, 15 Jan. 1927).

Ds. Wasserfall het in sy ywer dus self skuld gehad aan die verwarring wat op die gebied ontstaan het. Aan die ander kant kan nie weggeredeneer word nie dat die Algemene Armsorgkommissie die C.N.O.-Raad in die steek gelaat het en hulle in dieper finansiële ellende gedruk het. Ds. Luckhoff het beloof: *„Ons sal die tekort (op die salaris) moet aanvul uit ander bronne, wat ons*

*hier hoop te kry."* By die belofte is nie gebly nie. Die £40 wat hulle dus vir algemene gebruik beskikbaar gestel het, was £10 minder as die aanvanklike bedrag van £50 wat in 1926 vir die onderwys in Chubut gestem is.

Dat Conradie billik ontstoke was oor die aangeleentheid, is te begrype, „*aangesien,"* soos hy gesê het, „*die Algemene Armsorgkommissie die Skoolraad onder finansiële verpligtinge plaas sonder toestemming van laasgenoemde liggaam wat geen skriftelike bewys besit nie van enige definitiewe finansiële hulp van die Algemene Armsorgkommissie maar wel onsekere beloftes"* (Notule, 15 Junie 1929, art. 4).

Dat ds. Wasserfall en ds. Luckhoff se optrede vir misverstand vatbaar is in verband met die toekennings van fondse aan Chubut, is duidelik. Chubut was hulle „troetelkind" en hulle moes nou spook om hom altyd versorg te kry. Dat ds. Wasserfall iewers in die knyp was, blyk baie duidelik uit die feit dat hy by die C.N.O.-Raad gepleit en gespook het om sy vorige besluit in sake die uitbetaling van die salarisse van die onderwysers te herroep.

Op die Raadsvergadering van 31 Augustus 1929 het hy ook daarin geslaag. Die vorige besluit is herroep en die Raad het besluit om die onderwysers in die toekoms £150 per jaar te betaal (Notule, 31 Aug. 1929, art. 7 & 8).

Direk na die vergadering skryf ds. Wasserfall dan aan ds. Luckhoff: „*Tot my blydskap het ons Skoolraad laas Saterdag besluit om hierdie volle* **salaris van die twee onderwysers** *uit te betaal sonder afwagting van die Algemene Armsorgkommissie se antwoord op daardie lang en omslagtige brief van die sekretaris..."* (Wasserfall, 4 Sept. 1929).

Ds. Luckhoff was net so bly om die besluit te verneem, „*want,"* het hy geskryf, „ *dit maak dit nou onnodig om die hele inhoud van u brief aan die Algemene Armsorgkommissie voor te lê. Ek sou dit ook baie ongaarne wou gedoen het want dit sou 'n absolute verlammende uitwerking op die Algemene Armsorgkommissie gehad het, as daar sou gerapporteer word dat die Skoolraad weier om die verantwoordelikheid van die ekstra £30 salaris per persoon p.a. op hom te neem"* (Luckhoff, 28 Okt. 1930).

Dit blyk baie duidelik uit die brief dat die werklike feite nie aan die Algemene Armsorgkommissie bekend was nie. Aan die Algemene Armsorgkommissie het ds. Luckhoff voorgehou dat die C.N.O.-Raad die verantwoordelikheid van die ekstra £30 vir salaris per persoon op hom geneem het. Hierdeur is die indruk by die Algemene Armsorgkommissie gewek dat dit goed gaan in

Argentinië. Die „190ste tak van die Kerk" bloei welig in die vreemde.

Bogenoemde brief spreek vir homself.

Op dieselfde dag skryf hy ook aan ds. Wasserfall: *„As daardie voorstel deurgegaan het dat ons A.A. die ekstra £30 direk aan die twee moes vereffen sou dit eenvoudig 'n verlammende uitwerking op die Algemene Armsorgkommissie gehad het. Dit was my meer as 'n skok om te hoor dat daar van so 'n gedagte sprake was"* (Luckhoff, 28 Okt. 1929).

Hiermee was die salariskwessie egter nog nie van die tafel af nie. Stegman, in wie ds. Wasserfall 'n geesgenoot gevind het (Wasserfall, 23 April 1929), het op die volgende vergadering van die C.N.O.-Raad op die saak teruggekom en hierdie keer beswaar gemaak teen die uitdrukking in die Raadsbesluit: „betaal teen heersende wisselkoerse". Hy het intussen uitgevind dat dit teen pari bereken moet word en *„dat par $11,45 pesos in die £ is"* (Notule, 21 Sept. 1929, art. 7). Dit het beteken dat die Skoolraad nog „5 centavos" per £ aan die onderwysers verskuldig is. Die Skoolraad het hierop besluit dat die wisselkoers altyd bereken sal word teen pari en dat die verskuldigde bedrag aan die onderwysers uitbetaal moet word (Notule, 21 Sept. 1929, art. 7).

Die heer Conradie het egter sy kans afgewag en op die eerste vergadering van die C.N.O.-Raad na die vertrek van ds. Wasserfall in 1931 het hy voorgestel:

*„Aangesien:*

1. *Die aanvraag vir onderwysers die salaris vasgestel't op £120 stg. p.j. vir elke onderwyser met vry losies;*
2. *Die C.N.O.-Raad juriedies nie gebonde is deur die kontrak vir £150 stg. nie.*
3. *Die C.N.O.-Raad, selfs met die beste wil en begeerte finansieël nie langer in staat is om die salaris teen £150 stg. te betaal nie en,*
4. *Die onderwyser geen skade kan ly nie omdat die Algemene Armsorgkommissie die £30 p.j. gewaarborg't.*

*Daarom besluit die Raad:*

*Dat salaris aan Mnr. T.C. de Villiers betaal word teen £120 stg. per annum, m.a.w. i.p.v. $143,15 per maand, die salaris sal wees $114,50 met die begin van die finansiële jaar – en ingeval daar enige fondse mag ontvang word van die Algemene Armsorgkommissie deur die Raad, die verskil per maand van £2/10/- stg. d.i. $28,65 sal aangewend word sover as die toelaag dit toelaat"* (Notule, 17 Okt. 1931, art. 5B).

Indien die Algemene Armsorgkommissie nou die beloofde toelaag vir die salaris van die onderwyser in Suid-Afrika agter hou en slegs die orige £40 na Chubut aanstuur, sou die C.N.O.-Raad nie 'n sent daardeur wen nie, behalwe dat dit vir hulle 'n morele oorwinning sou wees.

Nie bewus van die besluit nie, het mnr. T.C. de Villiers met die oog op beplanning deur die C.N.O.-Raad, die Raad kennis gegee dat hy bereid is om sy dienste as onderwyser op dieselfde terme soos voorheen aan te bied, tot 31 Mei 1932, dus tot die einde van die Skooljaar 1932 (Notule, 17 Okt. 1931, art. 5B).

Immers, die brief van De Villiers het aanleiding gegee tot die neem van die vorige besluit deur die C.N.O.-Raad.

Ten opsigte van sy aanbod het die Raad nie 'n finale besluit geneem nie. Hulle was nie seker of hulle sy salaris tot dan sou kon betaal nie. Hulle was egter nie van plan om die een, of albei, van die skole te sluit nie, maar *„wil hulle ope hou solang as die leerlinge daar is en die fondse die Raad instaat stel om sy verpligtinge na te kom" ((Ibid.).*

Daarom het die vergadering mnr. De Villiers geantwoord *„dat sy brief finaal sal behandel word na raadpleging met Ds. van Huyssteen sodra hy hier is"* (Ibid.). Ds. Van Huyssteen was die volgende „besoek-predikant" wat deur die Algemene Armsorgkommissie na Chubut gestuur was. Na die vertrek van ds. Van Huyssteen op 3 Oktober 1931, het ds. Wasserfall geskryf: *„Daar sal ook toestande wees, veral wat die opvoeding en onderwys van die kinders betref, wat vir ds. van Huyssteen met kommer sal vervul"* (Wasserfall; 4 Nov. 1931).

Die C.N.O.-Raad wou natuurlik van ds. Van Huyssteen eers 'n waarborg kry of die Algemene Armsorgkommissie bereid is om hulle finansieel verder te help en wat die bedrag sou wees.

Die doel van die volgende vergadering was dan ook *„om ds. van Huyssteen te ontmoet en één en ander oor onderwyssake te bespreek"* (Notule, 8 Des. 1931).

Nadat die notule van die vorige vergadering goedgekeur en onderteken was, het daar 'n hewige rusie ontstaan tussen die here Stegman en Conradie. Mnr. Stegman het ernstig beswaar gemaak teen die besluit van die Raad in verband met *„die salaris van Mnr. de Villiers. Hy het aangevoer dat die Raad geen reg*

*heb om die kontrak met Mnr. de Villiers vir £150 per jaar te breek nie en dat dit onwettig was''* (Ibid.).

Hierna was dit vet in die vuur en bykans die hele vergadering is deur die rusie in beslag geneem. Op 'n punt van orde deur lid Conradie, dat die notule reeds goedgekeur en geteken was, het hy daarin geslaag om die bespreking tot 'n einde te bring.

Dan lees ons die sombere woorde in die notule: *,,Ds. van Huyssteen het in 'n paar woorde die atmosfeer probeer suiwer van die warm gevoel''* (Ibid.). *,,Daar was toe vir 'n tydjie sekere informele gesprekke rakende die onderwys vraagstuk hier. Sekere vrae en antwoorde was gestel en gegee, maar daar was niks definitief gesê of besluit nie''* (Ibid.).

Die uurglas van die C.N.O.-Raad het vinnig leeggeloop. Dit sou reeds lankal leeggeloop het, as dit nie vir die Nederduits Gereformeerde Vrouebond was nie.

Op die vergadering van 4 April 1931 verneem ons: *,,die enigste hoop vir die Fonds is te vinde by ons getroue vriend die N.G. Vrouebond''* (Notule, 4 April 1931, art. 3).

Met smekende oë is die hand voortdurend na hulle uitgesteek.

*,,As ons nou sowat $150: m/n kan kry,''* het ds. Wasserfall by geleentheid aan die Bond geskryf, *,,dan sal dit ons weer deurhelp tot* na *die barmhartige Bond (ons troue Moeder in hierdie harde land,) weer hul volgende Basaars gehou het. As ons nie wis wat 'n warm hart die Bond vir die Onderwys saak het, dan sou ons gewis nou bang gevoel het om weer te bedel. Maar 'n mens is nie bang of skaam om van jou sorgsame Moeder te vra wat jy werklik nodig het nie, en dan is dit ook nie bedel nie! Dus ... byvoorbaat van harte dank vir u verdere hulp''* (Wasserfall, 2 Sept. 1930).

Wanneer Conradie kla, omdat daar 'n gedurige tekort is van inkomste bo uitgawes, dan sê hy: *,,As dit nie was vir die milde finansiële ondersteuning van tyd tot tyd ontvang van die N.G. Vroue bond nie, was die skole al lankal of gesluit of die Raad hopeloos in die skuld''* (Notule, 17 Okt. 1931, art. 5).

Inderdaad, hulle bydrae in die onderwysaksie kan moeilik na waarde geskat word. Alleen kon hulle egter die las nie dra nie!

Op 25 Januarie 1932 het mnr. De Villiers die Raad in kennis gestel dat hy sy *„dienste as onderwyser van die C.N.O.-Raad op die 29ste Feb. 1932 definitief sal afsluit"* (De Villiers, 25 Jan. 1932).

Vroeg in 1932 het hy vertrek, terwyl die Skoolraad nog $458,00 agterstallige salaris aan hom verskuldig was (Notule, 18 Feb. 1933, art. 3). Op 13 Mei 1932 skryf die Sekretaris van die Algemene Armsorgkommissie aan F. Conradie dat mnr. T. de Villiers enige weke gelede veilig in Kaapstad aangekom het (A.A.K., 13 Mei 1932).

7.6. Nog meer oor die onderwysers.

Ons wil nog een saak in verband met die twee onderwysers aanraak, en dit is die reëling van die Algemene Armsorgkommissie in verband met hulle reiskoste terug. By hulle vertrek uit Kaapstad moes hulle verneem dat as hulle *„volle drie jaar aanbly dat daar vir hulle reiskoste terug, 'n plan sal gemaak word"* (Luckhoff, 20 Des. 1928).

Dus, as hulle voor die tyd wil terugkom, dan sou hulle self vir hulle terugreis moes betaal. Vir die feit dat hulle na Chubut gegaan het, wil 'n mens jou hoed afhaal, veral as 'n mens dink aan alles wat hulle sou moes prysgee en ontbeer. Pas 'n jaar na die aankoms van die twee onderwysers, het mnr. De Villiers 'n brief aan ds. Luckhoff geskryf waarin hy verneem het na die „terug reiskoste".

Seer sekerlik, om sekerheid oor die saak te hê. Hierop het ds. Luckhoff aan ds. Wasserfall geskryf en gevra wat hý sou aanbeveel oor die aangeleentheid (Wasserfall, 10 Julie 1930). Het die saak dan nie vasgestaan nie? Ds. Wasserfall het aan ds. Luckhoff die ooreenkoms voorgehou, soos ds. Luckhoff dit aan hom meegedeel het. Tog, gaan hy verder voort: *„as ek in aanmerking neem dat hulle twee hier tot dusver nog geen uitgaaf had vir losies, of vakansie nie, dan voel ek lus om hulle 'n bietjie te pols om te hoor of hulle dan nie geneig is om iets tot hulle terug-reis-koste by te dra nie"* (Ibid.).

As 'n mens dink aan die ongerief wat hulle in Chubut moes verduur: die feit dat hulle op hulle salaris in Chubut geweldig moes inboet in vergelyking met hulle Suid-Afrikaanse kollegas; die getwis rondom hulle salaris; die feit dat hulle salaris nie elke maand uitbetaal kon word nie; en dan het die C.N.O.-Raad hulle boonop ook nog gekul met die omrekening van hulle salaris na pesos. Hulle is $11,45 pesos per £1 uitbetaal, gedurende die tyd wat hulle daar werksaam was, terwyl ds. Wasserfall in Julie 1930 skryf dat hulle al 'n

geruime tyd $13,30 pesos vir £1 kry (Ibid.). Dan was die bogenoemde gedagte in verband met hulle terugreis baie onbillik en onredelik.

Dit was egter nie al opoffering wat die twee onderwysers moes maak nie. Ds. Van Huyssteen het in 1932 geskryf: *„Hulle is vandag terug in die land van hul geboorte en sit nog sonder werk!"* (Van Huyssteen, ongedateer, p. 68).

In 1931 was die klompie Afrikaners in Chubut ten opsigte van die onderwys net weer waar hulle in 1926 was.

Dit is die slot van 'n drama wat reeds lank in sig was.

Dit was 'n moedelose ds. Wasserfall wat reeds in November 1930 moes erken: *„En nou het die paar jaar se ondervinding getoon, dat ons ook glad nie naby ons ideaal met ons C.N.O.-Skole gaan kom nie, al werk ons nog 10 jaar hier. Immers, ons het byna twee jaar gelede, met die koms van die twee onderwysers, 3 skole gestig. Ons het nou nog maar net 3 skole, en één daarvan gaat binnekort sluit, omdat die onderwyseres gaan trou"* (Wasserfall, 26 Nov. 1930).

Hy moes ook erken dat sy *„grondidee ... om die skole uit te brei en voort te set met die Lands seuns en dogters as onderwysers, misluk het. Slegs een kon opgelei word"* (Ibid.).

Wanneer ds. Wasserfall die hele situasie in oënskou neem, dan konkludeer hy: *„dat daar nie op hierdie stelsel veel te wagte is vir die toekoms nie"* (Ibid.).

Nadat die „N.G. Kerk" vir 7 jaar, vanaf 1926 tot 1932, die onderwysvraagstuk in Chubut met „mening" aangepak het, moes ds. Van Huyssteen rapporteer: *„Op die gebied van Onderwys staan sake in die Boerekolonie vandag met een woord* **ellendig!**" (Van Huyssteen, ongedateer, p. 65).

Slegs die skooltjie in Comodoro Rivadavia met mej. Visser aan roer van sake het aan die einde van 1931 oorgebly.

Van Sierra Victoria was selfs die ameublement, C.N.O.-boeke en die swartbord weg. Niemand kon enige inligting hieroor verskaf nie (Notule, 17 Okt. 1931, art. 6).

Met toewyding het mej. Visser egter bly skoolhou tot 15 Mei 1933. Met leedwese is haar versoek om uit te tree, toegestaan. Vir 3 jaar en agt maande het

sy trou haar werk verrig en so haar bydrae gelewer tot die verstandelike toerusting van die „Afrikaner jeug" in Chubut (Notule, 13 Mei 1933).

## 8. DIE DERDE PERIODE 1931 – 1936.

### 8.1. Ds. Van Huyssteen se pogings.

In sy verslag aan die Algemene Armsorgkommissie is ds. Van Huyssteen vol lof vir die Afrikaners in Chubut. *„Maar,"* het hy voortgegaan, *„daar is tot ons leed 'n saak waarvoor ons hulle nie kan dank nie, hoe swaar ook om te sê – „DIE VERWAARLOOSDE ONDERWYS"* (Van Huyssteen, ongedateer, p. 64). *„Die Onderwys toestand,"* het hy gesê, *„vervul die hart van die welnemende besoeker met die diepste bekommernis en angs vir die toekoms van ons volksbestaan in die vreemde"* (Ibid., p. 64).

Gaan die volk ten gronde, dan het ook die „Kerk" geen toekoms nie, het hy gesê (Ibid.). Teen die agtergrond van die „ellendige toestand" van die onderwys in Chubut, pleit hy hartroerend vir bewoë harte met die oog op morele en finansiële steun vir die onderwys in Chubut (Ibid.).

Die oorsaak vir die „ellendige toestand" waarin die onderwys verkeer het, het hy by die ouers gevind. *„Laat ons dit eerlik sê,"* het hy gerapporteer, *„dat die ware belangstelling in die opvoeding en onderwys gewyk het uit die geledere van die volk daar, in die meeste gevalle"* (Ibid.).

As rede voer hy egter aan *„omdat die ouers die skoolgeld nie kon betaal nie en ook nie planne beraam om sake reg te kry en die kind na die skool te stuur nie"* (Ibid.).

'n Ander oorsaak vir die toestand het hy gevind in *„die gebrek aan samewerking tussen die twee kerke"* (Ibid.).

Op sy terugreis het hy in Buenos Aires 'n besoek aan ds. A.C. Sonneveldt gebring en het hulle die noodsaaklikheid van samewerking ernstig bespreek (Ibid., p. 70).

Die feit dat ds. Van Huyssteen ds. Sonneveldt besoek het, het inderdaad 'n deurbraak beteken. Hy was die eerste Nederduits Gereformeerde predikant wat 'n besoek aan ds. Sonneveldt in Buenos Aires gebring het en die konsiderasie het nie onbekroon gebly nie. Op die eerste vergadering van die C.N.O.-Raad, meer as 'n jaar na die vertrek van ds. Van Huyssteen, het die voor-

sitter, mnr. M.G.G. Visser, gerapporteer „*dat 'n deputasie van die Gereformeerde C.V. Vereniging by hom was oor 'n samewerking op onderwys gebied*" (Notule, 18 Feb. 1933, art. 5). Ook is die invloed van ds. Sonneveldt in dié verband te bemerk in 'n brief wat Jan van Norden aan Visser gerig het (Van Norden, 18 Feb. 1933).

In die brief skryf hy dat hy ook „*aan Martin Venter, onze scriba, geschreven het, en hem gevraagd zich met jou in verbinding te stellen, met het doel om Zaterdag avond 4 Maart op een vast te stellen plaats en uur een bijeenkomst te houden van Ned. Geref. en Gereformeerde kerkraadsleden in byzijn van beide predikanten om tot een accoord te komen en alle bestaande haakplekjes weg te nemen. Dit is een gewichtig punt...*" (Ibid.).

Ons kom later hierop terug.

Ds. Van Huyssteen het by die Algemene Armsorgkommissie aanbeveel dat weer onderwysers na Chubut gestuur moet word (A.A.K., 13 Mei 1932).

In verband met hierdie aanbeveling skryf die Algemene Armsorgkommissie aan die C.N.O.-Raad, dat die Algemene Armsorgkommissie self nou 'n moeilike tyd deurmaak, „*want dis in ons land ook depressie en die ontvangste van die kommissie het aanmerklik gedaal in die laaste jaar. Ons beskik nie meer oor soveel fondse as vroeër nie. Die Algemene Armsorgkommissie is oortuig van die groot betekenis van die onderwys vir die Afrikaner kinders in Chubut, en die Kommissie wil ook alles in sy vermoë doen tot bevordering van die goeie saak maar dit is tog wenslik dat ons presies sal weet wat ons kan verwag van die plaaslike C.N.O.-Raad, voordat ons hier tot besluit kom om weer 'n onderwyser te stuur*" (Ibid.).

Ons wil hier vermeld dat die bydrae van die kant van die Algemene Armsorgkommissie sedert die begin van die C.N.O.-aksie, tot en met 2 Maart 1933, slegs £250 stg. bedra het. Dit was nie eers genoeg om die salarisse van die twee onderwysers vir een jaar te dek nie! Dit klink baie mooi, en skep die indruk van ruim hulp as die Algemene Armsorgkommissie skryf: „*ons is bereid om weer onderwysers te stuur*" (Ibid.), maar die mense wat die spit moet afbyt, is telkens maar weer die C.N.O.-Raad.

Die C.N.O.-Raad het nie eers op hierdie versoek van die Algemene Armsorgkommissie ingegaan nie. Die skriba van die Nederduits Gereformeerde Kerk, Chubut, M. Visser, het slegs aan die Algemene Armsorgkommissie geskryf: „*C.N.O. – hierdie saak staan oor tot na die rondgang van Ds. van Vuuren*

*deur die kolonie waarna 'n gesamentlike vergadering met C.N.O. en kerkraad sal gehou word ten einde ook hierdie belangrike saak te bespreek"* (Visser, 22 Jan. 1933).

Die C.N.O.-Raad het dan ook glad nie gedurende 1932 vergader nie!

8.2. **Ds. P.J. van Vuuren se poging.**

Vanaf 1 Januarie 1933 tot 11 Maart 1933 het ds. P.J. van Vuuren, gesant van die Algemene Armsorgkommissie, die „Kolonie" deurreis en geestelike werk onder die mense verrig (Van Vuuren, Maart 1933).

Wat was die onderwyssituasie aan die begin van 1933?

Ds. Van Vuuren berig: *„In die gemeente is daar net drie skooltjies:*

| | | | |
|---|---|---|---|
| *1.* | *Die Skooltjie in Comodoro Rivadavia, van mej. Johanna Visser* | | *14 kinders* |
| *2.* | *die Skooltjie in Pampa Pelada van Mej. Maria Weber met* | | *8 kinders* |
| *3.* | *die Skooltjie in Sierra Victoria van Br. Verwey met* | | *±9 kinders* |
| | | *Totaal:* | *31 kinders* |

(Van Vuuren, 15 Feb. 1933). Die res van die kinders is tuis deur die ouers 'n bietjie onderrig. Die skooltjie op Comodoro Rivadavia was natuurlik nog onder sorg van die C.N.O.-Raad.

Die Pampa Pelada- en Sierra Victoria-skooltjies was twee privaat wykskooltjies wat ontstaan het, nadat die twee onderwysers, De Villiers en Loubser, na Suid-Afrika teruggekeer het.

Die Brakpan-skool het natuurlik gesluit met die terugkeer van mnr. De Villiers na Suid-Afrika.

Die toestand was in werklikheid dus nie slegter as tydens die „bloeitydperk" van die C.N.O.-Raad nie. Boonop het die C.N.O.-Skoolraad nie die hoofbrekens gehad wat hy tydens die verblyf van ds. Wasserfall in Chubut gehad

het nie.

Dit is blykbaar deur ds. Van Vuuren ook opgemerk en daarom stel hy nou voor:

„*1. Elke wyk, of wyke wat met mekaar wil saamwerk moet sy eie skooltjie of skooltjies hê.*

*2. Die ouer of die ouers van die wyk of wyke moet hulle onderwyser of onderwyseres self kry en kies met behulp van 'n plaaslike verantwoordelike liggaam, as dit nodig mag wees, of met behulp van die Armsorg as die onderwysers uit Suid-Afrika moet verkry word.*

*3. Elke skooltjie se ouers kies sy eie Skoolkomitee wat die verantwoordelike Bestuursliggaam van hul skooltjie moet wees, en beide ouers van 'n kind moet stemgeregtig wees vir die verkiesing van Skoolkommissielede. Die lede wat verkies word hoef nie noodwendig ouers van kinders te wees nie. Dit kan ook maar ander persone wees wat vir die belange van die Skooltjie sal opkom en wat daartoe die bekwaamheid besit.*

*4. Die Armsorg moet versoek word om 'n Skoolfonds te stig in Suid-Afrika waarmee die Skooltjie kan ondersteun word op 'n vaste basis, soos byvoorbeeld op die basis van 'n sekere bedrag vir elke kind wat die skooltjie bywoon, sodat die ouer of die ouers van 'n skooltjie kan weet dat as hulle 10 kinders byvoorbeeld in hul skooltjie het, hulle dan op soveel kan reken as vaste ondersteuning van die Armsorg. Die Skoolraad of die Kerkraad kan die liggaam wees wat aan die Armsorgkommissie kan sertifiseer dat daar in die skoolperiode, die getal kinders was en dat aan die eise van 'n Christelike opvoeding in die skooltjie voldoen is waarvoor die Skoolfonds gestig is.*

*Die liggaam kan dan ook die liggaam wees wat die bydraes van die Armsorg sal ontvang om dit aan die Skoolbestuur dan uit te betaal.*

*5. Die onderwyskragte in die buitewyke behoef nie juis hoog gekwalifiseerde persone te wees nie, solank daarvoor gesorg word dat dit goeie persone is met vaste Christelike ideale en beginsels sodat ons kinders op die wykskole 'n behoorlike Christelike ontwikkeling kan kry om goeie lidmate van hul Kerk te wees en ook nuttige burgers van die samelewing. In* **Comodoro** *die dorp, meen ek moet die onderwyser gevorderde onderwys kan gee sodat selfs Engelse en Duitse kinders van die skool gebruik kan*

*maak as hulle dit mag verkies.*

6. *Die samewerking tussen die twee kerke moet plaaslik in elke wyk deur die ouers en belanghebbendes self gereël word, soos byvoorbeeld as die ouers van Comodoro hier 'n skool wil hê, dan moet die ouers van die kinders hier plaaslik self met mekaar hulle reëlings tref.*

7. *Die bou van 'n koshuis vóór daar 'n goeie skool is, is myns insiens, die kar voor die perde span, en dit sal op 'n mislukking uitloop. Die eerste stap moet wees 'n goeie onderwyser vir 'n goeie skool en dan moet en sal die koshuis kom.*

8. *Die Skoolgeboutjies in die wyke moet van hout en sink wees, sodat dit maklik verplaas kan word, naardat die swaartepunt van die kinders verplaas word, want van dag is die meerderheid van die kinders aan die westekant van die wyk of berg en oor 'n paar jaar is dit dan weer aan die ooste of noorde of suide kant van die wyk, en die geboutjie moet naar die swaartepunt kan verplaas word.*

9. *Die Skoolkommissie of Bestuurders van die Skooltjie moet hulle beywer om die belange van hul skooltjies te bevorder en waar hulle arm kinders van hul wyk help om die skool te besoek moet hulle self daarvoor plaaslik fondse insamel, en ook die hulp inroep van bestaande liefdadigheidsliggame om hulle ten behoewe van die arm kinders te help ondersteun. Die arm kinders is in die meerderheid en hulle moet gered word vir hul kerk en vir hul samelewing"* (Van Vuuren, 18 Feb. 1933).

Dit was die voorstelle van ds. Van Vuuren „*waarop hy meen dat die onderwysvraagstuk hier in die vervolg moet aangepak word deur beide die kerke"* (Notule, 18 Feb. 1933, art. 5).

Die voorstelle het as 'n skok vir die C.N.O.-Raad gekom.

Die aanvaarding hiervan sou 'n afwyking beteken van die tot nogtoe gevolgde onderwysbeleid.

Dit het ook die klem weer eens op samewerking laat val, terwyl die C.N.O.-Raad die mislukking van die onderwysaksie juis aan die „ander party t.w. die Gereformeerdes" toegeskryf het.

Conradie het vroeër reeds gepleit dat die „N.G. Kerk" hulle alleen moet be-

paal by die Nederduits Gereformeerde kinders en dus die samewerking (wat daar nog nooit was nie – F. de B.) verbreek. „*Persoonlik,*" so het hy reeds vantevore gesê, „*wil ek geen medepligtige wees aan so 'n onvoordelige en mislukkende kontrak van samewerking, wat in werklikheid die onbeskaamde berowing van die één vennoot deur die ander duidelik openbaar*" (C.N.O.-Raad, 18 Des. 1930).

Op die vergadering waarop ds. Van Vuuren sy voorstelle bekend gemaak het, was die mededeling dan ook juis gemaak deur die voorsitter dat „*'n deputasie van die C.V.V. by hom was oor samewerking op onderwysgebied*" (Notule, 18 Feb. 1933, art. 5).

In elk geval, die C.N.O.-Raad was gekonfronteer met die voorstelle van ds. Van Vuuren. „*Daar was 'n baie lang diskussie en oor en weer uitdrukkings van gevoelens,*" lees ons in die Notule (Ibid.).

Dit was byna middernag toe die volgende besluite eenparig geneem is:

„*B. Dat van die konsept voorstelle afskrifte sal gemaak word, één waarvan sal oorhandig word aan die Deputasie van die Gereformeerde C.V.V., en ook een aan elke Skoolraadslid. Dat aan gemelde Deputasie verduidelik sal word dat die voorstelle die basis sal vorm vir die onderwysbeleid wat ons van plan is om te volg in die toekoms*" (Ibid.).

'n Mens sou verwag dat hulle die deputasie na die volgende vergadering waar die voorstelle bespreek sou word, sou uitnooi.

Hoe jammer tog, want in die voorstelle het daar die moontlikheid verskuil gelê om aan al die kinders in die „Kolonie" onderwys te gee. Daarby was dit voorstelle wat met die suksesse op dié gebied in die verlede, rekening gehou het, en dit was waarskynlik die enigste voorstelle wat daarin sou slaag om 'n onderwysbeleid prakties te implimenteer. Maar weer verneem ons die ondertoon van die beleid van ds. Hurter in 1927: „soos ek dit voorstel, moet dit gebeur." Hierdie keer het dit wel nie van die predikant se kant gekom nie, maar van die toe nog bestaande C.N.O.-Raad.

Bogenoemde voorstelle is toe met geringe wysigings op 'n C.N.O.-Raadsvergadering van 2 Maart 1933 aanvaar.

Omdat daar op sommige punte belangrike byvoegings gekom het, stip ons volledigheidshalwe ook hierdie wysigings aan. In punt 4 is die tweede sin

geamendeer, sodat dit sou lees: *„Die Skoolraad of 'n daartoe spesiale benoemde Kommissie of Kerkraad ens."*

Verder het die vergadering in verband met hierdie punt soos volg besluit: *„Die vergadering is van gevoelens dat elke Wykskommissie of Bestuur van 'n Skooltjie wat ondersteuning wil hê van die Algemene Armsorgkommissie skriftelik sal aansoek doen en die applikasie moet deur die ouderling van daardie wyk in geskrift gekonformeer word. Die Leraar van die Gemeente of in sy afwesigheid, die Scriba, sal dan die gemelde applikasie sertifiseer en juis."*

Daar is verder besluit:

*„A. Die vergadering is van gevoelens dat in verband met punt of seksie 4 die 2de deel, dat die Kerkraad die Liggaam sal wees wat sal handel as skakel tussen die Algemene Armsorgkommissie en die Skoolkommissie hier.*

*B. Sodra daar 'n antwoord is van die Algemene Armsorgkommissie in verband met die nuwe onderwysbeleid en die omstandighede dit vereis sal dit nodig wees dat die ouers van Comodoro Rivadavia 'n byeenkoms hou om hul Skoolkomissielede te kies vir die Comodoro Rivadavia Skool. Sodra sodanige Skoolkommissie-lede gekies is sal die C.N.O.-Raad homself ontbind, en die bate; boeke en argief oorhandig aan wie op daardie dag sal besluit word"* (Notule, 2 Maart 1933).

By die voorstelle van ds. Van Vuuren het die vergadering in punt 10 gevoeg: *„Dat daar in elke wyk waar daar nog nie behoorlike voorsiening gemaak is vir Christelike nasionale Skoolopvoeding nie, 'n klein kommissie moet gekies word deur die wyk om te ywer vir die oprigting van sodanige skool"* (Ibid.).

Op die vergadering is nie 'n woord gerep oor die samewerking wat deur die C.V.V. aangebied is nie.

Uit die vorige notule was dit duidelik dat lid Conradie kriewelrig was oor die aangeleentheid. In die argiewe is daar wel 'n uitgewerkte stuk uit die pen van Conradie waarin die vraag gestel word: *„Hoe kan die Neder. Geref. Gemeente hier weer 'n poging van samewerking begin met die hoop van 'n eerlike en billike vennootskap gegrond op 'n 50–50 basis?"* (Conradie, ongedateer).

Wel het die voorsitter van die C.N.O.-Raad 'n afskrif van die voorstelle van ds. Van Vuuren op 21 Feb. 1933 aan die president van die C.V.V. gestuur

met die versoek:

*„Graag sal ons van u wil hoor voor die 2de Maart wanneer ons weer sal vergader om genoemde planne te weisig of aan te neem; dus eenige planne wat u kan aan die hand gee sal dan oorweeg word. Hopende dat ons tot 'n verstandhouding sal kan kom..."* (Visser, 21 Feb. 1933).

Of die C.V.V. die stukke wel ontvang het en of daar wel wysigings voorgestel is, weet ons nie.

Uit die amenderings van die voorstelle van ds. Van Vuuren deur die C.N.O.-Raad is dit baie duidelik dat die C.N.O.-Raad sy vorige standpunt gehandhaaf het: om alleen na die belange van die Nederduits Gereformeerde kinders om te sien.

Ons verwys hier na punt 4 van die voorstelle waarop die Skoolraad geamendeer het: *„dat elke wykskommissie ...* **wat ondersteuning wil hê van die** *A.A.K., moet aansoek doen by die* **ouderling van die wyk, ... die Leraar van die gemeente** *of in sy afwesigheid die* **skriba**, *sal die gemelde aplikasie sertifiseer as juis."*

En verder: „**die Kerkraad** *sal die liggaam wees wat sal handel as skakel tussen die Algemene Armsorgkommissie en die Skoolkommissie hier"* (Kursivering deur my – F. de B.).

Dit is baie duidelik dat die Gereformeerdes in die nuwe onderwysaksie weer eens uitgesluit was.

Hoe goed die nuwe idees ook al was, hierdeur was die kiem van mislukking reeds weer gelê. Aan ds. Van Vuuren is 'n netjiese oorgeskryfde kopie van die voorstelle oorhandig *„met die beleefde versoek, die hele saak aan die A.A.K. voor te lê en te verduidelik, en sy vriendelike hulp ons te verleen deur sy invloed te laat geld vir die uitvoering van die voorgestelde beleid op onderwysgebied hier, en die ondersteuning daarvan finansieël deur die A.A.K."* (Notule, 2 Maart 1933, art. 3).

Finansieel was die kas van die C.N.O.-Raad op die stadium leeg. Aan onderwysersalarisse was hulle $700 verskuldig, waarvan $458 aan mnr. De Villiers (Ibid.).

Vir die nuwe aksie sou hulle dus weer sterk teen die Algemene Armsorgkom-

missie moes aanleun.

By sy terugkeer in Kaapstad het die Uitvoerende Komitee van die Algemene Armsorgkommissie 'n onderhoud met ds. Van Vuuren gehad. By dié vergadering is aan die hand gegee „*dat die O.V.S. kerk gevra sal word om die onderwysbelange van die Afrikaners in Chubut te behartig, terwyl die Kaapse Kerk sy aandag sal gee aan die gemeentelike kant van die saak. Waarskynlik sal die wenk aanvaar word dat in die toekoms die Algemene Armsorgkommissie, met hulp van die O.V.S. op 'n basis van kapita toelae vir elke kind wat in skool gebring word, ondersteuning sal gee*" (Luckhoff, 20 Mei 1933).

Die onderwysplan van ds. Van Vuuren is hiermee op die langebaan geplaas. Van sy onderwysbeleid het daar inderdaad niks gekom nie. Na sy vertrek het die skoolraad net weer op 13 Mei 1933 byeengekom om die bedanking van mej. Visser as onderwyseres van die dorpskool af te handel.

Meer as 'n jaar en vier maande later sou hulle weer bymekaar kom, nou onder leiding van die jong ds. H.J. Piek wat 'n beroep na die Nederduits Gereformeerde Gemeente Chubut aangeneem het (Luckhoff, 20 Okt. 1933).


In Oktober 1934 skryf die sekretaris van die C.N.O.-Raad dan ook aan ds. Van Vuuren: „*Dit het, egter, dusver geblyk of daar nie iets van gemelde skooltjies gaan kom nie, en daarom het die Raad gevoel dat hy iets moes doen om onderwys te verskaf aan die Afrikanerkind die vandag rondloop sonder skool en opleiding en toetaal verwaarloos gaan* " (C.N.O.-Raad, 23 Okt.1934).

**8.3. 'n Nuwe wending.**

Intussen het daar, pas na die vertrek van ds. Van Vuuren, 'n nuwe wending op onderwysgebied in Chubut gekom, wat dan ook deels daarvoor verantwoordelik was dat daar van sy voorstelle niks tereg gekom het nie.

Die hoofinspekteur van skole vir die „Territoria Chubut" het 'n besoek aan Comodoro Rivadavia gebring en 'n onderhoud gehad met mnre. M.G.G. Visser en F.D. Conradie. Hy het die twee here gevra om 'n volledige rapport oor die „Afrikaners" se onderwysprobleme op te stel, wat hy dan aan die Onderwysdepartement wil voorlê (Conradie, 12 Julie 1933).

Hy het van hulle verlang „*(1) 'n Skets aantonende die wonings, of verspreiding van die Afrikaners oor die uitgestrekte kolonie. (2) Die getal kinders*




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Radius:- | C. Riv | tot | 4 = | 156.3 Kmh | = | 93.6 myl. |
| d.w.s. | C. Riv | " | 0 . | 38 | . . | 12.8 . |
| | 0 | " | 1 . | 55 | . . | 33 . |
| | 1 | " | 2 . | 22.1 | . . | 13.4 . |
| | 2 | " | 3 - | 25.4 | " - | 15.3 . |
| | 3 | " | 4 - | 15.2 | " - | 9.1 |
| | | | | 156.3 Kmh | = | 93.6 myl. |

Met die pad : 240 Kmh - 150 myl.

Oppervlakte

Die dubbelsirkel bevat die Olie- en C Riv. Area of 'Zona'
- Segment ABCD- [illegible] met die punt 'Stegmann' [illegible]
- Segment [illegible] in die Sierra (berge) [illegible]

Die Polies Kantoor Salamanca [illegible]
[illegible]

*van skoolgaande jare dit wil sê 6 tot 14. (3) Die beste of mees gerieflike centra om hostele te bou en te open"* (Ibid.).

Nuwe hoop en verwagtinge het onmiddellik opgevlam.

'n Paar dae na sy vertrek het mnr. Visser 'n telegram van mnr. Roberts ontvang waarin hy reeds sekere gegewens gevra het (Visser, 15 Julie 1933).

Omdat Visser nog nie al die gegewens bekikbaar gehad het nie, het hy aan hom 'n afskrif van die „Memorandum" wat ds. Luckhoff destyds in 1926 aan die Britse Minister in Buenos Aires oor die onderwysprobleem oorhandig het, gestuur (Ibid.).

Hy het verder 'n skets aan hom gestuur (Kyk bladsy 290).

*„Showing the roads and general topography of the erea occupied by the South African Immigrants. You will notice that the chief mainroads from Comoro Rivadavia inland both westward and North pass near or over Stegmans's property. I have had a conversation with mr. Stegman who expressed his willingness to grant a piece of ground for educational purposes. There are approximately 277 children between the ages of 1 and 16 years, of whom most of above number could attend a school on Stegman's ground, generally known as „Brakpan" provided boarding facilities, in the form of a Hostel could be provided"* (Ibid.).

In 'n lywige verslag, opgestel in Augustus 1933, het Visser en Conradie die omstandighede van die Afrikaners in Chubut geskets (Visser en Conradie, 31 Aug. 1933). Op drie punte in die „Kolonie" het hulle die moontlikheid van skole met „Hostels" daaraan verbonde, bepleit (Ibid.) (Kyk bladsy 290).

So het hulle hul verslag afgesluit:

*„To ensure success under any scheme of this description the wishes and desires revolve around the centre of certain requirements which may be very briefly stated:*

1. *Instruction must be given in the National language (Spanish) as well as in English and Afrikaans by compelent teachers.*
2. *The Boer children must have opportunity of education along fair lines in Religious matters, in other words – Protestant religious training and their National History.*

*For these purpose there will be required a compelent teacher(s) for the Idioma Nacional, and Argentine History and traditions; and a compelent teacher(s) for Afrikaans, English and our National History as well as religious training for any South African child when the parents so desire. Should these requirements be refused or neglected the result will be „Failure!' And that will cause more friction and discontent than if the matter had been left untouched.*

*Let it be clearly understood, that any sensible South African, whether born in South Africa or here wishes to see his children receive a good education as Argentine residents and citizens but not at the expense of their National (South African) traditions and Protestant Religion"* (Ibid.).

Die gevolg was dat mnr. Roberts weer na Comodoro Rivadavia gekom het en dat hy en mnr. Visser binne drie dae probeer het om soveel moontlik plekke in die „Kolonie" te besoek (Visser, 4 Nov. 1933). Hy het Visser beloof *„om alles te doen wat in sy vermoë is om ons te help in die vorm van 'n „Kos-skool" net soos ons in Suid-Afrika het, en het ons gevra om aan die departement van onderwys te skrywe in Suid-Afrika om die hele stelsel wat daar gevolg word aan ons te stuur om te sien of hulle dit nie hier ook kan aanpas nie"* (Ibid.).

Sake het nou vir die eerste keer vir die Afrikaners in Chubut baie gunstig gelyk. 'n Idealer toestand as wat deur Visser en Conradie voorgestel is, kan ook moeilik gevind word.

Intussen het Visser ook 'n brief van senator F.S. Malan ontvang waarin hy hom meegedeel het dat hy van voorneme is om Chubut te besoek.

Toe mnr. Roberts hiervan hoor, het hy Visser versoek om dadelik 'n telegram aan hom te stuur sodra senator Malan hier aanland (Ibid.).

Hy sal dan dadelik afkom met die doel om senator Malan te ontmoet, en om aan hom die hele posisie van die Afrikaners in Chubut te verduidelik, naamlik *„dat ons hier 'n kos Skool meen op te rig waarin ons geregtig sal wees om Afrikaans te leer en ook ons Godsdiens sal ophou en dan moet Mnr. Malan deur die Britse Minister in Buenos Aires en deur die Regering in Suid-Afrika ons probeer help om die saak te bevorder"* (Ibid.).

Laasgenoemde gedagte het 'n kraak in die luit verraai.

Die entoesiasme van mnr. Roberts vir die saak van die Afrikaners was grotendeels uit simpatie gebore. *„Hy is Welsman,"* skryf Conradiè, *„en praat ook van die ellende wat* hulle *deurgemaak het!"* (Conradie, 12 Julie 1933).

Enige toegeneentheid van die Argentynse owerheid ten opsigte van die Afrikaners en hulle onderwysbehoeftes, het op hierdie stadium nog geheel en al ontbreek. Die rede waarom mnr. Roberts in die eerste plek 'n besoek aan Chubut gebring het, was nie as gevolg van 'n skielike simpatie van die kant van die Regering vir die Afrikaners en hulle behoeftes nie, maar geheel en al as gevolg van ander redes.

*„Die grond oorsaak,"* skryf Conradie, *„is te vinde in 'n Konsulêre Nota, deur die Argentynse Konsul in die Kaap aan hierdie regering, gebore uit sekere C.A. Wilmers van Johannesburg die hier was in 1926 en weer in 1931. Hy het 'n stinkende aanval op die Afrikaners hier gemaak in 'n Johannesburgse Engelse nuusblad. Met daardie uitknipsels is hy naar Linares, die Argentynse Konsul, en toe was die vet in die vuur ... ek het die artikel in my besit. Wel die tema van die ellendeling is: ,The Dutch Church in South Africa want to repatriate the Boers, it does not know what reason to give to the Government, the Boers are quite happy and prosperous, and therefore, because it (the church) has no reasons it launched a campaign against the Argentine Government.'*

*„Mnr. Roberts had slegs die deel van die ,Konsulêre Minute' wat handel oor 'n deel van die inhoud nl. ,La Escuela', Die Onderwys. Op die buiteblad van Expediente of Minute word aangegee – ,Kampanje wat die morele en materiële krediet van die Regering (dis die Argentynse) prejudiseer' "* (Ibid.).

Dit was die rede waarom Roberts in die eerste plek Chubut besoek het. Ons kan reeds raai wat van die poging sou word!

Dat Roberts in die eerste plek nie gestuur was om ondersoek in te stel na die onderwysbehoeftes van die Afrikaners in Chubut, en om daarin te voorsien nie, blyk ook uit die vraag van Roberts: *„hoe ons voornemens is om die skool finansieël te steun in geval die Regering geneë is om ons te help..."* (Visser, 4 Nov. 1933).

Visser se antwoord was dat *„by wyse van Basaars en kollektes in die Kolonie ons geld sal kan insamel vir onderwys. En wat ons eie taal en Godsdiens betref, ons hoop om ook ondersteuning te kry van Suid-Afrika"* (Visser, 4 Nov. 1933).

Die besoek van inspekteur Roberts is dus deur Visser en Conradie benut om hulle versoek deur hom onder die aandag van die regering te bring. Visser skryf dan ook aan ds. Luckhoff: *„My plan is om die Skool in die Brakpan op die grond van Mnr. Stegman op te rig, hy is gewillig om 10 hectare vir die doel af te'gee, gratis aan die Regering"* (Ibid.).

Tussen Visser en Conradie het daar egter wrywing oor hierdie aksie en onderhandelings ontstaan. Die hele poging was eintlik 'n individuele poging van M. Visser.

Conradie skryf dan ook: *„Mr. Visser has thus far not consulted the Schoolboard, and has apparently carried on these negotiations in his personal capacity, without consulting any one ... it seems to me a most irregular and improper procedure! ... It must be remembered that Mr. Visser had no instructions or charge from the C.N.O.-Schoolboard"* (Conradie, 25 Des. 1933).

Toe ds. Van Vuuren van hierdie aksie verneem, was sy reaksie: *„Ek hoop hulle sal nou die regering daartoe kry om iets vir hulle te doen ... die skool moet grootliks deur regeringshulp moontlik gemaak word en dan kan ons help om die belange van die godsdiens en die taal daar te bevorder"* (Van Vuuren, 8 Des. 1933).

Van hierdie versoeke is nooit iets verneem nie.

## 8.4. Ds. H.J. Piek se poging.

Intussen het die jong ds. Piek in Chubut aangekom. Soos vermoed, sou die onderwys van die kinders in die kolonie ook by hom bo aan die lys staan van die sake waaraan hy aandag sou gee.

Kort na sy aankoms in Desember 1933 skryf hy aan ds. Luckhoff, dat daar met die oog op die besoek van senator F.S. Malan, oral in die wyke vergaderings bestel is; dat groot verwagtings van sy besoeke gekoester word; dat die algemene mening is dat hy met die skole iets sal regkry en dan vervolg hy: *„Soos sake nou hier staan, is hier feitlik geen skole nie. Ons het Ds. van Vuuren se ‚Kommissie Skema' om in werking te stel, maar dit lyk vir my hier is 'n ander ding aan die broei. Hulle wil nou 'n Hostel hê, soos u destyds voor die regering gelê het. Dit is 'n skema wat my persoonlik baie meer aangryp as die klein skooltjies van ds. van Vuuren. Nou wag ek net vir die Senator se opinie alvorens ek met iets definitief begin"* (Piek, 18 Des. 1933).

Na 'n onderhoud met senator Malan en inspekteur Roberts, het hy hom vereenselwig met die „Hostelskema" (Notule C.N.O.-Raad, 28 Sept. 1934).

Van die „Hostelskema" het hy gesê dat hy oortuig is *„dat dit die enigste doeltreffende middel is om die skoolkwessie op te los"* (Ibid.).

Hy het die C.N.O.-Raad meegedeel dat hy nog nie die bestaande C.N.O.-Raad byeen wou roep nie, maar dat hy hom in samewerking met mnr. M.G.G. Visser vir die „Hostelskema" beywer het (Ibid.).

Hy is saam met mnr. Visser na Trelew waar hulle met die verantwoordelike outoriteite 'n onderhoud gevoer het (Ibid.).

By hulle terugkoms het hulle 'n petisie opgestel en dit deur die ouers laat onderteken en na die betrokke outoriteite deurgestuur (Ibid.).

Een en sestig ouers het die petisie geteken (Piek, 5 Maart 1934).

In die petisie het hulle gevra:
*„(1) To erect on the most suitable spot in the Boer Colony a* **HOSTEL BUILDING**, *capable of holding about 50 children between the ages 8 and 14.*
*(2) To give due assistance in the form of* grants *per kapita for the maintenance of such Hostel.*
*(3) To provide a* **Public School** *in connection with such a Hostel, where the medium of instruction will be Spanish in accordance with the requirements of the Argentine Education Department"* (Petition, Maart 1934).

As die geskikste plek vir so 'n hostel en skool is die plaas van A. Stegman aangedui (Ibid.).

Ook is die wyse waarop hulle gemeen het dat so 'n hostel en skool geadministreer moet word, in die petisie uiteengesit (Ibid., Anexture B).

Dit is baie opmerklik dat daar nêrens in die petisie melding gemaak word van verlangde C.N.O. onderrig nie! Wat hulle verlang het, was slegs 'n *„Public School in connection with such a hostel where the medium of instruction will be Spanish in accordance with the requirements of the Argentine Education Department"* (Ibid.).

Van hierdie handelswyse het hy aan ds. Luckhoff 'n rapport gestuur wat op sý beurt nie baie entoesiasties daaroor was nie. Hy skryf: *„Die skema van 'n kosskool waaroor u skryf sal seker die mees praktiese oplossing wees, maar sonder toelae van die Regering sal dit ook nie kan uitgevoer word nie. En of die Staat nou ooit sover sal kom om so 'n skema aan te pak!*

*„Ek twyfel sterk, want as hy dit nog nie vir sy eie land se kinders doen nie, hoe sal hy dit dan vir immigrante se kinders doen? ... As hierdie koshuis-plan nie deurgaan nie sal moet gesoek word na die 2de beste plan en dit sal dan met krag moet aangepak word"* (Luckhoff, 18 Julie 1934).

Die „Koshuisplan" het toe nie deurgegaan nie.

Aan die C.N.O.-Raad wat ds. Piek uiteindelik byeengeroep het op 28 September 1934, rapporteer hy in verband met „die koshuisplan en petissie": *„Daar het geen antwoord van enige aard teruggekom nie"* (Notule C.N.O.-Raad, 28 Sept. 1934).

Hoe nou verder?

Ds. Luckhoff het geskryf dat as dit nie slaag nie, daar gesoek moet word na die tweede beste plan, en dit sal dan met krag aangepak moet word. Met watter plan sou ds. Piek nou na vore kom? Hy was van mening dat daar nou om hulp by die Suid-Afrikaanse regering aangeklop moet word *„vir die oprigting en onderhouding van 'n Argentyns-Afrikaanse Kosskool"* (Ibid.).

Ds. Piek was ook van mening dat *„die C.N.O.-Raad nog in werking bly veral met die doel om bogenoemde voorstel tot uitvoering te bring"* (Ibid.).

Hierop is daar drie voorstelle ingedien en aanvaar:

A *„Die C.N.O.-Raad keur die onderhandelinge van ds. Piek en lid Visser met die Hoofinspekteur ... goed en beveel aan dat in die rigting sal gewerk word in die toekoms."*

B *„(1) Dat die Voorsitter ... 'n konsepbrief skrywe aan die Unie Regering waarin alles noukeuriglik uiteengesit word en aansoek doen vir finansiële ondersteuning in verband met die oprigting van 'n Spaans-Afrikaanse Kosskool. Dat die Sekretaris die nodige nette afskrifte sal maak vir ondertekening van die lede, en dat gemelde brief dan versend word aan die Minister van Onderwys in Suid-Afrika met die*

*versoek om dit desnoods voor die kabinet te lê.*

*(2) Verder dat afskrifte sal gestuur word aan Ds. Luckhoff, en van Vuuren met 'n versoek vir hul ondersteuning by die Regering.*

*(3) Voorts afskrifte van gemelde brief te stuur aan ,De Kerkbode' en ook Senator F.S. Malan."*

C *„Die C.N.O.-Raad in aanmerking nemende die besluit geneem deur die respektiewe vergadering op die 18de Februarie en die 2de Maart 1933, aanvaar die skema van die Wykskooltjies vir die platteland; maar die Raad besluit om nog 'n ernstige poging te maak vir die oprigting van 'n Spaans-Afrikaanse Kosskool in Comodoro Rivadavia of in die nabyheid naar vereiste van omstandighede"* (Ibid.).

Ons bemerk dus dat die gedagte van die wykskooltjies nog nie heeltemal van die baan af was nie. Die nuwe onderhandelings met die Unieregering oor 'n „Spaans-Afrikaanse Kosskool" kon nog lank duur en intussen moet daar iets gedoen word.

Ons bemerk in laasgenoemde voorstelle wat aanvaar is ook 'n klemverskuiwing ten opsigte van die plek waar die „Kosskool" opgerig moet word. Comodoro Rivadavia het as sentrum nou na vore gekom!

Dit was 'n wyse gedagte. Hierdie vergadering van die C.N.O.-Raad was egter die laaste vergadering van die Raad. Die Raad het nooit weer hierna vergader nie. 'n Besluit wat egter moeilik begryp kan word, is dat die Raad in die aangesig van die nuwe ontwikkeling besluit het, om die bestaande voorraad skoolboeke asook die skoolmeubels te verkoop (Ibid.).

In verband met die balans van $118,45 in die Hulpbehoewende Ouerfonds het die Raad besluit dat hierdie bedrag vir algemene doeleindes gebruik kan word, byvoorbeeld agterstallige onderwysersalaris (Ibid.).

Aan die besluit om 'n versoekskrif op te stel en aan die Minister van Onderwys te stuur, is wel uitvoering gegee.

In hartroerende taal is die nood van die Afrikaners in Chubut op onderwysgebied geskets.

Die Unieregering is gewys op die pogings deur die Afrikaners in Chubut self aangewend om in hulle behoeftes te voorsien, maar *„die omstandighede het dit meegebring dat die C.N.O.-Raad magteloos alle pogings moes staak ... die*

*fondse het eenvoudig ontbreek!"* (C.N.O.-Raad, 15 Okt. 1934).

Die Minister is versoek om by die bespreking van die saak die poging van die C.N.O.-Raad te beskou *„as die laaste noodkreet wat van 'n sinkende Afrikanergroep in die vreemde aan haar volk gestuur word. Bied hy die reddende hand, dan bring ons dubbele hulde en eer aan ons volk, doen hy die ore dig dan gaan ons ,nolens volens' die afgronde in wat nou reeds vir die laaste aantal jare ons wreed en aaklig toegaap!"* (Ibid.).

Daarom het hulle met hulle versoek gekom: **„HELP ONS!"** (Ibid.).

*„Daar is twee maniere,"* het hulle gesê, *„waarop hierdie hulpbetoon kan geskied:*
*(1) Ons help om te repatrieer na die Vaderland.*
*(2) Ons hier help om opvoeding aan ons kinders te verskaf"* (Ibid.).

*„Wat die eerste punt betref,"* het hulle geskryf, *„was die versoek 'n paar jaar gelede voor die Regering gelê, wat destyds nie die weg oopgesien het om daaraan gehoor te gee nie, met die gevolg dat ons nie die moed het om dit nou weer te herhaal nie!*

*„Ons lê dus die tweede versoek voor u wat inhou:*
*,Help ons om 'n Argentyns-Afrikaanse Kosskool in of in die nabyheid van Comodoro Rivadavia op te rig, waar Afrikaner kinders teen 'n geringe losies-onkoste (indien arm) onderwys kan geniet"* (Ibid.).

Die vorm van die gevraagde hulp kom hierop neer:

*„1. 'n Toelaag vir die bou en meubilering van 'n Koshuis wat ruimte sal bied vir 75 kinders.*
*2. 'n Jaarlikse subsidie per kind wat die skool bywoon.*
*3. Die gedeeltelike salaris van die Huisvader wat tegelyk ook die Afrikaanse onderwyser sal wees om aan die kinders hul moedertaal en Vaderlands geskiedenis te leer.*
*Die skool en die Spaanse onderwyser hoop ons om van die Argentynse Regering te kry. Ons verseker u dat ons van ons kant af soveel sal bydra as wat ons moontlik kan.*

*„Weer herhaal ons:* **HELP ONS!**

*„Help ons om wat ons verloor het weer terug te win, en wat ons na strewe te*

*bereik, nl. dat ons kinders Afrikaans-Argentynse burgers sal wees waarop nie alleen ons aangenome maagskap trots sal wees nie, maar wie juiste en eervolle advertensies en verteenwoordigers sal wees van die land en volk wat ons lief het ... ons Suid-Afrika!"* (Ibid.).

Hulle het verder in hulle versoekskrif gemeld, dat ander lande hulle kolonies daar met die onderwyskwessie help. En dan sluit hulle hul versoekskrif af:

*„Besit die Afrikanervolk minder nasie-liefde?*
*Is hulle minder daarop gesteld dat haar koloniste hul nasionaliteit sal behou?*
*Dink hulle minder van opvoeding?*

*„Omdat ons ons volk en ons land ken weet ons dat dit nie die geval is nie, en daarom het ons die vrymoedigheid om hierdie versoek aan u te rig"* (Ibid.).

Met spanning is daar op 'n antwoord gewag!

Op 18 Januarie 1935 het die sekretaris van Buitelandse Sake kort en saaklik aan die sekretaris van die C.N.O.-Raad die besluit van die regering bekend gemaak: *„Die saak is grondig en welwillend oorweeg maar, tot hul spyt sien die Regering geen kans om gevolg aan die versoek te gee nie"* (Sekretaris van Buitelandse Sake, 18 Jan. 1935).

Die antwoord was, soos te begryp, 'n groot teleurstelling!

Want soos ds. Piek geskryf het: *„Die* **Skoolkwessie** *rus soos lood op my gemoed. Die Argentynse Owerheid het in gebreke gebly om te handel op ons billike versoek – en ek had so 'n goeie hoop!*

*„Ds. van Vuuren se skema is probeer naamlik wyksskooltjies met plaaslike talent vir onderwysers. In een wyk is daar 'n begin gemaak en die is al weer besig om dood te loop. Plaasskooltjies het ons aangemoedig; daarvan is hier nou drie. Ag, Broeder! alle pogings loop hulle te pletter op die rotse – losies, losies! Dit is hieraan dat die hostelskema die enigste doeltreffendste kan wees, en hierom dat ons weer 'n poging aangewend het – nou na die Afrikaanse regering – om te sien of ons nie nog ons doel kan verwesenlik nie. 'n Ander weg sien ek nie raak nie..."* (Piek, 2 Jan. 1935).

Sy enigste hoop was op die Unieregering gerig, en nou het alles in duie gestort. Ds. Luckhoff het egter nie moed verloor nie. Hy skryf aan ds. Piek:

*„Ons sal maar skouer aan die wiel sit en die onderwyswa self oor die bult stoot maar dit sal opoffering en samewerking beteken nie alleen van ons kant, maar ook van die kant van die betrokke ouers in Argentinië"* (Luckhoff, 11 Maart. 1935).

Ds. Piek sou nie meer veel kon verrig nie, want hy het reeds bekend gemaak dat hy van plan was om in Mei 1935 na Suid-Afrika terug te keer (Piek, 2 Jan. 1935).

In sy rapport aan die Algemene Armsorgkommissie op 27 Augustus 1935 verneem ons die sombere woorde in verband met die onderwys: *„Hoewel verskeie pogings gedoen is vir onderwys-fasiliteite, en in die laaste jare veral geagiteer is vir 'n Kosskool, loop 200 kinders van skoolgaande ouderdom, sonder skool. In hierdie gebrek lê die dreigende gevaar dat die Afrikaners in Argentinië nie net swak verteenwoordigers van die Afrikanerdom sal word nie, maar ook die Ikabot is van alles wat hul dierbaar is – hul taal, nasionaliteit, godsdiens, Afrikanertrots en Afrikanerselfrespek"* (Piek, 27 Aug. 1935).

Die toekoms was inderaad duister. Visser skryf ná die vertrek van ds. Piek dat gedurende ds. Piek se tyd *„daar niks oor die onderwys besluit is nie en onder huidige omstandighede is daar ook geen vooruitsigte nie, dus ook nie nodig om nou besluite te neem nie. Ons sal maar moet wag en sien wat die tyd ons leer"* (Visser, 20 Mei 1935).

Hier het die pogings van die Nederduits Gereformeerde kerk dan ook geëindig om die onderwysvraagstuk in Chubut op te los.

In Mei 1936 skryf Visser: *„Wat betref opvoeding sal ook seker maar beter wees om te wag en sien wat van die Repatriasie word..."*

Die wa kon die bult nie oorkom nie en het heeltemal tot stilstand gekom.

## 9. SAMEVATTENDE KONKLUSIES.

Dat die onderwyssituasie vir die Nederduits Gereformeerde Kerk van die staanspoor af 'n saak van die allergrootste belang was, kan nie ontken word nie.

Die feit dat die Nederduits Gereformeerde kerk geen samewerking met die Gereformeerdes op dié gebied gesoek het nie, en begeerde samewerking van die kant van die Gereformeerdes geïgnoreer het, het daartoe bygedra dat die

onderwyswa in Chubut nie die bult kon uitkom nie. Hierdie kerkistiese ingesteldheid van die Nederduits Gereformeerde kerk op onderwysgebied, het die kloof tussen die twee kerklike institute nie vernou nie, maar inteendeel verbreed. Met die oog op kerklike eenheid, was die benadering in elk geval nie stimulerend nie.